Profetiese program in die

Sewe Feeste van Israel

Johan Malan



Inhoud

Voorwoord
1. Skadubeeld en werklikheid
2. Die vertolking van Bybelse profesieë
3. Vasgestelde tye van die feeste
4. Die Paasfees
5. Fees van die Ongesuurde Brood
6. Fees van die Eerstelinge
7. Pinkster (Fees van die Weke)
8. Die lang onderbreking: insameling van die oes
9. Fees van die Basuine
10. Die Groot Versoendag
11. Die Loofhuttefees
12. Finale oorwinning van die Lam
Verwysings
Oor die outeur

Aanbeveling

Dit is met kenmerkende deeglikheid en suiwerheid van begrip dat Johan Malan hierdie boek oor die feeste van Israel geskryf het. Hy bied ’n baie gebalanseerde beskouing aan oor die onderwerp en ruim verskeie misverstande uit die weg oor hoe, waarom en of hierdie feeste in ons tyd gevier moet word. Terselfdertyd stel hy sonder skroom sekere van die ekstremistiese en verkeerde sienings wat oor hierdie onderwerp gehuldig word reg.

Hoe verder ek in die boek gelees het, hoe duideliker het dit vir my geword dat my vriend deur die Heilige Gees gelei word in sy siening oor die profetiese betekenis van die feeste. Hy verbind die feeste van Israel op ’n wonderlike en Bybelse manier met die eerste en tweede koms van die Messias. In hierdie tyd van verwarring en misleiding is dit besielend om ’n boek teë te kom wat nie alleen teologies suiwer is nie, maar ook baie leesbaar en insiggewend is. Die groot saak van die Verlosser wat uit die hemel gekom het om sy liefde aan ons te bewys en Homself vir ons oor te gee, is deurgaans die belangrikste onderwerp van bespreking.

Ek kan met vrymoedigheid sê dat hierdie boek ’n waardevolle bydrae sal lewer tot eindtydse literatuur. Dit sal jou en my help om die tyd waarin ons leef beter te verstaan en ons met heilige afwagting vervul vir die dinge wat nog moet gebeur. Die boek moes lankal verskyn het, en ek beveel dit baie sterk aan by Jode sowel as nie-Jode vir wie dit ’n saak van erns is om in die volle raad van God te wandel.

John Haupt
Margate
Christelike skrywer en toerleier na Israel

1. Skadubeeld en Werklikheid

Die feeste van die Here in Levítikus 23 is van die boeiendste en mees insiggewende gedeeltes in die Ou Testament, omdat hulle ’n profetiese program bevat oor die toekomstige openbaring van die Messias in Nuwe-Testamentiese tye. Die verskillende rituele en aktiwiteite is ’n bloudruk van God se plan om die hele mensdom te red. Die inhoud van die feeste is onderrigtend omdat hulle aan gelowiges kosbare inligting verskaf oor wat die Messias tydens sy eerste en tweede koms sou doen. Hulle is ook toewydend omdat hulle aan Israel toon, asook aan alle toekomstige gelowiges, hoe die Messias gevolg, aanbid en gedien moet word. In tipologiese vorm verskaf hulle ’n vroeë leerstellige basis vir die verlossingswerk van die Messias, asook vir die uiteindelike openbaring van sy koninkryk nadat die geestelike oes vir sy koninkryk onder alle nasies ingesamel is.

In sy gesaghebbende en wyd gelese boek oor die feeste sê Edward Chumney (1994:1) die volgende: “Die feeste van die Here wat in Levítikus 23 bespreek word, is deur God aan ons gegee sodat sy volk die koms van die Messias kon verstaan, asook die rol wat die Messias sou speel om die mensdom en die aarde vir Hom los te koop na die sondeval van die mens in die Tuin van Eden. Hoewel meeste van die nie-Joodse Bybellesers al van die feeste gehoor het, word die dieper betekenis en belangrikheid van die feeste wêreldwyd nie verstaan nie. Die apostel Paulus het aan die nie-Joodse gelowiges in Kolosse geskryf dat die feeste van die Here, die nuwemaan en Sabbatte, ’n “skaduwee is van die toekomstige dinge” om ons meer van die Messias te leer (Kol. 2:16-17). Jeshua (die Hebreeuse naam vir Jesus, wat *Verlossing* beteken) was die substansie of finale vervulling van die groter plan wat God deur hierdie sewe belangrike feeste geopenbaar het.”

Die sewe feeste en hulle vervulling word in die tabel hieronder aangetoon:

Ou-Testamentiese Skaduwee	**Nuwe-Testamentiese Vervulling**
1. Paasfees	**Offer van die Lam van God**
2. Fees van Ongesuurde Brood	**Begrafnis van die Messias**
3. Fees van die Eerstelinge	**Die Messias se opstanding**
50 dae tussen eerstelinge en Pinkster (Fees van die Weke)	*50 dae tussen die opstanding van Christus en Pinkster*
4. Pinksterfees *(vier die ontvang van die wet)*	**Pinkster** *(vier die uitstorting van die Heilige Gees)*
Vier maande waartydens die oes in Israel ingesamel word	*Dispensasie van wêreldevangelisasie om ’n oes vir God se koninkryk onder alle nasies in te samel*
5. Die Fees van Basuine *Finale insameling van die oes*	**Blaas van die basuin van God** *God se oes word ingesamel*
*Die sewe verskriklike dae van toetsing en verootmoediging**	*Die sewe jaar van die verdrukking (Daniël se 70ste jaarweek)*
6. Die Groot Versoendag	**Wederkoms van die Messias**
7. Die Loofhuttefees	**Die Messias se vrederyk**

* Die sewe verskriklike dae waarna in die tabel verwys word, is deel van die tien verskriklike dae van 1 tot 10 Tisjri, waarvan die eerste twee met die Fees van die Basuine saamval en die tiende een met die Groot Versoendag. Die sewe dae tussenin verwys na die tyd van benoudheid vir Jakob (die verdrukking van sewe jaar).

Die eerste vier van hierdie feeste, naamlik die Paasfees (*Pesach*), die Fees van die Ongesuurde

Brood (*Hag Hamatzah*), die Fees van die Eerstelinge (*Bikkurim*), en die Pinksterfees (*Shavuot*), leer ons oor belangrike gebeurtenisse in verband met die eerste koms van die Messias (*Mashiach*), terwyl die laaste drie feeste, naamlik die Fees van Basuine (*Yom Teruach* of *Rosh Hashanah*), die Groot Versoendag (*Yom Kippur*), en die Loofhuttefees (*Sukkot*) verband hou met belangrike gebeure wat met die wederkoms van die Messias geassosieer word.

Die feeste leer ons die dieper dinge oor ons verhouding met God en sy Seun, die Messias, wat Homself as losprys vir ons sonde gegee het. Ons sal opgewonde raak oor die wonderlike manier waarop die feeste in Nuwe-Testamentiese tye vervul word, en nuwe waardering kry vir die foutloosheid van die Bybel as God se Woord – veral oor die vervulling van Bybelse profesieë en Ou-Testamentiese tipes van Christus.

Die skaduagtige gebruike van die feeste in hulle oorspronklike vorm, en die diep geestelike inhoud wat hulle ná die koms van die Messias verkry het, is ’n volmaakte weerspieëling van God se verlossingsplan vir ’n verlore mensdom, en gee ook ’n aanduiding van die eindbestemming van gelowiges in sy koninkryk. Die simboliese gebruike in die eerste vier feeste in die lente het ’n letterlike teëbeeld in dit wat die Messias tydens sy eerste koms vir die redding van sondaars gedoen het. Gebruike wat met die laaste drie feeste in die herfs in verband staan, lig vir ons die sluier oor die toekoms wanneer die Messias weer sal kom en in ander hoedanighede geopenbaar sal word.

Die belangrikste simboliese handeling, of skaduagtige gebruik, van die Joodse Pasga was die slag van die paaslam. Die konteks daarvan was die letterlike situasie van Israel se uitredding uit hulle slawerny in Egipte. Die teëbeeld hiervan is die offer van die Lam van God ter wille van die uitredding van mense uit hulle geestelike verlorenheid wat meegebring is deur die slawerny aan sonde. ’n Ander konteks van hierdie fees van bevryding was die viering daarvan in die lentemaand. Dit dui op die begin van ’n nuwe lewe onder God se sorg.

In die Fees van die Ongesuurde Brood word suurdeeg as ’n simbool van werklike sondes gebruik. Net die Messias se lewe was sondeloos volmaak, daarom is net Hy die vervulling van die simbool van ongesuurde brood. Hy skenk genade om sonde te kan oorkom.

Die Fees van die Eerstelinge het die oestyd in Israel ingelui. Dit was simbolies van die begin van ’n geestelike oestyd wat deur die Messias se kruisiging en opstanding uit die dood ingelui sou word.

Die Pinksterfees was ’n wydingsplegtigheid waarin brode wat van die eerste graan van die seisoen gebak is aan die Here gewy is, sodat die Here die volk kon heilig. Tydens hierdie fees word die ontvang van die wet by Sinai herdenk, maar dit was net ’n heenwysing na die uitstorting van die Heilige Gees, wat die woorde van die Here op die tafels van gelowiges se harte skryf.

In die jaarlikse siklus van sewe feeste is daar ’n gaping van vier maande tussen die lentefeeste en die oesfeeste in die herfs. By Israel was daar nog altyd ’n sterk bewussyn van die erns van die drie oesfeeste as ’n heenwysing na ’n ingryping deur God (tans én in die toekoms) om die regverdiges te beloon tydens *Rosh Hashanah* (die Fees van die Basuine), die onbekeerlike sondaars te oordeel tydens die sewe verskriklike dae wat op *Rosh Hashanah* volg, Israel te red tydens *Yom Kippur* (die Groot Versoendag) en die beloofde Messiaanse koninkryk in te stel tydens *Sukkot* (die Loofhuttefees).

In die lig van hierdie profetiese verwagtings begin daar reeds ’n maand voor die oesfeeste, op die eerste dag van die maand Elul, ’n tyd van verootmoediging en bekering in Israel. Dit duur 40 dae lank. Ná 30 dae, op 1 Tisjri, breek die Fees van die Basuine aan, wat oor twee dae strek, en dit word deur die sewe verskriklike dae van intensiewe bekering gevolg wat beëindig word met *Yom Kippur* op 10 Tisjri, wanneer die hoëpriester versoening vir al die volk se sondes gedoen het. Indien die volk hulle grondig bekeer en guns in die oë van God gevind het, kon hulle uitsien na die sewende fees, *Sukkot,* wat ’n vreugdefees ná die finale insameling van die oes is.

Die geestelike boodskap van die Loofhuttefees (*Sukkot*) word só deur John Parsons (2012:4) van *Hebrew for Christians* verduidelik: “Uit ’n geestelike oogpunt stem *Sukkot* ooreen met die

wete dat jou sonde vergewe is tydens *Yom Kippur,* terwyl jy ook terugdink aan God se wonderbaarlike voorsiening ná die verlossing uit Egipte. In ’n profetiese sin kyk *Sukkot* vooruit na die koms van Jeshua as Messias, wanneer al die volke na Jerusalem sal kom om die Here tydens hierdie fees te aanbid (Sag. 14:16). ... In die lig van wat Jeshua as ons Hoëpriester (*Kohen Gadol*) in die Nuwe Testament vir ons gedoen het, het ons nou toegang tot die hemelse tempel van God (Heb. 4:16). Ons is lede van die tempel van sy liggaam.”

Groter begrip vir die Nuwe Testament

Vyf van die sewe feeste is eendaagse feeste: Paasfees, Fees van die Eerstelinge, Pinksterfees (Fees van die Weke), Fees van die Basuine en die Groot Versoendag; die ander twee, Fees van die Ongesuurde Brood en die Loofhuttefees, is sewedagfeeste. Die eendaagse feeste het betrekking op sekere dade van God wat eenmalig gedoen is, byvoorbeeld die dood en opstanding van Christus wat net eenkeer op ’n bepaalde dag gebeur het. Sewedagfeeste het betrekking op die geseënde gevolge van die daglange feeste, en sluit breedvoerige riglyne in oor hoe mense hulle lewens in die lig van God se verlossing moet lei (Downie, 1954:53).

Kennis van die feeste sal lei tot groter waardering vir die Nuwe-Testamentiese instelling van die Nagmaal, wat op die eerste drie feeste gebaseer is. So dikwels as wat ons hierdie instelling vier (daar is geen beperking op die aantal kere wat ons dit kan doen nie) vestig ons aandag op God se verlossingswerk deur die Messias, wat reeds in die outydse feeste aan ons geopenbaar is.

Gelowiges in Christus kan geestelik baie baat vind by ’n studie van die Ou-Testamentiese feeste van die Here, deur veral aandag te gee aan die detail van die verskillende seremonies en rituele, want dit sal daartoe lei dat ons ’n dieper studie doen van die betekenis van Christus se versoening vir ons sondes aan die kruis. Wanneer die Ou-Testamentiese skadubeelde goed verstaan word, sal ons die Nuwe-Testamentiese werklikheid beter kan begryp en waardeer.

In die volgende hoofstuk sal ons eers die basiese aard van Bybelse profesieë bespreek, asook die vervulling van Bybelse tipes, omdat dit ons sal help om die tipologiese aard van die paaslam te verstaan, die seremonies wat daaraan verbonde was, asook die chronologiese vervulling van die sewe feeste in die Nuwe-Testamentiese tye.

Wanneer ons aandag gee aan die vervulling van Bybelse profesieë, sal dit ons daarvan weerhou om betrokke te raak by die voortgesette beoefening van skaduagtige gebruike wat reeds in die Messias vervul is. Wanneer sulke rituele en instellings op ’n wettiese wyse beoefen word sonder om ag te slaan op hulle profetiese betekenis as tydelik en voorlopige gebruike wat daarop ingestel was om Israel op die koms van die Messias voor te berei, is daar ’n baie groot moontlikheid dat Jesus as Messias verloën kan word. Sulke mense is geneig om die feeste en wette van die Ou Testament as hulle finale middel tot verlossing te sien.

Indien ons ten volle bewus is van die profetiese aard van die sewe feeste, sal hulle ’n wonderlike toekomsbeeld oor die Messias ontsluit. Net Hy alleen kan volle gestalte aan die beloftes en tipologiese beelde van die Ou Testament verleen. ’n Onwankelbare geloof in Christus is die grondslag vir ’n ongebroke verhouding met Hom waarin ons daagliks met Hom in verbinding bly deur ons gebede, en ook deur in die Gees te wandel. Ons word opgeroep om voortdurend te bid (Ef. 6:18), en dit beklemtoon die feit dat die feeste en heilige dae van die Ou Testament wat dikwels lank uitmekaar gevier is, vervang is deur ’n vorm van volgehoue toewyding wat nie net tot sekere heilige dae of seisoene van die jaar beperk is nie.

Die tempeldiens met al sy rites en seremonies is afgeskaf in die nuwe verbond met die Messias. Die soendood van die Verlosser bied aan alle gelowiges onbeperkte toegang tot die troon van genade (Heb. 10:19-23). Die persoonlike verhouding wat ons deur die Heilige Gees met Christus kan handhaaf na sy eenmalige offer aan die kruis, is nie afhanklik van die middelaarskap van priesters nie. Hulle het tipologiese offers gebring en ook ’n groot aantal simboliese gebare gemaak waardeur hulle God vereer het.

Die godsdienstige lewe van Nuwe-Testamentiese gelowiges het aansienlik meer inhoud weens hulle geloof in Christus. Op grond daarvan geniet ons ’n baie dieper dimensie van geestelike gemeenskap omdat ons deur Christus nader getrek word aan God. Daarom is die beoefening

van ons geestelike lewe vereenvoudig en heeltemal losgemaak van veelvuldige rituele aktiwiteite. In ons geestelike lewe kom ons net die rituele van doop en Nagmaal na, wat albei simboliese handelinge is wat na ’n besliste geestelike ervaring verwys.

Die Nuwe Testament vloei voort uit die vervulling van beloftes wat in die Ou Testament gemaak is. Aansienlike geestelike voordeel kan verkry word uit ’n studie van die ontplooiing van God se plan met die mensdom in die Ou Testament, asook die bestudering van persone, gebruike en ervarings wat tipologiese skadubeelde was van die Messias en ons geloofslewe. Ons kan byvoorbeeld beter begryp wat die implikasies daarvan is om ’n tempel van God te wees (vgl. 1 Kor. 3:16-17) indien ons ’n intensiewe studie van die Ou-Testamentiese tempeldiens doen. Die oue is ’n tipe van die nuwe, geestelike tempel en leer ons meer van wat daar van ons verwag word. Op dieselfde manier sal ’n studie van die feeste ons help om beter te kan verstaan hoedat God sy plan van verlossing aan Israel bekendgestel het, wat Hy van mense verwag om in ’n geloofsverhouding met Hom betrokke te raak, en hoedat Hy sy tydlose eis van ’n heilige lewe aan mense demonstreer.

’n Studie van die godgegewe feeste van Israel werp baie lig op die roeping en geestelike bestemming van hierdie spesiale volk. Deur die genade van God het hulle vierduisend jaar van ’n hoogs turbulente geskiedenis oorleef. Die feit dat hulle tydelik deur die Here eenkant toe geskuif is as gevolg van hulle ongeloof in die Messias, beteken glad nie dat hulle opgehou het om deel te wees van God se plan vir die mensdom, en nou vervang is deur ’n “geestelike Israel” wat nie van Joodse oorsprong is nie (die kerk). Die Bybel verkondig nie die vervangingsteologie nie.

Israel was, en is nog steeds, ’n seën vir die wêreld omdat die Woord van God aan hulle toevertrou is (Rom. 3:2), en veral ook omdat Christus, die Verlosser van die wêreld, as ’n lid van die stam van Juda in Israel gebore is (Luk. 3:23-31; Rom. 9:4-5). Die verlossing wat deur hulle geweier is omdat hulle die Messias verwerp het, is gedurende die afgelope twee millennia aan die nie-Joodse wêreld gebied. Dit beteken dat Israel in hulle gevalle toestand reeds ’n seën vir ons is. Paulus maak ook die belangrike opmerking dat indien Israel gedurende hulle geestelike blindheid al ’n seën vir ons was, hoeveel te meer sal hulle nie ’n seën wees vir die wêreld tydens hulle volheid as ’n ware Messiaanse volk nie! (Rom. 11:11-12).

In die tussentyd, in afwagting op hulle geestelike herlewing as ’n volk tydens die tweede koms van die Messias, moet ons aan Israel wys wat die werklike en blywende verskil is wat die verlossing van die Messias in ’n gelowige se lewe kan maak. Terwyl ons ’n studie maak van die Ou-Testamentiese feeste, wat God se feeste is en nie ’n uitvindsel van Israel nie, moet ons die Messiaanse simboliek van die feeste aan die verbondsvolk verduidelik.

Wanneer die boodskap van die feeste met die lewe en werke van Jesus van Nasaret vergelyk word, verkry ons sterk bewyse dat al sewe die feeste hulle finale vervulling in Hom verkry. Vier van die sewe is reeds op ’n merkwaardige en onweerlegbare wyse vervul, en ons staan op die drumpel van die vervulling van die laaste drie wanneer Christus weer kom – eers om sy bruid te kom haal en daarna om die wêreld te oordeel en die oorblyfsel van Israel en die nasies te red.

2. Die Vertolking van Bybelse Profesieë

Elke Christen is daartoe verbind om eerbied vir Bybelse profesieë te hê en hom- of haarself aan die bestudering daarvan toe te wy. Petrus sê: “En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ’n lamp wat in ’n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif ’n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek” (2 Pet. 1:19-21).

Vier baie belangrike beginsels wat ons moet eerbiedig, blyk uit hierdie gedeelte:

Eerstens het Bybelse profesieë ’n vaste boodskap oor die toekoms. Petrus sê die profetiese woord is baie vas en ons móét daarop ag gee. Dit is nie menslike spekulasie nie, maar ’n betroubare woord wat beslis in vervulling sal gaan omdat die hoogste gesagspersoon in die heelal, God self, hierdie woorde gespreek het. “God is geen man dat Hy sou lieg nie; of ’n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hý iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?” (Núm. 23:19). Sy Woord is die waarheid (Joh. 17:17), daarom is daar by Hom “geen verandering of skaduwee van omkering nie” (Jak. 1:17). Hy het die toekoms in sy hand en nie een van sy beloftes of waarskuwings sal onvervuld verbygaan nie – in Jesus Christus sal hulle almal vervul word (2 Kor. 1:20).

Tweedens is Bybelse profesieë absoluut uniek en in ’n kategorie van hulle eie. God het dit deur sy Heilige Gees aan mense bekendgemaak en in sy Woord laat opteken. Hierdie inligting moet van alle ander profesieë onderskei word. Buite-Bybelse profesieë dra nie ’n goddelike stempel van egtheid en waarheid nie omdat hulle óf menslik óf selfs okkulties van oorsprong mag wees. Profesieë van hierdie aard word nie van ’n studie van die profetiese woord in die Bybel afgelei nie, maar het hulle oorsprong in drome, visioene, waarsêery, fortuinvertellery, vreemde stemme wat met mense praat, en ook van buite-Bybelse profete en sieners soos Nostradamus en ander. Baie volke het hulle eie profete wat die gesag van die Bybel ignoreer en vir hulle profeteer oor wat hulle graag wil hoor. Soms word buite-Bybelse profesieë aan die Bybel gekoppel om meer geloofwaardigheid daaraan te verleen – dan raak dit nog meer misleidend. Bybelse profesieë het net een oorsprong: “… deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek (2 Pet. 1:21). Bybelskrywers het onder die direkte inspirasie van die Heilige Gees profesieë uitgespreek en neergeskryf. Hierdie direkte openbarings het in die jaar 95 n.C., ná die skryf van die boek Openbaring wat die laaste Bybelboek is, opgehou. Die volle raad wat God aan ons wou openbaar, is in die Bybel opgeteken (vgl. Hand. 20:27). Ons moet nét die Bybel vir inligting oor die toekoms raadpleeg.

Derdens is Bybelse profesieë nie ’n saak van eie uitlegging nie. Geen mens op aarde – al is hy ook hoe hooggeleerd – kan self, volgens eie insig, die profesieë van die Bybel uitlê nie. Hierdie profesieë is deur die Heilige Gees gegee, daarom kan net Hý jou in die hele waarheid lei en aan jou verligte oë van die verstand gee om die betekenis van sy woorde te verstaan (Joh. 16:13; Ef. 1:18). Jy móét dus weergebore wees en onder die leiding van die Heilige Gees die Woord bestudeer voordat jy die ware betekenis daarvan sal begryp. Selfs al is jy weergebore, moet jy seker maak dat jou vertolking van die profesieë nie deur die kerkvaders of teoloë van jou denominasie beïnvloed word nie. Hulle kan ook verkeerd wees, en as jy hulle sienings navolg, word jy nie noodwendig deur die Heilige Gees gelei nie. Dit is opvallend dat mense wat nie die werklike betekenis van die profetiese woord verstaan nie, daartoe oorgaan om vreemde uitleggings daarvan aan te bied. Omdat dit nie regtig vir hulle sin maak nie, besluit hulle om nie die profesieë ernstig en letterlik op te neem nie, maar om simboliese of allegoriese verklarings daarvoor te gee. In werklikheid is dit ’n aanduiding van ongeloof in die profetiese woord, want hulle wil nie glo dat daar aan die einde van hierdie bedeling ernstige verval in die Christendom én in die wêreld plaasvind; dat Israel in tye van groot benoudheid en vyandigheid in hulle eie land herstel word; dat daar ’n Antichris en ’n groot verdrukking kom; dat die ware gelowiges die verdrukking sal ontvlug, en dat die Here Jesus ná sy wederkoms ’n duisendjarige vrederyk op aarde sal vestig nie. Hulle vergeestelik eerder die Bybel om van hierdie konkrete feite af weg te kom en sodoende ruimte vir hulle eie standpunte te skep, wat as teologiese tradisies van een

geslag na die ander oorgedra word.

Vierdens, sê Petrus, moet ons die profetiese woord bestudeer totdat die môrester in ons harte opgaan. Die môrester dui volgens Openbaring 22:16 op die Here Jesus, en meer spesifiek die feit dat Hy weer kom. Die môrester verskyn in die laaste nagwaak en verkondig die boodskap dat die nag byna verby is. Vir Christene is hierdie boodskap die toekomsverwagting dat Jesus Christus weer kom en dié keer as die son van geregtigheid die hele wêreld sal verlig en sy vrederyk hier sal vestig. Nou is dit geestelik gesproke nog donker, maar weldra sal die nag van sonde en ongeregtigheid verby wees en ewige geregtigheid aanbreek. Het die môrester van hoop en die blye verwagting van die Here Jesus se koms al in jou hart opgegaan? Indien nie, dan moet jy die Bybelse profesieë oor die eindtyd en die wederkoms van Christus intensief bestudeer. Sonder hierdie kennis kan jy nie daarop aanspraak maak dat jy 'n ingeligte Christen is wat in alle opsigte in die lig wandel en jou tydsomstandighede reg verstaan nie. Met die môrester in jou hart maak jy jouself los van die huidige, goddelose wêreld en bou aan 'n koninkryk wat nou nog verborge is, maar binnekort op aarde geopenbaar sal word wanneer die Koning kom.

Tipologie

Afgesien van Bybelse profesieë is daar ook verskeie tipes in die Ou Testament wat 'n voorafskaduwing is van Nuwe-Testamentiese persone of gebeurtenisse. In sy voorwoord vir Hugh Downie se boek oor Israel se oesfeeste (1994:9-10), sê J. Boyd Nicholson dat die studie van tipologie op sekere persone, voorwerpe en gebeurtenisse toegepas kan word. In Romeine 5:14 word dit duidelik gestel dat "Adam ... 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom." Hy is dus 'n tipe van Christus. Die eerste Adam is die hoof van 'n sondige geslag mense, maar Jesus Christus (die laaste Adam) is die Hoof van 'n geslag weergebore mense: "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word" (1 Kor. 15:22). Daar is baie ander Ou-Testamentiese persone wat tipes van Christus was, byvoorbeeld Melgisédek (Heb. 6:20), Josef, Moses, Josua en Dawid.

Verder is daar verskeie Ou-Testamentiese gebeurtenisse, voorwerpe en gebruike wat ook van groot tipologiese en profetiese betekenis is. Israel se verlossing uit hulle slawerny in Egipte is ryk aan voorbeelde en tipes wat dui op die Nuwe-Testamentiese verlossing van 'n verlore mensdom uit die geestelike tirannie van Satan. Die eerste Pasga is in Egipte gevier, en die paaslam was 'n duidelike tipe van Christus: "... want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus" (1 Kor. 5:7; vgl. 1 Pet. 1:18-19). Verskeie van die ondervindings van Israel gedurende hulle uittog was ook skaduwees van God se toekomstige handelinge met mense, en om daardie rede word gelowiges onder die Nuwe Verbond terugverwys na hierdie gebeurtenisse en ondervindings vir verdere onderrig:

"Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. ... Al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde (Grieks *tupos*) en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het" (1 Kor. 10:1-4, 11).

Die tipologie is baie duidelik. Deur Moses te volg wat vir Israel uit Egipte gelei het, is hulle in Moses gedoop, en sodoende verenig met hulle geestelike leier wat die middelaar was van die Ou Verbond. Op soortgelyke wyse word ons in Christus gedoop, wat die Middelaar is van die Nuwe Verbond. Die voedsel wat Israel geëet en die water wat hulle in die woestyn gedrink het, is bonatuurlik voorsien en verwys dus na die geestelike voeding van God se volk. Vir ons is Christus die brood en water van die lewe. Die gekliefde rots verwys na Jesus Christus – Hy is die Ewige Rots wat vir ons geklief is, terwyl die stroom water wat uit die rots gevloei het, na die Heilige Gees verwys (Joh. 7:37-39).

Verskeie ander tipes is ook vir die stigting van sowel Israel as die Nuwe-Testamentiese gelowiges gegee: "Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige

lewe kan hê" (Joh. 3:14-15). Christus het ons van die vloek van die Slang verlos deur aan die kruis vir ons 'n vloek te word (Gal. 3:13). Deur in die geloof na Hom op te kyk, word ons geestelik lewend gemaak terwyl God se geregtigheid saam met die ewige lewe aan ons toegereken word.

Die tabernakel, sowel as die tempel wat veel later gebou is, was ook ryk aan simboliek en tipologiese aktiwiteite wat na die Messias verwys het, na sy offer vir sonde, sy goddelike eienskappe as die lig van die wêreld en die brood van die lewe. Die daaglikse gebede voor sy genadetroon is ook deur die tempeldiens voorafgeskadu. AB Simpson (2009:5-6) sê:

"Die tabernakel is die uitnemendste van al die Ou-Testamentiese tipes van Christus. Dit was een groot les in geestelike waarheid. In sy wonderlike meubels, in die priesterlike orde en die vorm van aanbidding en diens, sien ons so duidelik soos nêrens anders nie, die heerlikheid en genade van Jesus en die voorregte van sy verloste volk. ... In hierdie voorbeeld wat Moses op die berg gekry het (Ex. 25:8-9) verkry ons 'n baie goeie begrip van die heerlike tempel waarvan Christus die hoeksteen is en ons soos lewende stene opgebou word "tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus" (1 Pet. 2:5).

Downie (1994:15) sê: "Die tipologiese deel van die Bybel is net so belangrik soos die historiese, biografiese, profetiese, poëtiese, leerstellige en praktiese dele. Almal is nodig om 'n volledige Bybel te kan hê, en almal van hulle is noodsaaklik vir 'n goeie en breedvoerige begrip van die waarhede van God."

Wanneer ons 'n studie van Bybelse tipologie doen, moet ons twee algemene gevare vermy. Eerstens is daar die gevaar verbonde aan die verontagsaming van tipologie deur dit nie in terme van die Nuwe-Testamentiese vervulling daarvan te ondersoek nie. Tweedens is daar die gevaar van die oordrywing van 'n tipologiese vergelyking deur ongeregverdigde afleidings te maak. Daar is aspekte van die tipe wat nie op die teenbeeld toegepas kan word nie. Alle onwerklike en eiesinnige vertolkings moet vermy word en daar moet getrou by die Skrif gebly word.

Komplekse scenario's word soms gebruik as tipes van soortgelyke toekomstige situasies: "En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou. Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word" (Luk. 17:26-30).

Wanneer hierdie tipologie bestudeer word, en spesifiek ook die uiterste vorm van sonde, is dit duidelik dat daardie vroeë gemeenskappe openlik gerebelleer het teen die gesag van God en ook teen sy aandrang om moreel ordentlike lewens te lei. Daardeur het hulle die toorn van God ontlok wat oor hulle uitgestort is. In die eindtyd sal daar 'n soortgelyke situasie ontstaan. Aangesien die verdorwenheid van die tyd van Noag en Lot tipies is van die geestelike, morele en sosiale verval van die laaste dae, kan die volgende korrelasie tussen die historiese en eindtydse situasies gemaak word:

- In die tyd van Noag en Lot het anargie geheers omdat mense in daardie wettelose samelewings gedoen het net wat hulle wou. Geweld was die mees algemene manier om geskille te besleg en doelwitte te bereik (Gen. 6:13; 19:9). So sal dit weer wees.
- In die tyd van Noag en Lot was daar grootskaalse geestelike en morele verval omdat feitlik almal vrye teuels aan hulle verdorwe natuur gegee het. Die versinsels in mense se harte was altyddeur net sleg (Gen. 6:5; 19:5). Dit sal weer so wees.
- In die tyd van Noag en Lot was mense totaal materialisties en het permissiewe en losbandige lewenstyle aanvaar, waaronder ook sodomie (afgelei van Sodom). Dit sal weer so wees.
- In die tyd van Noag en Lot het die algemene publiek met die manne van God gespot en hulle glad nie aan profetiese waarskuwings oor die oordele van God gesteur nie. Hulle het dit as

belaglike en vergesogte stories afgemaak en met hulle roekelose lewenswyse van vleeslike genietinge en hebsug voortgegaan. Dit sal weer so wees.

- In die tyd van Noag en Lot het die Here die vervalle sondaars ’n billike tyd gegee om hulle van hul bose weë te bekeer. Hulle wou dit egter nie doen nie en het daardeur hulle eie lot verseël. Niemand anders behalwe hulleself kan vir hulle ondergang en ellende geblameer word nie. Dit sal weer so wees.
- In die tyd van Noag en Lot het God op ’n kritieke oomblik aan die gelowiges ontvlugting gebied deur hulle in ’n plek van veiligheid te stel voordat Hy die sondaars geoordeel het. Die volgorde is dus: profetiese waarskuwings van naderende oordele, daarna die beveiliging van die gelowiges wat op die herhaalde oproepe tot bekering gereageer het, en dan die oordele oor die sondaars. Dit sal weer so wees.
- In die tyd van Noag en Lot was daar onder die gelowiges nie plek vir vormgodsdienstige meelopers wie se harte nog aan wêreldse belange verknog was nie. Lot se vrou is ’n tipe van dié soort mense, en dit het op die laaste oomblik haar lewe gekos. Dit sal weer so wees.
- In die tyd van Noag en Lot het daar kort ná die beveiliging van die gelowiges ’n skrikwekkende toneel afgespeel toe God se genadetyd vir dié groep sondaars verbygegaan het. Dood en verwoesting is gesaai. Dit sal weer so wees.
- In die tyd van Noag en Lot het die sondaars nie besef hoeveel voorregte hulle geniet het as gevolg van die teenwoordigheid van ’n paar gelowiges in hulle midde nie. Die Here was bereid om ’n stad te spaar as daar net tien regverdiges in die stad was. Toe hierdie mense wat soos ligte te midde van ’n krom en verdraaide geslag geskyn het, skielik weggeneem is, het dit vir die goddelose wêreld waarin hulle gewoon het, nag geword. Dit sal weer so wees.
- In die tyd van Noag het die spottende wêreldlinge vir die bouers aan die ark gelag en in die verhardheid van hulle harte voortgegaan “en dit nie verstaan voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees” (Matt. 24:39).

Dit is redelik om te verwag dat te midde van al die verdorwenheid en sonde wat die gevalle mensdom kenmerk, ’n liefdevolle God ook van die begin af ’n plan van verlossing sou aanbied wat op die herstel van sondaars gerig is. Die Verlosser het egter eers in die volheid van tyd gekom, ná omtrent vierduisend jaar van menslike geskiedenis sedert Adam en Eva. Dit is die rede vir die groot aantal simboliese en tipologiese handelinge wat in die godsdiens van mense in die voor-Christelike tydperk ingestel is om hulle op die vervulling van God se verlossing deur die soendood van die Messias voor te berei. Die baie offers in die Ou Testament verwys na die eenmalige offer van die Lam van God, en is almal daarin vervul. God het op baie maniere sy aandrang op geregtigheid beklemtoon, asook sy belofte van vergifnis aan sondaars wat berou het oor hulle oortredings.

Baie van die godsdienstige rituele en seremonies wat deur Israel beoefen word, vorm deel van die sewe feeste wat in Levítikus 23 ingestel is en jaarliks gevier word. Hierdie is nie Israel se feeste nie, maar die Here se feeste wat deur Hom ingestel is om Israel op die eerste en tweede koms van die Messias voor te berei. Die Here het aan Moses gesê: “Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige samekomste – dit is my feestye” (Lev. 23:2). Die sewe feeste is almal tipes van die Messias se toekomstige genadewerk vir Israel en ook vir al die ander nasies van die wêreld, en daarom bevat dit ’n baie duidelike profetiese program van toekomstige gebeure.

Die sewe feeste is aan Israel gegee om te onderhou sodat hulle op die koms van die Messias voorberei kon word. Paulus beskryf hulle as “’n skaduwee van die toekomstige dinge, maar die liggaam behoort aan Christus” (Kol. 2:17). Hulle is almal Messiaanse feeste en het dus sterk profetiese betekenis. Die eerste vier is reeds vervul gedurende die eerste koms van Christus en tot en met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag. Ons is nou naby aan die einde van die lang tussenpose tussen die twee groepe feeste, en daarom baie naby aan die einde van die kerkbedeling.

Die kerk van Christus vier nie hierdie feeste nie. Ons vier die Nagmaal, wat ’n vervanging is van die Paasfees, die Fees van Ongesuurde Brood en die Fees van die Eerstelinge. Elke Sondag word ons ook herinner aan die werklikheid van Jesus wat op die eerste dag van die week uit die graf opgestaan het. Pinkster word gevier op ’n manier wat verskil van die skaduagtige gebruike van die Ou Testament. Baie mense volg die voorbeeld van die vroeë dissipels wat hulleself verootmoedig en voor die Here ondersoek het voordat hulle op Pinksterdag met krag uit die hoogte toegerus is.

Wat die vervulling van die laaste drie feeste betref, erken ons hulle profetiese betekenis, let op die tekens van die tye en berei onsself op die koms van die hemelse Bruidegom voor. Ons wag nie vir die Groot Versoendag nie, omdat dit tydens die nasionale bekering van Israel vervul sal word. Die kruisiging van Christus is ons Versoendag, en ons hou aan om dit te herdenk totdat Hy weer kom. Dan sal die laaste van die sewe feeste vervul wees.

Nuwe-Testamentiese betekenis van die feeste

Daar is altyd oneindig meer in die teenbeeld as in die tipe, omdat daar meer in die werklikheid as in die skaduwee is. Baie gelowiges verdiep hulleself oormatig in die beoefening van skaduagtige rituele, en daardeur mis hulle die konkrete elemente van die volle, Nuwe-Testamentiese openbaring wat deel geword het van ons Christelike erfenis.

As Christene het ons nie ’n opdrag om die feeste in die nuwe dispensasie ná die koms van die Messias te vier nie, aangesien ons veronderstel is om onsself met die Messiaanse substansie van die feeste besig te hou, eerder as met die oorspronklike, skaduagtige aard daarvan. Desnieteenstaande het die feeste groot tipologiese en profetiese betekenis, en kan ons baie baat by die bestudering van Ou-Testamentiese beloftes en tipes wat reeds gedeeltelik in Nuwe-Testamentiese tye vervul is. Die absolute letterlike vervulling van die eerste vier feeste gedurende gebeure rondom die eerste koms van die Messias, bevestig nie net die geloofwaardigheid van die profetiese woord in die algemeen nie, maar lewer ook bewys dat die oorblywende drie feeste ewe letterlik vervul sal word gedurende sy wederkoms.

Baie boeke is geskryf om die belangrike verhouding tussen die feeste en die Messias te beklemtoon, byvoorbeeld *The seven festivals of the Messiah* deur Edward Chumney (1994), *The gospel in the feasts of Israel* deur Victor Buksbazen (1954), *Harvest Festivals* deur Hugh Downie (1994), en *The feasts of Israel: Seasons of the Messiah* deur Bruce Scott (1997).

Dit sal in die verdere bespreking aangetoon word dat die eerste vier feeste (Paasfees, Ongesuurde Brood, Eerstelinge en Pinkster) nie alleen in die chronologiese orde vervul is waarin dit gegee is nie, maar ook op presies dieselfde dag in die godsdienstige kalender van die Jode waarop hulle ingestel is. In ’n Nuwe-Testamentiese verband het hierdie feeste betrekking op die kruisiging van Christus, sy begrafnis, sy opstanding en ook op die uitstorting van die Heilige Gees. Ons het alle rede om te glo dat die laaste drie feeste (Basuine, Versoendag en die Huttefees) ewe letterlik vervul sal word.

’n Baie belangrike feit in verband met die feeste is dat hulle gegee is om Israel voor te berei op die koms van die Messias, wat nie alleen hulle Verlosser sou wees nie maar ook die Verlosser van die hele mensdom. Die profeet Jesaja het Israel uitdruklik voorberei op die feit dat die Messias die Redder van alle nasies sal wees, omdat Hy ook buite Israel baie mense vir sy koninkryk sal versamel: “Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God en daar is geen ander nie” (Jes. 45:22). In verband met die Messias het die hemelse Vader die volgende gesê: “En nou sê die HERE wat My van die moederskoot af geformeer het om sy Kneg te wees, om Jakob na Hom terug te bring en dat Israel by Hom versamel mag word ... Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot ’n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde” (Jes. 49:5-6).

Nog voor die kruisiging van Jesus het Johannes die Doper gesê dat Hy die Lam van God is wat die sonde van die wêreld sou wegneem (Joh. 1:29). Na sy kruisiging, en kort voor sy hemelvaart, het Jesus aan sy dissipels opdrag gegee om die evangelie aan alle nasies te verkondig, selfs tot by die eindes van die aarde (Mark. 16:15; Hand. 1:8).

Tydens die vervulling van die vierde fees (Pinkster) is die wêreldwye omvang van die Messias se verlossingswerk weer sterk beklemtoon deur aan die dissipels 'n gawe te gee om in verskillende tale te kon praat. Op hierdie manier is dit gedemonstreer dat die boodskap van die Messias se verlossing nie alleen aan Israel verkondig moes word nie, maar ook aan alle nasies.

In die lig van hierdie vaste feite is dit duidelik waarom Nuwe-Testamentiese gelowiges aan die Nagmaal deelneem om die koms van Christus te herdenk, toe die eerste drie feeste vervul is. Pinkster word as 'n daaglikse werklikheid ervaar, en die historiese gebeurtenis van die uitstorting van die Gees word dikwels tydens spesiale dienste oor die bediening van die Heilige Gees in herinnering geroep.

Na die Nuwe-Testamentiese openbarings van die Messias weet ons oneindig meer van Hom en sy boodskap van redding en heiligmaking, as wat Israel in Ou-Testamentiese tye geweet het. Dit sou heeltemal irrasioneel wees indien ons ons Nuwe-Testamentiese manier van aanbidding sou afskeep of staak, en dan begin om die skaduagtige gebruike van Israel te onderhou wat gedurende die vorige bedeling van die wet gegeld het. Ortodokse Jode wat nie die Messias erken nie, hou steeds hierdie gebruike in stand.

Aanhangers van die Hebreeuse Wortels-beweging maak 'n fout wanneer hulle die stelling maak dat ons in Israel ingeënt word wanneer ons gelowiges word, en daardeur in 'n geestelike sin Jode word wat verplig is om die feeste op 'n tipies Joodse manier te vier. Die Here Jesus is die Bron van ons lewe – nie Israel nie. Hy is die ware wynstok waarin ons geënt is, soos wat Hy self aan sy dissipels verduidelik het: "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie" (Joh. 15:5). Ook in die praktiese uitleef van ons geloof moet ons in sy voetspore volg en aan Hom gelykvormig word.

Sommige mense huldig egter 'n verkeerde vertolking van die simbool van die olyfboom wat in Romeine 11:16-24 gebruik word, deur die gevolgtrekking te maak dat ons as gelowiges in die volk Israel ingeënt word. In plaas van om meer soos Christus te word, word hierdie mense meer soos Israel. Hulle onderhou Ou-Testamentiese wette en vier Joodse feesdae, insluitend die Sabbat, en gebruik ook net Hebreeuse name vir die Here. Hierdeur stel hulle die verlossing en vryheid wat hulle in Christus het, in gevaar.

'n Terugkeer na die wet kan hoogs nadelige gevolge in mense se geestelike lewe hê. Paulus sê: "Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval" (Gal 5:4). Indien Jesus Christus nie meer die absolute sentrum van ons lewe is nie, kan groot probleme intree. Mense wat onder die Nuwe Verbond van die Messias leef, is nie onder die wet nie maar onder die genade (Rom. 6:14; 10:4). Die Messias het nie die wette en feeste afgeskaf nie, maar *vervul* (Matt. 5:17).

Wat die simbool van die olyfboom in Romeine 11 betref, moet daarop gelet word dat dit in werklikheid net die takke is wat die volk Israel voorstel. Hulle is weens ongeloof afgebreek, en ons is beslis nie in die afgebreekte takke ingeënt nie! Israel het sy oorsprong uit God, daarom verwys die wortel van die Olyfboom na God wat die belofte van die Messias aan hulle gegee het. Die Here Jesus het gesê: "Ek is die wortel en geslag van Dawid" (Op. 22:16). Hoewel Hy as 'n mens in die koninklike familie van Dawid gebore is, is Hy ook die Wortel, of Oorsprong van Dawid asook die wortel van Israel as die uitverkore volk.

Abraham, as die stamvader van Israel, is slegs belangrik omdat hy 'n geloofsverhouding met God gehad het as sy geestelike anker: "En hy [Abraham] het in die HERE geglo; en Hy het dit hom tot geregtigheid gereken" (Gen. 15:6). Die diep betekenis wat die wortel vir Israel en die nasies inhou, is nie die Joodse volk wat van Abraham afstam nie, en ook nie hulle wette en rituele nie, maar die Messias wat uit hierdie volk gebore is. Jesus is die saad van Abraham, daarom kon Hy vir die Jode sê: "Voordat Abraham was, is Ek" (Joh. 8:58). Dit is die rede waarom God aan Abraham gesê het: "... in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word: (Gen. 12:3). Die Messias, wat die Verlosser van die hele wêreld is, sou uit Israel gebore word. Paulus verwys na die groot betekenis van die Messias se kruisiging: "sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang" (Gal. 3:14).

Christus is die bron van alle seëninge, en omdat Israel Hom verwerp het, het hulle oor die hele aarde verstrooid geraak. Slegs nadat hulle weer met Hom herenig is, sal hulle in die Olyfboom teruggeënt word waarin ons reeds is (Rom. 11:23-26). Dan sal hulle in die Messias 'n seën vir alle nasies wees (Rom. 11:11-12). Ons moenie probeer om hulle nou na te boots nie, maar slegs aanhou om in die Messias se voetspore te volg. Ons moet hulle jaloers maak op die manier waarop ons die God van Abraham, Isak en Jakob deur die Messias dien. Ons moenie hierdie opdrag nietig maak deur te probeer om Israel se guns te wen deur aan kulturele en godsdienstige aktiwiteite deel te neem waarin Jesus Christus nie duidelik en openlik as die Messias van Israel erken word nie.

Wat die vervulling van die laaste drie feeste aan die einde van die oesseisoen betref, het ons veel meer inligting in die Nuwe Testament oor gebeurtenisse wat verband hou met die wederkoms van Christus en die vestiging van sy vrederyk op aarde, as wat in die Ou Testament se oesfeeste geopenbaar word. Ons moet hierdie profesieë bestudeer en 'n aktiewe verwagting op sy wederkoms opbou, eerder as om op die onderhouding van Ou-Testamentiese tipes ingestel te wees. Hoewel ons baie uit hierdie tipes kan leer, kan hulle nooit met die meer konkrete Nuwe-Testamentiese openbarings vergelyk word nie.

Vervulling van die wet

Die liefde is die vervulling van die hele wet – dit sluit seremoniële sowel as morele wette in. Die woord "vervul" beteken volgens die *Strong's* konkordansie: "die beëindiging van 'n tydperk of taak; voleindig; afhandel; afsluit." Die wet is nie in Christus ontbind nie, maar vervul. Alle verwysings na die opdragte van Christus in die Nuwe Testament, vloei voort uit een enkele opdrag, en dit is om 'n hart te hê wat met goddelike liefde vervul is (Matt. 22:37-39). Hierdie seën kan net in die geloof verkry word op grond van die volbragte werk van Christus aan die kruis. So 'n lewe kan beskryf word as "Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid" (Kol. 1:27). Hy is die verpersoonliking van God se liefde vir ons.

As ons gewortel en gegrond is in die liefde van Christus sal ons sy goddelike liefde, wat alle kennis oortref, ten volle begryp sodat ons vervul kan word tot al die volheid van God (Ef. 3:17-19). So 'n persoon sal nooit terugkeer na die elementêre beginsels en skaduagtige gebruike van die Ou-Testamentiese wet nie omdat hy wat werklik liefhet, die wet vervul het (Rom. 13:8-10). Hy staan voor die uitdaging om uitvoering aan die meer verhewe eise van God se liefde te gee, soos die navolging van Christus, vervulling met die Heilige Gees, volkome heiligmaking, aanhoudende gebed, wêreldevangelisasie, die verkondiging van die Woord by elke geleentheid, die verwerping van die verdorwe beginsels van 'n vervalle wêreld, en betrokkenheid by geestelike oorlogvoering deur die volle wapenrusting van God aan te trek en elke gedagte tot die gehoorsaamheid aan Christus gevange te neem. Die Ou-Testamentiese wet kom nie eers naby aan die bevordering van sulke Christelike deugde nie.

Ons word nie van sonde oortuig deur die Tora nie maar deur die Heilige Gees wat ons Leidsman en Leermeester is. Die standaard waarteen ons gemeet word, is nie die wet nie maar die sondelose lewe van Christus. Die maniere waarop ons uitvoering gee aan sy wet van die liefde bepaal die aard van ons geestelike lewe. Ons gehoorsaam slegs die enkelvoudige gebod van die liefde, alhoewel dit baie verskillende toepassings het. Jesus het aan sy dissipels gesê: "'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê" (Joh. 13:34). 'n Veranderde hart is nodig om aan hierdie opdrag gehoor te kan gee, en dit is presies wat die Heilige Gees vir ons kom doen het (Rom. 5:5).

Op 'n soortgelyke wyse bestudeer ons die Ou-Testamentiese feeste om beter te kan verstaan hoe ons onsself aan God moet toewy en Christus daagliks beter te kan dien. Dit word gedoen sonder om die feeste van Levítikus 23 in hulle oorspronklike vorm te vier. Ons let op hulle tipologiese en profetiese aard en ondersoek dan die Nuwe Testament om te sien hoe die eerste vier feeste vervul is, en ook om vas te stel hoe die laaste drie vervul gaan word. Hoewel nuwe aspekte van God se plan vir die mensdom openbaar word, bly sekere beginsels, asook sy basiese program, onveranderd.

Ongelukkig is daar 'n vinnig groeiende beweging onder sekere Christene in die wêreld om meer

wetties te raak in die beoefening van hulle geloof. As gevolg hiervan word die Tora onderhou, asook die Joodse Sabbat. Die Messiaanse Jood, Victor Buksbazen (1954:61-62), beklemtoon die feit dat die besnydenis en die Sabbat net op Judaïsme betrekking het:

"Die Sabbat is diep in die hart van Judaïsme gevestig en is 'n sentrale deel van die Joodse lewe. Die Sabbat en die besnydenis is twee belangrike kenmerke van Judaïsme. Niemand kan in die rabbynse sin as 'n ware gelowige Jood beskou word sonder dat hy beide onderhou nie. *Sabbat* beteken *rus*. Dit is by uitstek en spesifiek 'n Joodse rusdag wat deur God by Sinai aan die kinders van Israel gegee is deur sy dienskneg Moses. ... Die Sabbat is eksklusief Israel se erfenis wat onder die wet gegee is aan mense wat onder die wet is. Die nakoming van die Sabbat soos oorspronklik deur God bepaal is, veronderstel die bestaan van 'n heilige tempel, 'n priesterlike orde wat deur God ingestel is, asook 'n offerdiens (vgl. Núm. 28:9-10). Soos wat omstandighede vandag is, kan 'n Jood nie die Sabbat onderhou in sy Bybelse verband nie, omdat die noodsaaklike toestande vir die nakom van sulke voorskrifte nie bestaan nie. Wat die Jode vandag probeer onderhou is die rabbynse weergawe van die Sabbat. Dit is egter 'n aansienlik veranderde Sabbat en dit is selfs nog meer onmoontlik om dit streng na te kom."

In die vroeë kerk was daar 'n hewige stryd teen die Judaïseerders wat geglo het dat nie-Jode wat Christene word, eers Jode moes word wat aan al die vereistes van die wet voldoen. Die hoofgroep het egter geglo dat Christene nie onder 'n verpligting teenoor die wet gestaan het nie. Op 'n spesiale vergadering van die apostels in Jerusalem is daar besluit dat gelowiges uit die nie-Joodse volke nie onder die wet is nie (Hand. 15:1-29). Riglyne is gegee vir behoorlike morele gedrag, maar sonder enige melding hoegenaamd van die Tora en die Sabbat.

Buksbazen (1954:72) bied die volgende vergelyking aan tussen die Sabbat van die Jode en die Sondagaanbidding van Christene:

Die Joodse Sabbat	Die Christelike Sondag
Die Sabbat, of die sewende dag van die week, herdenk die afgehandelde fisiese skepping – Gen. 2:1-3.	Die eerste dag van die week is opstandingsdag en dui op afgehandelde verlossing – Matt. 28:1-6.
Die Sabbat is 'n verbondsteken tussen God en sy volk Israel: "Spreek jý met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig" (Ex. 31:13).	Die eerste dag van die week dui op gemeenskap tussen die kerk en die Here Jesus: "En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek" (Hand. 20:7).
Onderhouding van die Sabbat is deur die wet vereis en oortreders met die dood gestraf: "Hy wat dit ontheilig, moet sekerlik gedood word" (Ex. 31:14).	Sondag is 'n dag van vrywillige en spontane aanbidding sonder enige wetlike verpligting – 'n dag van getuienis en arbeid vir die Here.
Die Sabbat is 'n noodsaaklike deel van die verbond van werke.	Sondag verteenwoordig die verbond van genade.
Die Sabbat is die hoogtepunt van die week, en daarop word die mens beloon vir sy moeitevolle arbeid.	Sondag beklemtoon wat God vir die mens gedoen het deur sy eniggebore Seun.

In Jesus Christus het ons die rus van die Here ingegaan. Dit is die vervulde betekenis van die Ou-Testamentiese Sabbat, wat ook saam met die sewe feeste van die Here in Levítikus 23:3 genoem word.

Israel se eindtydse herstel

God se program van feeste het nie slegs die doel gedien om Israel op die koms van die Messias voor te berei nie, maar dit dui ook aan dat Israel as 'n volk eers aan die einde van die Nuwe-

Testamentiese oesseisoen, op die Groot Versoendag, gered sal word. Die vervulling van die Paasfees moes hulle Groot Versoendag gewees het, maar die Here het geweet dat die groot meerderheid Israeliete die Lam van God sou verwerp en Hom aan die Romeine sou oorhandig om gekruisig te word. As gevolg daarvan sou daar ’n nuwe dispensasie begin waarin gelowiges uit alle nasies die getuies van Christus in die wêreld sou wees.

Israel sal slegs as ’n volk gered word nadat ’n oes onder al die nie-Jode ingesamel is, en om hierdie rede sal die Groot Versoendag vir hulle die tweedelaaste fees wees. Paulus sê: “... die verharding [het] ten dele oor Israel gekom totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend” (Rom. 11:25-26). Dit sal ná die kerkbedeling gebeur, wanneer die nie-Jode ruim geleentheid gehad het om tot die koninkryk van God toe te tree.

Die laaste drie feeste word gevier in die sewende maand op die godsdienstige kalender van Israel. Hierdie maand val saam met die einde van die oesseisoen, wat deur die insameling van die naoes afgesluit word. Wanneer hierdie kritieke tydperk in Israel se geskiedenis aan die einde van die kerkbedeling aanbreek, sal hulle as ’n volk steeds ongered wees: “Die oes is verby, die somer is ten einde, en óns is nie verlos nie! (Jer. 8:20). Hoewel dit ’n baie laat uur in die oesseisoen sal wees, sal ’n spesiale geleentheid nogtans aan die Jode gebied word om gered te word: “Ook vir jou, o Juda, is daar ’n oes beskik as Ek die lot van my volk verander” (Hos. 6:11).

Nadat die kerk verheerlik en in die hemel opgeneem is, en die ongelowiges op aarde deur Christus geoordeel is, sal die hele oorblyfsel van Israel gered word en gedurende die regering van die Messias in hulle land gevestig word. Dit sal die vervulling wees van die laaste fees, die Loofhuttefees.

3. Vasgestelde Tye van die Feeste

Die chronologiese orde waarin die sewe feeste ingestel is, is baie betekenisvol: “Dit is die feestye van die HERE ... wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd” (Lev. 23:4). Die aangewese tye van die feeste is gedoen binne die raamwerk van Israel se jaarlikse landbouseisoen. In hulle profetiese toepassing openbaar hulle die ontplooiing van God se plan van verlossing deur die eeue. Dit begin by die soendood van die Messias en eindig by sy wederkoms en die instelling van sy vrederyk.

Die feeste word verdeel in twee groepe van vier en drie, wat onderskeidelik die begin en einde van die oesseisoen verteenwoordig. Sewe is die Bybelse getal van volmaaktheid, wat dikwels in Openbaring gebruik word – byvoorbeeld die sewe gemeentes, die sewe seëls, die sewe basuine, ensovoorts. Die spesifieke tye van die feeste, asook hulle betekenis en tipologiese boodskap, is soos volg:

Die Paasfees word gevier op die 14de dag van die lentemaand (Nisan of Abib), en dit is die eerste maand op die godsdienstige kalender. Hierdie fees dui op die dood van Christus.

Ongesuurde Brood volg direk op die dag van die Paasfees en word op die 15de dag van Nisan gevier. Dit is vervul in die begrafnis van die Messias. Deur die offer van sy sondelose lewe het Hy vir ons die ongesuurde Brood van die Lewe geword.

Eerstelinge bestaan uit ’n beweegoffer wat in die lentemaand, op ’n dag ná die Sabbat, gebring moes word. Hierdie fees verwys na die opstanding van Christus, en was die begin van die Fees van die Weke.

Pinkster is die laaste dag van die Fees van die Weke, en vind plaas op die 50ste dag na Eerstelinge. Hierdie fees het vooruit gewys na die uitstorting van die Heilige Gees, en is gevolg deur ’n periode van vier maande waarin die oes ingesamel is.

Basuine is gevier op die eerste dag van die sewende maand en dit dui op die einde van die oesseisoen. Profeties wys dit op die insameling van God se oes van geredde mense in die hemelse skuur, aan die einde van die Messiaanse era.

Die Groot Versoendag word op die 10de dag van die sewende maand gevier en wys vooruit na Israel se nasionale bekering en versoening met die Messias.

Die Loofhuttefees word vanaf die 15de dag van die sewende maand vir ’n week lank gevier, en sluit die oesfees af. Dit is ’n vreugdefees wat ’n tipe is van die Messias se vrederyk op aarde wanneer Hy in die midde sal wees van die geredde oorblyfsel van Israel asook sy verheerlikte kerk.

Deur Israel se feeste binne die verband van ’n landbouseisoen aan te bied, gebruik die Here natuurlike aktiwiteite om geestelike waarhede aan die volk te demonstreer. Die lentefeeste gee ’n aanduiding van die lewensveranderende en wêreldhervormende gevolge van die Messias se koms na die aarde, naamlik die verbreking van geestelike slawerny en die versekering van vryheid vir die volk van God. Die herfsfeeste fokus op die verheerliking van God se volk, oordele oor die ongelowiges, asook die vestiging van ’n regering van geregtigheid op aarde.

Joodse tydrekening

Die Jode gebruik ’n maanjaar waarin elke maand na die verskyning van die eerste skrefie van die nuwemaan begin. Aangesien die siklus van die maan net 29½ dae is, is die lengte van ’n maanjaar 354 dae, vergeleke met die 365¼ dae van ’n sonjaar of seisoensjaar. Hierdie verskil het vir Israel probleme geskep omdat sekere van hulle maande ten nouste met die seisoene van die jaar geassosieer is. Die maand Nisan, wanneer die eerste drie feeste gevier word, moet altyd met die lente saamval omdat hulle dan ’n gerf van die gars moet sny om as ’n beweegoffer vir die Fees van die Eerstelinge gebruik te word. Tisjri is die maand waarin die oes finaal ingesamel word, en in hierdie maand word die laaste drie feeste van die oesseisoen gevier.

Israel het ’n uitgebreide stelsel van skrikkeljare ontwikkel om te verseker dat hulle maanjare gelyklopend met die seisoensjare bly. Binne elke siklus van 19 jaar is die volgende almal

skrikkeljare: 3, 6, 8, 11, 14, 17, en 19. By al hierdie jare word daar ’n dertiende maand aan die einde van die godsdienstige kalender tussen Adar en Nisan bygevoeg, naamlik Ve-Adar (Tweede Adar). As gevolg van hierdie skrikkeljare wissel die datums van Joodse feeste aansienlik op die sonkalender, selfs tot ’n maand, maar hulle bly altyd min of meer ooreenstemmend met die siklus van seisoensjare.

Israel het twee maankalenders – die een ’n godsdienstige kalender wat in die lentemaand Nisan begin, en die ander een ’n siviele kalender wat tydens *Rosh Hashanah* op 1 begin. Die name van die maande is soos volg, met benaderde ekwivalente of die Gregoriaanse sonkalender:

Name van die maande	**Stem ooreen met**	**Aantal dae per maand**	**Maand in siviele kalender**	**Maand in godsdienstige kalender**
Tisjri	Sep–Okt	30	1	7
Cheshvan	Okt–Nov	29 of 30	2	8
Kislev	Nov–Des	29 of 30	3	9
Tevet	Des–Jan	29	4	10
Shevat	Jan–Feb	30	5	11
Adar	Feb–Mar	29 of 30	6	12
Nisan	Mar–Apr	30	7	1
Iyar	Apr–Mei	29	8	2
Sivan	Mei–Jun	30	9	3
Tammuz	Jun–Jul	29	10	4
Av	Jul–Aug	30	11	5
Elul	Aug–Sep	29	12	6

Dae in Israel verloop tussen sononder en sononder die volgende dag. Die nagte word verdeel in vier nagwake: van sononder tot 9 nm., van 9 nm. tot middernag, van middernag tot 3 vm., en van 3 vm. tot sonsopkoms. Die dae word ook in vier wake verdeel: sonsopkoms tot 9 vm., 9 vm. tot middag, middag tot 3 nm. en 3 nm. tot sononder.

Wanneer dae getel word, word ’n stelsel van inklusiewe berekening gebruik. Omdat ’n gedeelte van ’n dag as ’n volle dag beskou word, kan ’n week (byvoorbeeld van Woensdagmiddag af tot die volgende Woensdagmiddag) ook as agt dae beskryf word omdat altwee Woensdae as volle dae getel word. Die Loofhuttefees in Israel word vir ’n week lank, van die 15de tot die 22ste dag van hulle sewende maand gevier: “Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die HERE. Op die eerste dag moet daar ’n heilige vierdag wees. ... Sewe dae lank moet julle aan die Here ’n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle ’n heilige vierdag wees” (Lev. 23:34-36). Die laaste dag van hierdie week, naamlik die agtste dag, was die groot dag van die fees (vergelyk Joh. 7:2, 37).

In Levítikus 23 staan daar die volgende oor die fees van die 50ste dag: “Dan moet julle tel van die dag ná die sabbat, ... sewe volle weke moet dit wees; tot die dag ná die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel” (Lev. 23:15-16). Hierdie 49 dae tussen ’n Sondag en ’n ander Sondag sewe weke later, word 50 dae genoem omdat die eerste en laaste Sondae beide as volle dae getel word. In die Nuwe Testament is hierdie twee feeste vervul tydens die opstanding van die Here Jesus op ’n Sondag en die uitstorting van die Heilige Gees sewe weke later, ook op ’n Sondag. “Pinkster” beteken “Vyftigste” – dit is die fees van die vyftigste dag.

Profetiese jare

Afgesien van Israel se maankalender is daar ook ’n profetiese kalender in die Bybel waarin elke maand 30 dae lank is, met ander woorde ’n jaar van 360 dae. Uit Génesis 7:11, 24, en 8:4 is dit duidelik dat die sondvloed vyf maande van 30 dae elk geduur het, met ander woorde 150 dae. In Openbaring 11:2-3, 12:6 en 13:5 is ’n periode van 42 maande – die twee helftes van die

verdrukking – presies 1 260 dae lank, wat beteken dat elke maand 30 dae lank is. Hierdie kalender is baie spesifiek, hoewel dit nie geskik is om maansiklusse of seisoensjare mee te bereken nie. Die rede vir die gebruik van 'n profetiese kalender was om te verseker dat ongeag die gebruik van enige ander kalender (byvoorbeeld Israel se maankalender of die Romeine se sonkalender) dit moontlik sou wees om by 'n spesifieke datum uit te kom – byvoorbeeld vir die kruisiging van die Messias.

Daniël 9:24-27 bied 'n duidelike profesie aan oor die tyd van die Messias se kruisiging, wat die vervulling van die Paasfees was. Daniël het tydens die Babiloniese ballingskap van Israel oor die herstel van Jerusalem geprofeteer, en aangedui dat daar van die vergunning af om Jerusalem te herbou, 'n aftelling van 69 jaarweke sou volg tot by die kruisiging van die Messias: "... van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle ..." (Dan. 9:25). Die herbouing van Jerusalem het 7 jaarweke lank geduur; daarna het nog 62 jaarweke gevolg totdat die Gesalfde (Christus) deur Israel en die Romeinse heersers "uitgeroei" is (Dan. 9:26).

Daar het 69 jaarweke (483 profetiese jare) verloop vandat koning Artasásta op 1 Nisan 445 v.C. aan Nehemía toestemming gegee het om Jerusalem te gaan herbou (Neh. 2:1-8), tot en met die kruisiging van die Messias op die 14de dag van Nisan 32 n.C. Prof. J.M. Schepers van die Randse Afrikaanse Universiteit (tans die Universiteit van Johannesburg) het in 'n artikel (1984:7-10) daarop gewys dat 483 profetiese jare van 360 dae elk, 'n totaal van 173 880 dae verteenwoordig. Wanneer dit deur 365¼ gedeel word, is dit gelyk aan 476,06 seisoensjare op die Gregoriaanse kalender. Op hierdie kalender het die 69 jaarweke dus tussen 23 Maart 445 v.C. en Vrydag 11 April 32 n.C. verloop, en is beëindig op die Vrydag waarop die Here Jesus gekruisig is.

Dieselfde profetiese kalender sal ook gebruik word vir die aftelling van die komende 70ste jaarweek van Daniël (die verdrukking). Hierdie sewe jaar-tydperk sal die vervulling wees van die sewe verskriklike dae tussen die Fees van Basuine en die Groot Versoendag. Dit sal dus moontlik wees om die verloop van hierdie donker jaarweek presies te kan volg, vanaf die begin daarvan wanneer Israel 'n verbond met die valse messias sal sluit (Dan. 9:27). In die middel van die week, na 42 maande of 1 260 dae, sal hy die tempel ontheilig deur 'n beeld van homself in die Allerheiligste te laat oprig en homself tot God te verklaar. Ná nog 42 maande sal die ware Messias sy voete op die Olyfberg sit en 'n einde maak aan die skrikbewind van die valse messias.

Die Here het dus vir Israel twee spesifieke datums gegee: een oor die eerste koms van Christus en 'n ander een oor die tyd van sy wederkoms. Die eerste een is byna twee millennia gelede al vervul. Die tweede een sal ook op sy bepaalde tyd vervul word, maar die aftelling van sewe jaar sal eers kan begin nadat die valse messias geopenbaar is en 'n verbond met Israel en die nasies gesluit het. Die Bybel openbaar nie aan ons wanneer die tyd van benoudheid vir Jakob sal begin nie, maar die gevorderde stadium van Israel se herstel is 'n aanduiding dat dit nie baie ver in die toekoms kan wees nie.

'n Ander datum waaroor baie mense probeer spekuleer, is dié van die wegraping wanneer die hemelse Bruidegom sy bruid in die geheim sal kom haal en na haar woning in die hemel weg te neem. Hierdie gebeurtenis vorm nie deel van die 70ste jaarweek van Daniël nie en kan dus nie aan 'n datum gekoppel word nie. Hoewel die tekens van die tye aandui dat die wegraping baie naby mag wees, is die spesifieke datum daarvan nogtans nie in die Bybel aan ons geopenbaar nie. Die Here wil hê dat ons so met sy Seun sal wandel dat ons elke dag vir sy wederkoms gereed sal wees.

Wanneer ons op 'n reis deur die sewe feeste vertrek, sal ons altyd die regte historiese verwysingspunt by die eerste koms van Christus hê waar ons nuwe lewe begin het, asook 'n Bybelse toekomsverwagting wat gebaseer is op profetiese beloftes oor sy wederkoms wanneer ons verheerlik sal word en mede-erfgename van 'n hemelse koninkryk sal wees.

4. Die Paasfees

Israel is duidelik onderrig dat die jaarlikse feeste op die spesifieke tye en wyse gevier moet word wat deur God bepaal is: “Dit is die feestye van die HERE, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd. In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die Pasga van die HERE” (Lev. 23:4-5).

Met die instelling van die Pasga is die eerste formele riglyne gelê waarvolgens God se verlossingsplan vir die mens 1500 jaar later sy finale vervulling sou verkry toe Christus vir die sondes van die wêreld gekruisig is. Moses het vir Israel gesê: “Julle moet ’n lam hê sonder gebrek, ’n jaaroud rammetjie. … En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand. En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huis waarin hulle dit eet. … Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref. … Maar die bloed sal vir julle ’n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie” (Ex. 12:5-7, 12-13).

Paasfees vier die verlossing van Israel uit die Egiptiese onderdrukking waar hulle slawe van die Egiptenaars was. In ’n geestelike toepassing van hierdie gebeurtenis is dit duidelik dat Egipte ’n tipe is van die bose wêreld en sy stelsels terwyl Farao, sy hoof, ’n tipe is van Satan. Die kinders van Israel is uit hulle slawerny verlos deur die bloed van ’n lam aan die deurposte en bodrumpel van hulle huise te stryk, en dit was ’n tipe van die Messias se verlossing uit sonde en uit die mag van ’n bose oorheerser, Satan.

Die Paasfees is die eerste van die sewe groot feeste van Jahweh omdat die geslagte Lam die grondslag en beginpunt was van die verlossing van sy volk. Uit ’n godsdienstige oogpunt moes die maand waarin die Pasga gevier is, die begin van die maande wees (Ex. 12:2). Op die siviele kalender is Nisan die sewende maand. God het Homself op ’n nuwe manier geopenbaar. Tot in hierdie stadium het Hy Homself op verskeie maniere geopenbaar, maar nie as Verlosser nie. Israel het as onderworpe slawe in Egipte gewoon, met geen nasionale status of godsdienstige ambisie nie. Deur die krag van God is daar egter nou ’n nuwe begin in hulle geskiedenis as volk gemaak. Die verlede met sy onderdrukking en ellende is uitgewis. Hulle is verlos van slawerny en van die dood deur die teken van ’n lam se bloed waardeur God se krag in werking getree het. Dit was die begin van ’n nuwe jaar omdat dit die geboortedag van ’n volk was.

Die geboortedag van ’n gelowige is vir hom ook die begin van die maande en jare omdat die dag van die wedergeboorte in belangrikheid die dag van die natuurlike geboorte oorskadu. Die verlede is dan onder die bloed, vergewe en vergete deur God: “... die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword” (2 Kor. 5:17).

Geestelik gesproke, en ook wat Israel se fisiese woonplek betref, was die Pasga gedurende die lentemaand die begin van ’n nuwe lewe. In ’n Nuwe-Testamentiese verband is dit ook die begin van ’n nuwe lewe wanneer ons die Here Jesus as Verlosser ontvang. Die Paasfees is die eerste fees. Net so ook is bekering van ons sonde en geloof in die gestorte bloed van Jesus die eerste stap in ons wandel met God (Chumney, 1994:25).

Die betekenis van die Paasfees is voor die hand liggend en kan maklik verstaan word. Paulus sê: "... want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus" (1 Kor. 5:7), en daarmee verwys Hy na die kruis waaraan Jesus Christus as die ware Paaslam sou sterf. Hoewel die Paasfees vir 'n baie lang tyd onvervuld was, was God se reddingswerk die grondslag van sy verhouding met Israel. Toe Hy die wet aan hulle gegee het, het Hy gesê: "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het" (Ex. 20:2). Toe die Pasga gedurende die kruisiging van Jesus vervul is, het die kruis die finale grondslag vir die redding van sowel Jode as nie-Jode geword. Die kruis verteenwoordig die oorgang van die oue na die nuwe, en is die ware middelpunt van alles. Ou-Testamentiese gelowiges het uitgesien daarna, terwyl Nuwe-Testamentiese gelowiges daarna terugkyk.

Dit was waarlik 'n oomblik van bestiering toe God op 'n dramatiese en duidelike wyse tussenbeide getree het om sy volk uit Egipte te red. As gevolg hiervan moes die Paasfees gereeld gevier word ter herinnering aan die wonderlike gebeurtenis van Israel se uitredding uit Egipte. Ortodokse Jode vier vandag nog steeds hierdie fees op 'n baie toegewyde manier, maar sonder om enige erkenning te gee aan die vervulling daarvan deur die Messias. Hulle eet ongesuurde brood en onderhou al die rites wat op hulle gevangenis en verlossing uit Egipte betrekking het, maar die paaslam ontbreek. Hulle sit wel die gebraaide skenkelbeen van 'n lam op die tafel, maar nie die lam self nie. Die skenkelbeen getuig teen hulle, want omdat hulle Christus verwerp het, is daar nie 'n paaslam vir hulle nie. Bloed ontbreek ook in al hulle feeste en offers.

Waarom het God so 'n ongewone manier van verlossing gebruik toe sy volk in Egipte was? Waarom moes 'n lam geslag word, sy bloed op hulle deur gesprinkel word as beskerming teen 'n doodsengel wat op die punt was om deur die hele Egipte te trek om te oordeel? God kon tog sekerlik vir Israel verlos het deur sy groot krag te gebruik, en hulle sodoende die moeite gespaar het om 'n lam uit te soek, te slag en die bloed daarvan op hulle huise te sprinkel. God kon die Egiptiese magte verdelg het soos wat Hy aan die einde gedoen het, en Israel sodoende uit hulle mag verlos het. So 'n manier van verlossing sou wel doeltreffend gewees het, maar dit sou nie die probleem van die mens se sonde en die eis van God se geregtigheid aangespreek het nie. Die kinders van Israel was nie net *slawe* in Egipte nie, hulle was ook *sondaars* in Egipte (Downie, 1994:34).

Israel het gedurende die lang tyd van hulle verblyf in 'n vreemde land nie net by die Egiptiese kultuur aangepas nie, maar hulle het ook Egipte se afgode aanbid, soos gedemonstreer deur die aanbidding van 'n goue kalf by Sinai. Die les moes aan hulle geleer word dat hulle net geestelik verlos kon word deur middel van 'n offer en bloedvergieting. In die belang van sy regverdigheid en geregtigheid kon God nie vir Israel op enige ander manier uitred nie, "want die bloed bewerk versoening deur die siel" (Lev. 17:11). Dieselfde beginsel geld vir ons: "... sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie" (Heb. 9:22).

God se wet vereis die doodstraf vir sondaars (Gen. 2:17; Eseg. 18:4; Rom. 5:12), maar in sy grenslose liefde het Hy 'n plan beraam van 'n plaasvervangende dood waarin 'n onskuldige persoon in die plek van sondaars kon sterf om hulle straf te dra. Dit is waar die slag van die paaslam inkom: 'n vlekkelose en onskuldige lam moes geslag word en sy bloed, as 'n teken van sy lewe wat afgelê is, moes op die deurposte van sondaars se huise gesprinkel word. Die lam was egter net 'n dier en daarom slegs 'n tipe van die ware Lam van God wat eers baie later geoffer sou word:

"Want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem. Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei. Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie. Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom – in die boekrol is dit van My geskrywe – om u wil te doen, o God. ... Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal" (Heb. 10:4-10).

Vereistes van die lam

Die paaslam in Egipte moes aan sekere duidelike vereistes voldoen omdat dit 'n ware tipe van Christus was, die Paaslam van God.

Die lam moes manlik wees (Ex. 12:5). Dit was deur een man se oortreding dat sonde in die wêreld ingekom het (Rom. 5:12). Omdat Adam, die eerste man, gesondig het, moes 'n sondelose man, Jesus, vir daardie sonde versoening doen: "Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus. Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word" (Rom. 5:17-19). "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word" (1 Kor. 15:22).

Die lam was van die eerste jaar (Ex. 12:5). Die eersgeborenes van beide mense en diere moes gereserveer en aan God gegee word (Ex. 13:2, 11-13). Chumney (1994:27-28) wys daarop dat die tema van eersgeborenes regdeur die Bybel aangetref word. Kain moes gegee word vir Abel, Ismael vir Isak en Esau vir Jakob. Geestelik gesproke het God hier voorbeelde gegee om ons te leer dat die eersgeborene na die vlees (dit wat natuurlik is) afgestaan moes word ter wille van die eersgeborene na die gees (dit wat geestelik is). In hierdie proses tref God onderskeid tussen die eerste of natuurlike geboorte en die tweede of geestelike geboorte. Die eerste geboorte verteenwoordig ons posisie as sondaars, terwyl die tweede geboorte van ons gelowiges en kinders van God maak (Joh. 1:12; 3:1-7; 1 Kor. 15:45-47). Jesus was die eersgeborene van Maria (natuurlik, maar sonder sonde) en die eersgeborene van God – geestelik (Matt. 1:21-25; Rom. 8:29; Kol. 1:15, 18; Op. 3:14).

Die lam moes in bewaring gehou word vir vier dae (Ex. 12:3, 6). Israel is beveel om op die 10de dag van Nisan 'n lam te neem en dit tot die 14de dag van Nisan in bewaring te hou. Jesus het gedurende die week voor die Paasfees hierdie vier dae vervul. Hy het na Jerusalem opgegaan, deel van die openbare lewe in die stad geword ter voorbereiding op die Pasga, en verskeie kere opgetree voordat Hy in hegtenis geneem, verhoor en gekruisig is. Daar is egter ook 'n ander interpretasie van die vier dae wat deur Chumney (1994:26) gegee word:

"Eskatologies is die vier dae waarin die lam eenkant gehou is, profeties van die verwagting dat die Messias sou kom, 4 000 jaar na die skepping van Adam, as deel van die 7 000 jaar plan van God om die mensdom en die aarde los te koop en alles te herstel soos wat dit in die Tuin van Eden was. Hierdie vier dae dui profeties op die tyd waarin die Messias vir vier dae, of 4 000 jaar sedert die skepping van Adam, weggesteek is van die wêreld af. 'n Dag dui profeties op 'n duisend jaar, in die lig van Psalm 90:4 en 2 Petrus 3:8. Indien hierdie tydskaal op die skeppingsweek toegepas word, sal die hele verlossing van die mens sedert die sondeval in die Tuin van Eden 7 000 jaar lank neem."

Die lam moes vlekkeloos wees (Ex 12:5). Eeue later het die vlekkelose Lam van God in die behoefte van die mensdom voorsien. Johannes het vir Jesus gesien terwyl Hy na hom toe kom, en gesê: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Joh. 1:29). Van alle mense wat ooit op die aarde was, was net Hy sondeloos gewees. Hebreërs 4:15 sê Hy is "in alle opsigte versoek net soos ons, *maar* sonder sonde."

Die lam moes geslag word (Ex. 12:6). 'n Lewende lam, al is hy ook hoe goed uitgesoek, kon die Israeliete nie red nie – hy moes doodgaan. Net so ook sou Christus se lewe van geregtigheid vir ons buiten die kruis niks beteken nie. Dit sou die probleem van sonde en 'n gebroke verhouding met God onbeantwoord laat. Wetlike geregtigheid eis die dood van die sondaar. Vir 'n mens se oortredings moet daar 'n mens sterf. Maar watter mens? Net 'n mens wat nie sy lewe verbeur het weens sy eie sonde nie. Om hierdie rede het die Here Jesus na vore gekom as die sondelose en vlekkelose Een, op wie die sonde en die dood geen aanspraak gehad het nie, en vrywillig sy lewe vir sondaars afgelê (Downie, 1994:37).

Die lam is teen die aand geslag (Ex. 12:6). Volgens Chumney (1994:29) is die tyd van 6 vm. tot 12-uur die middag die oggendgedeelte van die dag. Van 12-uur tot 6 nm. is die aandgedeelte van die dag. Die uitdrukking "between the evening" (die oorspronklike Engelse vertaling van Exodus 12:6) verwys na die middel van die tydperk tussen 12-uur en 6 nm., met ander woorde 3

nm. Dit is die 9de uur van die dag indien die ure van 6 vm. af getel word. Die slag van die paaslam in Egipte op die negende uur (3 nm. ons tyd) op die 14de dag van Nisan, het gebeur op presies dieselfde uur toe die Lam van God tydens die Paasfees aan die kruis gesterf het (Mark. 15:33-37).

Die bloed moes gesprinkel word (Ex. 12:22-25). Die hisop is in die skottel met die bloed gedoop en aan die deurposte van die huis gestryk. Dit was ’n teken dat daar ’n lewe vir daardie huis gegee is. Deur geloof moes die bloed aangewend word. Die lam kon uitgesoek en selfs geslag gewees het, maar indien die teken van ’n gehoorsame geloof ontbreek het (die aanstryk van die bloed) dan sou die dood gevolg het. Dit is nie genoeg vir ons dat die bloed van Jesus Christus vir die vergifnis van ons sonde gestort is nie. Ons moet deur ’n gehoorsame geloof die voordele en seën van Gólgota vir onsself toe-eien. Ons moet die hisop van ons geloof in die bloed steek en ons harte besprinkel. Die Here het gesê: “As Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan” (Ex. 12:13). Dit was die bloed alleen wat die grondslag van die Israeliete se verlossing was. Die bloed is ook die enigste grondslag vir ons aanvaarding deur God en verlossing uit die skuld en veroordeling weens sonde. Dit is waarom die bloed alleen die onderwerp van ’n nuwe lied sal wees wat die bevrydes in die hemel sal sing.

Die ouderlinge in die hemel sal ’n sterk bewussyn hê van die verlossingskrag van die Lam van God wat hulle met sy bloed vrygekoop het: “Toe sing hulle ’n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Op. 5:9-10).

Petrus beklemtoon ook die groot betekenis van die bloed van die Lam: “... omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ’n lam sonder gebrek en vlekkeloos” (1 Pet. 1:18-19). Paulus sê: “In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade” (Ef. 1:7).

Wanneer het Christus gesterf?

Die Here Jesus vergelyk sy begrafnis en opstanding uit die dood met die ondervinding van Jona: “Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees” (Matt. 12:40). In Jona 1:17 staan daar: “... en Jona was drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis.” John Hannah (1985:1467) sê die volgende hieroor: “Die uitdrukking ‘drie dae en drie nagte’ dui nie noodwendig ’n periode van 72 uur aan nie, omdat dit een dag en gedeeltes van twee ander dae kan wees.” Vergelyk in hierdie verband ook Ester 4:16 en 5:1, waar Ester ’n vastyd van drie dae en drie nagte beveel het, maar op die derde dag, voordat die dag verby was, het sy reeds haar doel met die vas bereik.

Sommige mense het ’n probleem met die siening dat Jesus nie drie volle dae en nagte (met ander woorde 72 uur) in die graf was nie, en wend pogings aan om sy kruisiging van die Vrydag af na die Woensdag te vervroeg. Die feit is egter dat die Jode inklusiewe tydrekening beoefen waarin ’n gedeelte van ’n dag ook as ’n volle dag beskou word. Louis Barbieri (1983:47) sê die volgende oor Matthéüs 12:40: “Aangesien die Jode ’n deel van ’n dag as ’n vol dag beskou het, sou die ‘drie dae en drie nagte’ kon inhou dat die kruisiging Vrydag was.” In ’n addendum tot die *Strong’s* konkordansie, *Harmony of the Gospels,* word 41 gebeurtenisse wat plaasgevind het gedurende die week van Jesus se kruisiging, vanaf sy intog in Jerusalem op ’n Sondag tot en met sy kruisiging en begrafnis die volgende Vrydag, saam met Skrifverwysings gelys (Strong, 1990). Hierdie opeenvolging van gebeure bevestig bo alle twyfel dat Hy op ’n Vrydag gekruisig is.

Volgens die Bybel, asook ander ondersteunende bronne, is Jesus die Vrydagmiddag kort voor die aanbreek van die Sabbat begrawe, en het Hy vroeg op die eerste dag van die volgende week (Sondag) opgestaan. Die dag waarop Hy gekruisig is (Vrydag), was dus die eerste dag van die Paasgebeure, Saterdag (die Sabbat) was die tweede dag, en Sondag (sy opstandingsdag) die derde dag. In die Joodse chronologie word só ’n tydperk as “drie dae en

drie nagte" beskryf, of bloot net as "drie dae". Joodse dae strek vanaf sononder tot sononder. Die derde dag ná die kruisiging het dus die Saterdagaand teen sononder al begin.

Die Emmausgangers bevestig hierdie feite. Die dag toe Jesus opgestaan het (die Sondag), was hulle op pad na Emmaus (Luk. 24:13). Onbewus daarvan dat Jesus self by hulle aangesluit het, vertel hulle van die gebeure rondom sy kruisiging wat vroeg die Vrydagoggend begin het, en voeg by: "Ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos; maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag vandat dit plaasgevind het. Maar sommige vroue uit ons het ons ook ontstel toe hulle vroeg by die graf was; en toe hulle sy liggaam nie kry nie, het hulle ook gekom en gesê dat hulle 'n gesig gesien het van engele wat sê dat Hy lewe" (Luk. 24:21-23). Sondag was dus die derde dag sedert die kruisiging van Jesus, wat die vorige Vrydag plaasgevind het.

Op hierdie Sondagmiddag, die derde dag, toe die Emmausgangers met Jesus gepraat het, het Hy etlike ure vroeër reeds uit die graf opgestaan: "En op die eerste dag van die week kom Maria Magdalena vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was" (Joh. 20:1). Nadat Jesus met die Emmausgangers in gesprek was het Hy, nog steeds op die dag van sy opstanding, ook aan sy dissipels verskyn (Joh. 20:19). Vir 'n volledige bespreking van die soendood van Jesus, sien *Jesus Christus en ons lewe in Hom* (Malan, 2012a).

Die vervulling van die Paasfees

Die vervulling van die Ou-Testamentiese Pasga was met die kruisiging van die vlekkelose Lam van God wat in die volheid van die tyd mens geword het om vir ons sy lewe af te lê. Weens die tipologiese aard van die Pasga as 'n heenwysing na die offer van die Lam van God, was dit duidelik dat hierdie fees tydens een van die toekomstige vierings daarvan vervul sou word. Die Here Jesus is inderdaad op die dag van die Pasgaviering gekruisig. Volgens Markus 14:1-2 wou die Jode só 'n situasie vermy: "En die Pasga … sou oor twee dae wees; en die owerpriesters en die skrifgeleerdes het gesoek hoe hulle Hom met lis gevange kon neem en doodmaak. Maar hulle het gesê: Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien 'n oproer onder die volk kom nie."

Die Jode kon egter nie daarin slaag om die stiptelike vervulling van hierdie fees te voorkom nie, en Jesus is op Vrydag die 14de dag van Nisan (11 April 32) gekruisig. Hy het op die negende uur (3 nm.) die asem uitgeblaas (Mark. 15:34-37), op presies dieselfde uur toe die lam tydens die eerste Pasga in Egipte geslag is. Pilatus was verwonderd dat Jesus so gou gesterf het, en het toestemming vir sy begrafnis verleen (Mark. 15:42-45). Dit is nog voor die Vrydagaand 6-uur afgehandel toe die Sabbat sou begin en niemand dan begrawe kon word nie (Luk. 23:52-54; Joh. 19:31).

Ons lees die volgende oor die kruisigingsdag in Markus: "En toe dit aand geword het, omdat dit die voorbereiding was, dit is die voorsabbat, kom daar 'n vername raadslid, Josef van Arimathéa … om na Pilatus in te gaan en die liggaam van Jesus te vra" (Mark. 15:42-43). John Grassmick (1983:191) sê die volgende oor dié teks: "Jesus se begrafnis het amptelik sy dood bevestig. Die uitdrukkings *voorbereiding* en *voorsabbat* is tegniese terme vir Vrydag wat op die dag voor die Sabbat dui, soos wat Markus aan sy nie-Joodse lesers verduidelik. Omdat daar geen werk op die Joodse Sabbat gedoen mag word nie, is al die voorbereidings daarvoor op Vrydae gedoen. Hierdie verwysing bevestig die feit dat Jesus op 'n Vrydag gekruisig is."

Vrydag (die Voorsabbat, of Dag van Voorbereiding) en Saterdag (die Sabbat) is die enigste twee dae in die Joodse week wat spesifieke name het. Die ander dae word bloot genommer, byvoorbeeld die eerste dag van die week (Sondag), die tweede dag (Maandag), ensovoorts. Indien 'n godsdienstige fees soos die Pasga (14de dag van Nisan) op enige weeksdag gevier word, word hierdie dag wel soos 'n Sabbat gevier, maar nie self 'n Sabbat genoem nie; die Sabbat is die sewende dag van die week. Ons kan ook vandag godsdienstige feeste, en selfs Geloftedag, soos 'n Sondag vier – maar dit beteken nie dat die dag self 'n Sondag word nie.

Jesus se kruisiging op die Dag van Voorbereiding (Vrydag), blyk duidelik uit Johannes 19: "En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit voorbereiding was – want die dag van daardie sabbat was groot – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word. ... Toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het

hulle sy bene nie gebreek nie. Maar een van die soldate het met ’n spies in sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom” (Joh. 19:31-34). Die Sabbat wat direk gevolg het op die Dag van Voorbereiding en Christus se kruisiging, word as ’n groot dag beskryf omdat dit tegelyk die weeklikse Sabbat en die belangrike eerste dag van die Fees van die Ongesuurde Brood was.

Lukas bevestig ook die feit van Jesus se begrafnis op die Dag van Voorbereiding: Jesus se liggaam “is in linne toegedraai en neergelê in ’n graf wat uit ’n rots gekap was, waar nog nooit iemand in gelê het nie. En dit was die dag van voorbereiding, en die sabbat wou aanbreek” (Luk. 23:53-54). Die Sabbat wat op die punt was om teen sononder daardie aand aan te breek, was sonder enige twyfel die weeklikse Sabbat. Indien dit die Pasga was wat sou aanbreek, dan beteken dit dat Hy ’n dag voor die Pasga-fees gekruisig is en dat die Pasga nie dag en datum vervul is nie. Hy is juis op die feesdag gekruisig, die dag toe die slag van die offerlam in Egipte die begin van Israel se uittog uit slawerny was.

Groot betekenis van die lam

Die kern van die Pasga was die offer van die lam – die besprinkeling van die bloed – en niks meer nie: “Dit is ’n paasoffer aan die HERE” (Ex. 12:27). Die bloed moes aan die deur van die Israeliete se huise gesprinkel word, want God het gesê: “As Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan” (Ex. 12:13). In die Engelse teks kom die betekenis van Paasfees duideliker uit: “When I see the blood, I will ***pass over*** you” (beklemtoning bygevoeg). Diegene wat onder die bloed skuil, sal dus oorgeslaan of verbygegaan word, met ander woorde hulle sal verontskuldig en vrygespreek word.

Hierdie fees se naam is dus van die offer van die lam afgelei. Dit het op die 14de dag van Nisan gebeur, gedurende die laaste paar ure van die dag. Direk daarna is die lam in die huise van die Israeliete ingeneem, met vuur gebraai en saam met ongesuurde brood en bitter kruie geëet. Teen hierdie tyd het ’n nuwe dag reeds begin; dit was die 15de dag van Nisan en is die feesdag genoem, die fees van die Pasga. Die slag van die lam en die besprinkeling van die bloed was die begin van Israel se uittog en die grondslag van alles wat gevolg het (Downie, 1994:44).

Die betekenis van die Pasga is op drie vlakke geleë. Eerstens moes die bloed hulle beveilig. Hulle moes God se voorsiening vir redding aanvaar deur die lam te slag, sy bloed aan hulle huise te sprinkel en dan onder die bloed te skuil – dan alleen sou hulle veilig wees. Tweedens het hulle die woord van God gehad as ’n vaste belofte dat Hy hulle sou aanneem en beskerm indien hulle sy opdragte uitvoer. Derdens moes die lam ook geëet word om krag te kry vir die moeilike reis wat voorgelê het.

Op ’n soortgelyke wyse het die gelowige in Christus die bloed van die Lam vir redding, maar hy moet die soendood van Christus in die geloof vir homself aanneem deur ten nouste met sy dood te identifiseer en daaraan gelykvormig te word (Rom. 6:5; Gal. 2:20, 6:14; Fil. 3:10). Indien ons met die bloed gereinig is, sal God ons “oorslaan” en van sy oordele vryspreek. Verder is Christus vir ons die brood en water van die lewe (Joh. 6:33-35). Hy versterk ons daagliks om die goeie stryd van die geloof te kan stry en vordering op die pad van geloof te maak.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Israeliete eers die bloed op plekke moes aanwend wat deur God bepaal is, en dan in hulle huise moes ingaan om deur die lam gevoed te word. Hulle kon die lam nie buitekant eet nie, omdat hulle eers onder die beskerming van die bloed moes wees – eers gered. Dit is op hierdie punt waar baie Christene van die Here se pad afwyk deur die orde te verander en sekere seëninge van Christus te probeer verkry sonder om eers seker te maak dat hulle deur sy bloed gereinig is. Hulle probeer sonder sukses om Christus lief te hê, te dien en te volg en wonder dan waarom hulle nie daarin kan slaag nie. Baie van hulle vertrou Christus vir genesing en ander seëninge, sonder om eers volgelinge van Hom te word (vgl. Luk. 17:11-19).

Toe God die Israeliete gered het, het Hy hulle nie net van die dood gered nie, maar aan hulle ’n nuwe lewe gegee asook die middele om daardie lewe te onderhou. Dit is presies wat redding is: daar is verlossing van die dood en die oordeel wat deur sonde veroorsaak is, maar ook die gawe van ’n nuwe lewe wat deur die Heilige Gees in ons bewerk word: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir

julle, wie my woord en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe" (Joh. 5:24). Na redding en weergeboorte is daar 'n nuwe lewe wat deur 'n versorgende God onderhou en versterk moet word.

In die noukeurige voorskrifte oor hoe die lam geëet moes word, is die Israeliete beveel dat dit oor die vuur gebraai moes word: "En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet. Julle moet daarvan nie eet as dit rou is en as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai" (Ex. 12:8-9). Die braai van die lam oor vuur is 'n tipe van die oordele van God. Hierdie idee kan nie paslik oorgedra word deur 'n rou of gekookte lam nie, daarom moes die lam deur die vuur gaan. Dit herinner ons aan die ware Lam van God wat deur die vuur van God se oordele oor die sonde gegaan het. Dit was die dood van die lam, en nie sy lewe nie, wat verlossing vir die Israeliete bewerk het, en net so ook is dit die dood van Christus waardeur ons vryspraak verkry.

Die Persoon van Christus moet nooit van sy dood losgemaak word nie. Paulus het gesê: "Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde" (1 Kor. 2:2). Ons moet Hom altyd loof vir sy opofferende liefde. Dit is om hierdie rede dat die herinneringe aan Gólgota altyd vars sal bly, lank nadat ons aardse bestaan verby is (Op 5:9).

Die bitter kruie verwys na die lyding van die lam. Gemeenskap met Christus behels gemeenskap aan sy lyde (Fil. 3:10; 1 Pet. 4:13). Ons moet 'n kruis opneem as ons Hom wil volg (Luk. 9:23). Downie (1994:48) sê: "Hoe dikwels probeer ons om die bitter ondervindings van die lewe, die bitter kruie en die bitter waters, te ontvlug! En tog word die genade van die Christelike lewe in sulke ondervindings verkry. Ons word volwasse Christene deur lyding. Beproewings skep 'n behoefte aan geloof, lankmoedigheid, nederigheid en goedhartigheid. Deur vele verdrukkings sal die siel deur die poorte van die hemelse koninkryk gaan om die rykdom daarvan te beërf."

Groot haas op die reis van die bevrydes

Die lam moes haastig geëet word (Ex. 12:11), met die heupe omgord, skoene aan die voete en 'n staf in die hand. Daardeur het die Israeliete hulle gretigheid en gereedheid aangedui om Egipte te verlaat, wat 'n aanduiding van die ou lewe was. Geen tyd moes verspil word nie. Gelowiges moet haastig wees om Egipte (die sondige wêreld waarvan hulle deel was) te verlaat en te hardloop na die nuwe lewe wat daar in Christus is. Gretigheid en toewyding moet kenmerke wees van ons nuwe lewe en diens aan die Here: "Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus" (1 Pet. 1:13).

Ons moet skoene aan ons voete hê waardeur "bereidheid vir die evangelie van vrede" aangetoon word (Ef. 6:15). "Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig" (Rom. 10:15). Ons moenie traag wees in die uitvoering van goddelike geleenthede, voorregte en beloftes nie. Die staf in ons hand verwys na die gelowige se outoriteit in Christus. "Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie" (Gal. 5:1). Sonde moenie toegelaat word om weer oor ons te heers nie.

Die haas waarmee die Israeliete die paaslam geëet het, benadruk die feit dat ons as gelowiges in Christus net 'n kort lewe het om meer van die Here Jesus te leer en onsself bruikbaar te maak as voorwerpe van diens in die uitbreiding van sy koninkryk. Gebruik ons ons tyd tot die beste moontlike voordeel? Voed ons onsself uit die Woord wat vlees geword het, en leer ons elke dag meer van Hom?

Daar moet nie aan omdraai gedink word wanneer ons op die reis na die Beloofde Land is nie, al is die reis ook hoe moeilik. Moet nooit, soos die teruggevallenes, na die wêreld omdraai en hulp van goddelose mense soek om jou probleme op te los nie: "Wee hulle wat na Egipte aftrek om hulp ... maar hulle sien nie op die Heilige van Israel en hulle soek nie die HERE nie" (Jes. 31:1). Christus is ons Herder wat ons op weë van geregtigheid lei.

Die Paasfeesmaal (*Seder*)

Hoe vier die Jode vandag Paasfees? Intensiewe voorbereidings is nodig vir die Paasfeesmaal, soos beskryf deur Arnold Fruchtenbaum (1991) in sy boek: *A Passover haggadah for Jewish believers.*

Wanneer die tafel gedek word, word 'n ereplek vir Elia gereserveer. Daar word geglo dat hy die aankondiger van die koms van die Messias is, daarom word 'n plek vir hom oopgehou indien hy op hierdie plegtige aand sou kom om die blye tyding te bring dat die Messias uiteindelik gekom het. Victor Buksbazen (1954:8) sê: "Volgens die rabbi's sal die Messias heel waarskynlik in die nag van Paasfees kom. Om hierdie rede word daar 'n plek aan die tafel vir Elia gedek, die tradisionele beker van Elia word gevul, en 'n leë stoel wag op die hemelse besoeker. Sal hy kom? Sal hy van die wyn drink? Hierdie is stille vrae in elke hart. ... Watter vurige hoop word nie deur die beker gesimboliseer nie, en hoe word drome nie vernietig by die aanskouing dat die beker onaangeraak gebly het nie!"

Chumney (1994:37-46) identifiseer die volgende vyftien stappe in die Paasfees *Seder,* soos wat dit vandag beoefen word:

1. Die beker van heiligmaking (*kaddesh*). Die eerste beker met ongegiste wyn word die beker van heiligmaking genoem. Voordat die wyn gedrink word, word 'n seën uitgespreek: Geseënd is U, Here onse God, Koning van die heelal, wat die vrug van die wynstok gemaak het." Gedurende die Paasfees het Jesus gesê: "Ek is die ware wynstok" (Joh. 15:1).
2. Die was van hande (*u-r'chatz*). Geen seën word uitgespreek nie.
3. Die eet van groen kruie (*karpas*). Dit verwys na die gebruik in die *Seder* wanneer die aanwesiges groente in soutwater doop en dit eet.
4. Die breek van brood (*yachatz*). Gedurende die viering van Paasfees word drie koekies ongesuurde brood (ekv. *matzah* mv. *matzot*) opmekaar gesit met servette tussen hulle. Die middelste koekie, bekend as *afikomen* ("dit wat daarna kom") word in twee gebreek. Die een stuk word tussen die aanwesiges rondgestuur en hulle eet dit, maar die groter gedeelte word in 'n servet toegedraai om later geëet te word. Die Messiaanse vertolking van die drie stukke *matzot* is dat hulle God die Vader, Jeshua die Messias, en die Heilige Gees voorstel. Die middelste stuk, die *afikomen,* word gebreek, 'n gedeelte word geëet en die res weggesteek om dan later gevind te word. Dit getuig van die dood, begrafnis en opstanding van Jeshua. Jesus Christus is die ongesuurde brood wat vir ons gebreek is (vgl. Luk. 22:19).
5. Die vertel van die verhaal van die uittog (*maggid*). Die *maggid* sluit af met die tweede beker wyn, wat as die beker van toorn bekendstaan. Daar word nie uit hierdie beker gedrink nie, maar die inhoud daarvan word op die tafel uitgegooi terwyl die plae van Egipte geresiteer word. Wanneer die storie van die uittog vertel word, moet elke persoon dit ervaar asof God hom persoonlik uitgered het: "En jy moet jou seun op dié dag vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat die HERE aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het" (Ex. 13:8). Jesus het die beker van God se toorn gedrink toe Hy in Getsémané was, kort voordat Hy aan die kruis gesterf het (Luk. 22:42-44).
6. Die was van die hande met 'n seën (*rachtzah*).
7. Die seën van die brood (*motzi*). Hierdie seën word soos volg uitgespreek: "Geseënd is U, Here God, Koning van die heelal, wat brood uit die aarde laat voortkom." Hierdie seën is 'n profesie oor die opstanding van die Messias uit die aarde, omdat Hy die gelowige se brood is (Joh. 6:47-51).
8. Die eet van die brood (*matzah*). Die Paasfees word die tyd van ons vryheid genoem. Op hierdie dag word jy uit die slawerny van Egipte verlos, wat geassosieer word met slawerny aan die sonde. Noudat jy vry is, word jy as 'n koning gesien. Konings leun tradisioneel agteroor tydens hulle etes, daarom leuen aanwesiges ook agteroor tydens gedeeltes van die Paasfees *Seder*. Gelowiges in Jesus is priesters en konings voor God (1 Pet. 2:9; Op. 1:6; 5:10).

9. Die bitter kruie (*maror*) word geseën en geëet. Hierdie bitter kruie verwys simbolies na die lyding van die Messias.
10. Die brood en bitter kruie word saam geëet (*korech*).
11. Die ete word genuttig (*shulchan orech*).
12. Die *matzot* wat weggesteek is (*afikomen*) word gevind, oopgemaak en dan geëet (*tzafun*).
13. Die uitspreek van die seën na die ete (*barech*). Na die *barech* word seën vir die wyn oor die derde beker uitgespreek, waarna die wyn gedrink word. Dit is die beker van verlossing: "Net so *neem Hy* [die Messias] ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word" (Luk. 22:20). Paulus sê: "Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?" (1 Kor. 10:16).
14. Prysliedere (*hallel*). Psalms 115 tot 118 word gesing as lofprysing teenoor God. Die vierde beker word nou gevul en die deur word oopgemaak vir Elia om in te kom en die koms van die Messias aan te kondig.
15. Alles is afgehandel (*nirtzah*). 'n Laaste lied word gesing, wat eindig met die frase: "Volgende jaar in Jerusalem!" (vgl. Matt. 26:30).

Uit gebruike soos die voorbereidings vir die moontlike verskyning van Elia, is dit duidelik dat ortodokse Jode nie vir Jesus as Messias erken nie, en steeds vir 'n ander Messias wag om te kom. Die vervulling van al die simboliese handelinge in die *Seder* maaltyd ontwyk hulle nog steeds, en dit sal aanhou om te gebeur totdat hulle oë oopgaan vir die wonderlike vervulling van Paasfees rituele in die offer van die vlekkelose Lam van God. Diegene wat in Jesus glo, weet dat die vierde beker ná die wederkoms van die Messias nuut in sy koninkryk gedrink sal word (Matt. 26:29).

In die lig van die Ou-Testamentiese Paasfees is dit nog wonderliker om te let op hoe die Here Jesus die Nagmaal ingestel het, en daardeur al die verhewe beginsels en profetiese verwagtings van die Paasfees vervul het. Paulus sê:

"Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom" (1 Kor. 11:23-26).

Hierdie Christelike seremonie van herinnering en toewyding verleen aan ons 'n wye perspektief op die nuwe lewe waarin ons terugkyk na die Verlosser se kruisiging, en ook uitsien na sy wederkoms wanneer sy koninkryk in heerlikheid geopenbaar sal word. In hierdie perspektief op ons lewens word daar geen voorsiening gemaak vir die tyd voor Christus toe ons nog slawe van sonde was nie. Om hierdie rede het almal van ons ook 'n "godsdienstige kalender" waarin ons dié dinge vergeet wat agter ons lê (Egipte en die woestynlewe van ongeloof) terwyl ons uitsien na die koms van die Koning wanneer ons saam met Hom sal regeer. In hierdie sin kan ons ook sê: "Volgende jaar in Jerusalem!" omdat ons glo dat Jesus Christus spoedig sal terugkeer om die troon van Dawid in Jerusalem te herstel en die wêreld daarvandaan te regeer (Luk. 1:32).

Tot dan moet ons die wedloop voor ons met volharding loop (Heb. 12:1-2). Christus moedig ons aan om die goeie stryd van die geloof tot aan die einde te stry: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee" (Op. 2:26). Die geheim van 'n lewe van oorwinning oor die vlees en die magte van die duisternis is die Lam wat sy lewe vir ons afgelê het. Om hierdie rede moet die viering van Paasfees (Nagmaal) tot aan die einde van die kerkdispensasie volgehou word: "Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom" (1 Kor. 11:26).

5. Fees van die Ongesuurde Brood

’n Verlengde fees van sewe dae is ingestel vir die week wat direk op Paasfees gevolg het, en was daarop gerig om ’n geestelike en morele transformasie teweeg te bring onder Israeliete wat die verlossing aanvaar het wat God deur die offer van die paaslam aan hulle gebied het: “…en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van die HERE; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet. Op die eerste dag moet daar vir julle ’n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie” (Lev. 23:6-7).

’n Gepaste reaksie op Paasfees moes gedemonstreer word deur diegene wat deur God vrygespreek is. Dit is waarom hierdie fees eintlik net ’n verlenging van die Paasfees is: “En die Fees van Ongesuurde Brode, wat Pasga genoem word, was naby” (Luk. 22:1).

Terwyl die Pasga ’n tipe is van Christus se soendood waarin Hy aan al die eise van God se regverdige straf oor sonde voldoen het, dui die Fees van Ongesuurde Brood op gelowiges se verpligting om hulle gedrag so te verander dat hulle volgens sy standaard van heiligheid sal leef en dus vir Hom aanvaarbaar sal wees. Verskeie voorskrifte is gegee, insluitend simboliese handelinge, om ’n verhouding met God te bou deur die Israeliete wat uit hulle sondige verlede in Egipte gered is.

Vir die ortodokse Jode is die betekenis van hierdie fees in selfondersoek en verootmoediging geleë. Suurdeeg is ’n beeld van sonde, daarom simboliseer die eet van ongesuurde brood die nastreef van ’n heilige lewe. Tydens die volle duur van die fees moet suurdeeg, wat hoofsaaklik uit krummels en brokstukke van gesuurde brood bestaan het, uit hulle huise verwyder en verbrand word: “Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet; alreeds op die eerste dag moet julle die suurdeeg uit julle huise verwyder. Want elkeen wat gesuurde brood eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié siel moet uit Israel uitgeroei word” (Ex. 12:15).

Hierdie fees is vervul toe Christus gesterf het. Hy was die koringkorrel wat in die grond geval en gesterf het sodat dit kan groei en veel vrug dra (Joh. 12:24). As die volmaakte en sondelose Seun van God was Hy die ongesuurde brood van die lewe deur wie ons tot geestelike lewe kon kom. Dit is waarom Jesus gesê het: “Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee” (Joh. 6:51).

Paulus sê dat hierdie fees inderdaad ’n Christusgesentreerde ervaring is waarin almal van ons moet deel: “Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat ’n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle ’n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuurd is – want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid” (1 Kor. 5:6-8).

Die verwydering van suurdeeg uit huise

In die Ou Testament is ’n seremonie gevolg waarin suurdeeg in die huise van Israeliete gesoek en verwyder is. Dit is voor die Fees van Ongesuurde Brood gedoen en was ter voorbereiding op die fees. Die vrou moes eers die huis deeglik skoonmaak deur alle suurdeeg daaruit te verwyder – gewoonlik was dit krummels van brood wat met suurdeeg gebak is. In die Bybel is suurdeeg ’n simbool van sonde. Chumney (1994:59) verduidelik hierdie gebruik soos volg:

“Terwyl sy die huis skoongemaak het, moes die huisvrou doelbewus tien klein stukkies gesuurde brood in die huis los. Die pa en die kinders het dan ’n kers (of olielampie), ’n houtlepel, ’n veer en ’n stukkie materiaal geneem en deur die huis begin soek na die tien stukkies suurdeeg. Die aand laat voor die Paasfees (*Pesach*) is ’n laaste intensiewe soektog onderneem. Teen hierdie tyd was die huis heeltemal donker, behalwe vir die kerse. Wanneer die pa die gesuurde brood gekry het, het hy die kers langs dit neergesit, asook die houtlepel. Hy het die veer gebruik om die suurdeeg op die lepel te vee. Sonder om aan die suurdeeg te raak, het hy die veer, die lepel en die suurdeeg geneem, in die doekie toegedraai en by die deur uitgegooi. Die volgende oggend (die 14de dag van Nisan), het hy na die sinagoge gegaan en die doekie met die inhoud daarvan in ’n vuur gegooi om te verbrand.

Die Nuwe-Testamentiese weergawe van hierdie gebruik word so deur Chumney (1994:59-60) verduidelik: “Geestelik moet ons lewens van die suurdeeg van sonde gereinig word deur die Heilige Gees toe te laat om deur middel van die kennis van Jeshua en die Skrifte die sonde in ons lewe te openbaar. Dit is slegs deur God se Woord dat ons in staat is om sonde in ons lewe te kan identifiseer. In Psalm 119:105 staan daar: ‘U Woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my pad’. Die geestelike betekenis van die kers is dat dit die Woord van God voorstel. Die veer beeld die Heilige Gees uit. Selfs al het ons die Woord van God, het ons die Heilige Gees nodig om die hele Bybel vir ons te verlig. ... Die lepel stel die kruis voor waaraan Jeshua gesterf het (Deut. 21:22-23). Die suurdeeg (sonde) is op die lepel (die houtkruis) gevee as deel van die seremonie. Net so ook is ons sonde op Jeshua gewerp (2 Kor. 5:21) toe Hy aan die kruis gesterf het.”

Die Heilige Gees wat ons wederbaar, het ook gekom om ons te heilig deur ons in staat te stel om in ’n nuwe lewe te wandel: “As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie” (Gal. 5:25-27). Ons lewens moet van alle suurdeeg van sonde en vleeslikheid gereinig word.

Die suurdeeg van sonde

Die Fees van Ongesuurde Brood is sewe dae lank gehou. In die Bybel is sewe die getal van volmaaktheid en volheid. Die gelowige wat hierdie fees hou, moet dit ten volle vir die Here hou en homself reinig. Hierdie fees vereis volkome afsondering van alles wat sondig is, terwyl ons daarop ingestel moet wees om onsself net te voed met Jesus wat die ongesuurde brood van die lewe is.

Ons word herhaaldelik gewaarsku teen die vernietigende gevolge daarvan om die suurdeeg van sonde in ons lewens toe laat. Die volgende is verskillende tipes suurdeeg waarteen die Bybel ons waarsku:

Die ou suurdeeg (1 Kor. 5:7-8). Dit verwys na ou gewoontes en sondes waarby mense voor hulle bekering betrokke was. Hierdie sondes het deur die mag van die gewoonte gevestigde gebruike geword, en kan maklik weer hulleself hervestig tydens oomblikke van swakheid of ’n gebrek aan waaksaamheid. Die Here het vir Israel gesê: “Volgens die werke van die land van Egipte waar julle in gewoon het, mag julle nie doen nie; en volgens die werke van die land Kanaän waarheen Ek julle bring, mag julle nie doen nie, en julle mag in hulle insettinge nie wandel nie” (Lev. 18:3). Die sondige gedrag van die heidenwêreld waaruit ons kom, sowel as die bose gewoontes van die ongeredde mense wat ons in die loop van ons nuwe lewe ontmoet, moet nie deur ’n Christen nagevolg word nie. Geen kompromie van enige aard mag gemaak word nie, want ’n bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur (1 Kor. 5:6). Indien die dinge wat deur die wêreld as reg en aanvaarbaar beskou word, nie aan Bybelse standaarde voldoen nie, moet geen plek daaraan gegee word in ’n Christen se lewe nie.

Die suurdeeg van ondeug en boosheid (1 Kor. 5:8). Dit is verbasend om te sien hoe dikwels

hierdie twee woorde wat ’n hoogs vervalle lewenstyl beskryf, in die Nuwe Testament vir Christene gebruik word. Paulus sê aan die Efésiërs: “Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid” (Ef. 4:31). Petrus waarsku Messiaanse gelowiges in Israel teen dieselfde neiging tot boosheid: “Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpratery” (1 Pet. 2:1). Dit is ongelooflik hoe losbandig Christene soms kan raak. Mense wat in sonde volhard, is geestelik besig om na Egipte terug te keer, en loop gevaar om hulle geloof te verloor as hulle hulleself nie bekeer nie. Paulus het die teruggevalle Hebreeuse Christene sterk vermaan en hulle tot bekering en volharding opgeroep:

“Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle ’n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie. Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie. Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou” (Heb. 3:12-14).

Die suurdeeg van sonde het hulle geloof in die Messias ondermyn, en hulle het nie langer aktief hulle siele met die ongesuurde brood van die lewe gevoed nie. Indien hulle aangehou het om te sondig, sou hulle met bose en ongelowige harte eindig en daardeur van die lewende God afvallig raak.

Die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs (Matt. 16:6). Hulle misleidende leerstellings was soos suurdeeg wat tot die hele volk deurgedring en hulle besoedel het. Die Fariseërs het hulle wêreldgesindheid en hebsug agter ’n kleed van godsdienstigheid verberg en hulle posisie as ’n masker gebruik om hulle ware karakter te verbloem. Hulle was uiterlik die mees godsdienstige mense van hulle tyd, maar innerlik was hulle vol bedrog. Hulle het nie vir Jesus as die beloofde Messias erken nie, en sy aanspraak dat Hy die Seun van God is, totaal verwerp. Die Sadduseërs was geesgenote van hulle, maar anders as die Fariseërs het hulle nie aan engele, die hiernamaalse lewe en die opstanding uit die dood geglo nie. Hierdie leiers was sekulêr in hulle uitkyk op die lewe en het politiek belangriker as godsdiens geag. Die gewone mense is herhaaldelik teen die dubbele standaarde en valse leerstellings van die Fariseërs en Sadduseërs gewaarsku.

Ons leef in soortgelyke tye vandag: die Godheid van die Here Jesus, sowel as sy opstanding uit die dood, word deur baie van die moderne skrifgeleerdes verwerp. Die eindtydse skynheiliges is ook baie hebsugtig en magshonger. Hulle spreek kwaad van evangeliese gelowiges wat hulle teëstaan en weier om hulle verdorwe leerstellings te aanvaar. Evangeliegesinde mense het egter geen keuse as om die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs te verwerp nie.

Die suurdeeg van Herodes (Mark. 8:15). Hierdie man was ’n godsdienstige opportunis. Hy het baie van die Joodse godsdiens geweet en was ook goed ingelig oor die bediening van Jesus van Nasaret. Hy wou in werklikheid baie graag vir Jesus sien en was baie bly toe dit gebeur het (Luk. 23:6-8). Herodes was egter nie van plan om tot bekering te kom en ’n dissipel van Jesus te word nie – hy wou slegs van die wonderwerke sien wat Hy gedoen het. Hierdie soort godsdienstige opportunisme is in ons tyd aan die orde van die dag. Baie mense stroom na byeenkomste waar daar genesings plaasvind en opspraakwekkende tekens en wonders gedoen word, maar hulle het geen begeerte om hulleself te verneder en dissipels van die Lam van God te word nie. Hulle is geïnteresseerd in goddelike seëninge en ’n skouspel van bonatuurlike krag, maar sien nie kans om aan die eise van die evangelie te voldoen nie.

Die suurdeeg van valse leerstellings (Gal 5:9). Paulus spreek ’n ernstige probleem aan in verband met die valse evangelie van wettisisme wat in die gemeente van die Galasiërs verkondig is, en vergelyk dit met die deurdringende werking van suurdeeg. Die valse profete het verkondig dat geloof in die Messias nie genoeg was vir redding nie, en dat lede van die kerk ook die Tora moes onderhou en besny word. Paulus het in geen onduidelike terme nie gewaarsku teen ’n valse evangelie waarin die wet en genade vermeng word:

“Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie. Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny,

Christus vir julle tot geen nut sal wees nie. En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou. Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval" (Gal. 5:1-4).

Paulus was baie ontsteld oor die manier waarop die Galásiërs hulleself vir die suurdeeg van misleiding oopgestel het. Hulle het probeer om die eise van die wet toe te voeg tot die verlossing wat aan hulle gebied is deur die Lam van God: "O, Onverstandige Galásiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig? Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?" (Gal. 3:1-3). Paulus het die gekruisigde Christus duidelik en gevoelvol aan hulle verkondig, maar hulle oë is afgewend van die kruis af na die wet toe. Dit was onverskoonbaar.

'n Ander evangelie (vgl. 2 Kor. 11:4) wat gebaseer is op 'n samevloeiing van die wet en genade, is in ons tyd vinnig besig om in gewildheid toe te neem. Dit begin gewoonlik met die onderhou van seremoniële wette oor heilige dae (Sabbatte), maar sommige mense gaan verder en bevestig ook die ou verbond deur middel van die besnydenis. In verband met die heilige dae van die ou verbond sê Paulus: "Maar noudat julle God ken, of liewer deur God geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien? Julle neem dae en maande en tye en jare waar" (Gal. 4:9-10). In sy kommentaar oor hierdie verse sê Campbell (1983:602) die volgende:

"Onder die invloed van Judaïseerders het die Galásiërs weer die Mosaïese kalender begin volg. Hulle het spesiale dae waargeneem (die weeklikse sabbat), en maande (nuwe mane), en seisoene (seisoenale feeste soos Paasfees, die Pinksterfees en die Loofhuttefees), en ook jare (sabbatsjare en jubeljare) – vergelyk Kolossense 2:16. Hulle het gemeen dat deur hierdie spesiale tye te onderhou, hulle ekstra guns in die oë van die Here sou vind. Paulus het dit egter duidelik gemaak dat hulle deur die werke van die wet niks tot hulle geloof as die grondslag vir hulle regverdigmaking of heiligmaking kon toevoeg nie."

In die plek van die suurdeeg van misleiding moet ons die ware boodskap van God se plan met die mensdom verkondig. Die basiese en baie kosbare les wat ons van die sewe feeste leer is dat hulle God se plan vir die verlossing van Israel en die nasies openbaar. In die Messiaanse era word die feeste op so 'n manier gevier dat die Messias geëer en verhoog word, en dit moet op 'n baie meer gereelde basis gedoen word as wat deur die program van Ou-Testamentiese feeste vereis word. Dit is die rede waarom Paasfees onder die nuwe verbond vervang is deur die Nagmaal, wat gevier kan word so dikwels as wat ons wil.

Die kruisiging van Christus is die kern van die evangelieboodskap en moet altyd verkondig word. Dit sou verkeerd wees vir Christene om die Ou-Testamentiese Pasga te vier waarin die simbole (die wyn en ongesuurde brood) nie regstreeks met Jesus as die Lam van God in verband gebring word nie, en waarin die deur vir Elia oopgemaak word om die koms van die Messias aan te kondig asof Hy nog nie gekom het nie. Dit kom neer op die verloëning van die Messiasskap van Jesus, daarom kan Christene geen deel hê in die ontkenning van die Messiaanse vervulling van Paasfeessimbole nie.

Net so ook is die Fees van Ongesuurde Brood in Jesus vervul, en ons het die verpligting om heiligmaking so dikwels en duidelik as moontlik aan Christene te leer. Die Fees van Eerstelinge is in die opstanding van Christus vervul, en ons het die voorreg om elke dag van die week daaraan te dink, maar veral op Sondae. Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag is die oorsaak van 'n Nuwe-Testamentiese viering van Pinkster wat drasties van die Ou-Testamentiese roem in die Tora verskil.

Wat die boodskap van die laaste drie feeste betref, verbly ons onsself in die profetiese perspektief wat ons deur 'n studie van die feeste verkry. Ons gee uitdrukking aan hierdie verwagting deur oor die wederkoms van Christus te preek en te skryf, en ook deur onbekeerlike sondaars teen die komende Antichris se misleiding en sy daaropvolgende skrikbewind te waarsku. Ons het 'n groot aantal Nuwe-Testamentiese profesieë om by dié van die Ou

Testament te voeg, daarom kan ons met groot gesag oor die eindtyd praat sonder om datums vir Christus se wederkoms te probeer bepaal.

Israeliete moes alle suurdeeg uit hulle huise verwyder (Ex. 12:15). Die hoof van die huis is nie alleen verbied om gedurende die fees suurdeeg te eet nie, maar hy moes ook seker maak dat daar nie suurdeeg in sy huis was nie. Hugh Downie (1994:60-61) sê dat beide persoonlike en kollektiewe heiligheid noodsaaklik is vir ons. Ons persoonlike lewens moet skoon wees en ons verhoudings suiwer. Dit laat ’n belangrike vraag ontstaan oor wat toelaatbaar is, nie alleen in ons eie lewe nie maar ook in die kringe waarin ons beweeg. As individue is ons verantwoordelik om suurdeeg uit ons eie lewens te hou, en as ouers moet ons toesien dat daar nie suurdeeg in ons huise en gesinne is nie. Baie mense wat streng daarby hou om suurdeeg uit hulle kerke te hou, is nie so streng in hulle eie huise nie, ten spyte daarvan dat die gesinslewe net so belangrik as die kerklike lewe is.

Alle ouers wat nougeset is en ’n goeie onderskeidingsvermoë het, besef hoe moeilik dit is om groeiende kinders binne redelike perke te hou. In die tyd waarin ons leef is dit moeilik en gevaarlik vir jongmense, en ons het meegevoel met hulle in hulle probleme en stryd. Nogtans is dit die ouers, en nie die kinders nie, wat die huis moet regeer. Die pa en ma moet die finale sê hê oor wat in die huis toegelaat word, en die ouer wat nie sy godgegewe gesag beoefen nie, stuur af op ’n ramp in sy gesin.

Daar het ’n groot straf gerus op die ontdekking van suurdeeg in die huis. “Want elkeen wat gesuurde brood eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié siel moet uit Israel uitgeroei word” (Ex. 12:15). Die term “uitroei” kan een van twee dinge beteken – die doodstraf soos in die geval van sabbatskenders (Núm. 15:36), of uitsluiting van die voorregte wat die volk van God geniet het, soos in die geval van Asárja (2 Kon. 15:5). Downie (1994:61-62) sê:

In die Nuwe Testament beteken uitroei (Engels *cutting off*) een van twee dinge, en soms albei – die verlies aan gemeenskap met God, of met die gelowiges. Ons kan nie in die duisternis wandel en gemeenskap hê met Hom wat die lig is, in wie daar geen duisternis is nie. Daar moet geen wolke van sonde tussen ’n gelowige en die Here wees indien ons werklik sy teenwoordigheid wil ervaar nie. In ekstreme gevalle, soos dié in Korinthe, word die oortreder uit die plaaslike gemeente geskors. Selfs in sulke gevalle moet dit egter in gedagte gehou word dat die einddoel met dissipline, altyd herstel is. Die Korinthiërs het die fout gemaak om aan te neem dat indien die oortreder van die gemeente afgesny is, die saak daarmee afgehandel was. Hulle moes daaraan herinner word dat dit hulle plig was om die persoon weer te probeer terugbring. Té dikwels word daar geen pogings aangewend om sulke persone terug te wen nie ... Gevalle van herstel is inderdaad baie seldsaam, en dit laat ons noodwendig tot die gevolgtrekking kom dat daar te min mense is wat aan die standaard van Galásiërs 6:1 voldoen.

Bly in Christus

Ons verhouding met die Here Jesus is ’n saak van uiterste belang, en almal van ons moet onsself ten volle oorgee om heilige lewens te lei en in Christus te bly. Hy vergewe menigvuldiglik en dit is slegs in uiterste gevalle dat die afsny of uitwerp van ’n teruggevalle gelowige sal plaasvind. Die Here Jesus sê: “Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand” (Joh. 15:4-6).

Wat van teruggevalle kerke? Kan hulle ook van gemeenskap met God afgesny word? Downie (1994:63) sê dat slegs God ’n gemeente kan afsny of, soos dit in Openbaring 2:4-5 gestel is, hulle kandelaar verwyder omdat hulle hul eerste liefde verlaat het. Dit is sy prerogatief en Hy laat dit nie aan kerke of ampsdraers oor om hierdie funksie te vervul nie. ’n Gemeente word afgesny wanneer dit ophou om te bestaan, en ongelukkig is dit glad nie ’n seldsame verskynsel nie. Die beëindiging van ’n gemeente beteken dat die Here hulle kandelaar van sy plek verwyder het, soos wat Hy met Éfese gedoen het. Wat ’n ernstige gedagte!

Die Here is nie tevrede met die suurdeeg van sonde in ons lewe nie, daarom maak Hy dit vir ons

moontlik om sonder die oorheersing van sonde te lewe. Selfs al sondig ons ook – en dit is altyd ’n moontlikheid – dan moet ons vertroebelde verhouding met die Here onmiddellik deur middel van belydenis en bekering reggestel word. Johannes sê: “My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het ’n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is ’n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld” (1 Joh. 2:1-2).

Hou aan om enige sondes te bely waarvan die Heilige Gees jou oortuig, en verbind jouself heelhartig daaraan om in die lig te wandel: “As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde” (1 Joh. 1:6-7).

Die werkwoord waardeur die Here reiniging aan ons beloof, is geskryf in die onvoltooide tydvorm wat beteken dat as ons in Hom bly en kontak met Hom behou, Hy ons voortdurend van alle sonde sal reinig. Op hierdie manier kan ons ons morele en geestelike rekord met die Here skoon hou en ’n lewe lei wat vry is van die besoedeling en oorheersing deur die suurdeeg van sonde.

6. Fees van die Eerstelinge

Hierdie fees is ook ten nouste aan die jaarlikse landbouaktiwiteite in Israel gekoppel. Die handeling van die insameling van die oes word metafories gebruik om die insameling van ’n geestelike oes vir die koninkryk van die hemel in Israel te beskryf, maar in ’n Nuwe-Testamentiese verband ook onder alle volke:

“Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring. En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die sabbat moet die priester dit beweeg” (Lev. 23:10-11).

Israel is ’n winterreënvalgebied en gedurende die lente word die eerstelingsgerf van die gars as ’n beweegoffer voor die Here gebring. Dit moes uitdruklik op ’n Sondag geskied (die dag ná die Sabbat), en was geestelik ’n baie belangrike gebeurtenis omdat die viering daarvan bedoel was om die volk Israel vir God welgevallig te maak.

Edward Chumney (1994:69-70) sê dat Israel baie vertroud was met die begrippe “eerste vrugte” en “eerstelinge”. Die eerste vrugte was altyd die keurigste, die belangrikste, die eerste, die beste, die voortreflikste van alles wat gevolg het. Dit was heilig vir die Here. Die begrippe van eerste vrugte of eerstelinge is ’n belangrike tema in die Bybel en kan in die volgende Skrifgedeeltes gesien word: Exodus 23:16, 19; 34:26; Levítikus 2:12, 14; 23:20; Númeri 18:12-15, 26; Deuteronómium 18:1-5; 26:2-4, 10; 2 Kronieke 31:5; Nehemía 10:35-39; Spreuke 3:9; Jeremia 2:3; Eségiël 44:30; 48:14; Hebreërs 6:20.

Die eerstelinge van beide mense en diere is geheilig en aan die Here gewy (Ex. 13:2; 22:9). Die eerste vrugte van die hele aarde is in lof en danksegging voor die Here se altaar aan Hom gewy (Deut. 26:1-11).

Die Fees van die Eerstelinge is baie naby aan die tyd van die Pasga gevier. Tydens die uittog uit Egipte was die gars, wat effens vroeër as die koring ryp word, reeds in die aar (Ex. 9:31). Dit gee verdere betekenis aan die lentemaand van Nisan as die begin van ’n nuwe lewe. Nie alleen het Jesus in hierdie maand uit die graf opgestaan nie, maar die Jode is ook in Nisan uit Egipte gelei. In die jaar 32 n.C. is hierdie seremonie op Sondagmôre die 16de dag van Nisan uitgevoer – die dag waarop Jesus uit die graf opgestaan het. Dit was die dag na die Sabbat: “En nadat Hy opgestaan het, vroeg op die eerste dag van die week, het Hy eers verskyn aan Maria Magdalena” (Mark. 16:9).

Die koringkorrel wat in die grond geval en gesterf het (die dood en begrafnis van Jesus), het op hierdie Sondagmôre toe Jesus uit die graf opgestaan het, sy eerste vrug opgelewer. Dit het ook die begin van die oes van mense aangedui, omdat die hele oes wat daarna ingesamel sou word, vir God aanneemlik sou wees deur die dood en opstanding van Jesus. Verder dui dit ook die oorgang van die ou na die nuwe verbond aan. Dit is waarom dit op ’n Sondag gebeur het, die eerste dag van die week en simbolies ook die begin van ’n nuwe dispensasie. Die dag van ons rus in die Here is verander van die sewende dag in die voorafgaande week na die eerste dag van ’n nuwe week in die dispensasie van genade. Weens die volbragte werk van Christus kan

ons elke Sondag opstandingsdag vier. Deur Hom het ons ’n nuwe verbond met God gesluit, en is dus aktiewe deelnemers aan die opstandingslewe van Jesus Christus ons Here. “... en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes” (1 Kor. 15:17).

Die Here Jesus word op verskillende maniere as die Eersteling uitgebeeld, die Een wat die hele oes van mense heilig wat in sy Naam gered sou word onder die nuwe verbond. Gesamentlik verteenwoordig hulle die oes van gelowiges wat in die hemelse skuur versamel sal word. Die volgende stellings oor Christus as die Eersteling is vir hierdie bespreking ter sake:

Hy is die eersgeborene van Maria. “Kyk, die maagd sal swanger word en ’n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons. En toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gedoen soos die engel van die Here hom beveel het en sy vrou by hom geneem; en hy het haar nie beken totdat sy haar eersgebore Seun gebaar het nie; en hy het Hom Jesus genoem” (Matt. 1:23-25).

Hy is die eniggebore [of eersgeborene] van die Vader: “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, ’n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid” (Joh. 1:14).

Hy is die eersgeborene van die hele skepping: “Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping” (Kol. 1:15).

Hy is die begin van die skepping van God (Op. 3:14).

Hy is die eersgeborene uit die dode: “Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom ... en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed” (Op. 1:4-5).

Hy is die eersgeborene onder baie broeders (Rom. 8:29).

Hy is die eersteling van die wat ontslaap het: “Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur ’n mens is, is die opstanding van die dode ook deur ’n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms” (1 Kor. 15:20-23).

Hy is in alles eerste: “Hy is die Hoof van die liggaam, *naamlik* die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees” (Kol. 1:18).

Jesus Christus is die Heilige Een van God en is deur die Vader geheilig. As die Eersgeborene van die Vader is Hy die eerste in die hele skepping, en deur Hom word die hele oes van gelowiges geheilig en vir die Vader aanneemlik gemaak.

Eerstelinge as die teken van regverdigmaking

Dit is duidelik dat ’n ritueel wat deel van ’n nuwe oesseisoen is, geensins tot Israel se regverdiging voor die Here kon bydra nie. Hierdie fees was ’n duidelike heenwysing na die nuwe lewe wat net deur die Messias aan hulle gegee kon word, asook na die feit dat sy opstanding die begin van die insameling van ’n groot oes vir die Here op aarde sou wees.

Christus is “opgewek ter wille van ons regverdigmaking” (Rom. 4:25), en ’n opgestane en opgevare Christus is die grondslag van ons aanvaarding deur God. Sonder die opstanding sou die dood van Christus vir mense gelyk het soos die dood van ’n edele martelaar. Geloof sou sy vaste anker verloor het sonder ’n lewende Christus wat die dood oorwin het. Hierdeur het Hy ook ’n groot oorwinning oor die duiwel behaal, “sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel” (Heb. 2:14).

In 1 Korinthiërs 15 verduidelik Paulus hoe absoluut noodsaaklik die opstanding van Christus is. Hy redeneer heeltemal tereg dat indien Christus nie opgestaan het nie, daar niks is wat die moeite werd is om voor te lewe nie; maar as Hy opgestaan het, dan het ons alles wat ons nodig het vir tyd en ewigheid. Die opstanding is die groot teken dat God tevrede is met die losprys wat

Christus namens alle sondaars aan die kruis betaal het. Verder is geloof in die opstanding noodsaaklik vir redding omdat dit geloof in die Godheid van Christus veronderstel. Slegs die vlekkelose Lam van God kon Homself as ’n aanvaarbare plaasvervanger vir sondaars aanbied om hulle sonde te dra en ook die dood en hel namens hulle te oorwin. Sy opstanding is die bewys van ’n wonderlike verlossing.

Die verband tussen sy dood en opstanding

Daar is ’n noue verband tussen die dood en opstanding van Jesus Christus, omdat die een ’n voorwaarde vir die ander was. Die weg na oorwinning en heerlikheid was deur die dood en opstanding: “Jesus antwoord hulle en sê: Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug” (Joh. 12:23-24).

Die koringkorrel moes eers in die grond gesaai word, anders sou daar nie ’n eerstelingsgerf wees nie en ook nie ’n oes daarna nie. Christus moes dus sterf en opstaan voordat daar ’n oes van verloste siele vir God ingesamel sou kon word. Downie (1994:68) sê:

“Soos die koringkorrel, was Christus absoluut alleen. Hy was die eniggebore Seun van die Vader, die enigste voorwerp van sy ewige liefde. Indien Hy nie gesterf het nie, sou Hy altyd alleen gewees het in sy ontoeganklike heerlikheid. As die koringkorrel het Hy alleen gesterf. Niemand kon deel in sy lyding vir sonde nie; niemand kon saam met Hom aan die skandelike kruis op Gólgota hang nie. Maar omdat Hy alleen gesterf en uit die dood opgestaan het, is Hy nie meer alleen nie. Hy is “die Eersgeborene uit die dode” (Kol. 1:18), “die eersgeborene ... onder baie broeders” (Rom. 8:29).

Ons moet ten nouste identifiseer met die dood en opstanding van Christus deur vir die ou lewe van sonde te sterf. Hy vergewe ons sondes en skenk aan ons deur die wedergeboorte ’n nuwe lewe wat aan sy opstandingslewe gelykvormig is:

“Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ’n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe” (Rom. 6:4-8).

Uit hierdie gedeelte is dit duidelik dat om in die dood van Christus gedoop te word, ’n geestelike ondervinding is waardeur ons met Hom in die gelykvormigheid van sy dood verenig word. Slegs dan, en dan alleen, sal ons volle deelname aan sy opstandingslewe kan hê. Ons moet ’n volle oorgawe aan Christus maak waarin ons onsself verloën en kruisig (die aflê van ons ou natuur) voordat dit vir ons moontlik sal wees om ten volle met Christus beklee te word deur die vervulling met die Heilige Gees, en daardeur in staat gestel word om in ’n nuwe lewe te wandel.

Christene wat nalaat om hierdie oorgawe te maak, word geestelik deur hulle ongekruisigde vlees afgetrek: “Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal 5:17; vgl. 1 Kor. 3:1-3). Die gees van God geniet nie volle beheer oor jou lewe solank as wat jou vlees nog nie aan die kruis van Christus oorgelewer is nie. Vir sulke mense is dit onmoontlik om uitvoering aan die volgende opdrag te gee: “Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie” (Gal. 5:16). Die geestelik onvolwasse Efésiërs is daaraan herinner dat hulle die ou lewe moes aflê voordat hulle in staat sou wees om met die opstandingslewe van Christus beklee te kan word: “... dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid” (Ef. 4:22-24).

In sy persoonlike lewe het Paulus ervaar dat die voortgesette vereenselwiging met die dood van Christus die sleutel is tot die ervaring van die krag van sy opstanding. Hy het dit as ’n

persoonlike doelwit in sy lewe gestel: “sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik” (Fil. 3:10-11).

Paulus het besef dat om ’n lewe te lei in die krag van Christus se opstanding, sal verseker dat ’n gelowige deel sal hê aan die opstanding van die regverdiges aan die einde van die kerkbedeling. Dit is ’n seën wat net aan gelowiges belowe word.

Verskillende opstandings

Daar is verskillende maniere en stadiums waarin die belofte van die opstanding in gelowiges se lewens vervul word. Eerstens word ons by wedergeboorte geestelik lewend gemaak en ontvang dan die opstandingslewe van Jesus Christus: “Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn” (Ef. 5:14). Ons staan op uit ’n geestelike dood, alhoewel ons fisiek nog steeds in sterflike liggame leef. Nietemin het ons reeds die versekering van die ewige lewe (Joh. 5:24).

As mense wat geestelik lewend is en, deur die inwoning van die Heilige Gees, wandel in die opstandingslewe van Christus, is ons vreemdelinge en bywoners in ’n bose wêreld. Ons sien uit na die wederkoms van Christus, wanneer ons ook ’n liggaamlike opstanding in ’n onsterflike liggaam sal verkry, en dan verheerlikte liggame sal hê soos die een waarin Christus uit die dood opgestaan het: “Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam” (Fil. 3:20-21).

Die Here Jesus het ook die opstanding van die gelowiges só verduidelik: “Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie” (Joh. 11:25-26).

Dit is ’n verwysing na die feit dat sommige van die geestelik weergebore mense wat steeds sal lewe wanneer Jesus kom, nooit sal doodgaan nie – hulle sal in ’n oogwink van sterflikheid tot onsterflik verander word (1 Kor. 15:51-54). Die ander wat al gesterf het, sal in verheerlikte liggame opgewek word en vir altyd leef.

Die Bybel onderskei duidelik tussen twee liggaamlike opstandings – een vir gelowiges en een vir ongelowiges. Die een word die opstanding tot die lewe genoem, die eerste opstanding of die opstanding van die regverdiges (Luk. 14:14; Joh. 5:29; Hand. 24:15). Die ander een word die opstanding van die veroordeling genoem (Joh. 5:29). Daar is tenminste ’n duisend jaar tussen hierdie twee opstandings, en hulle verskil ook wat hulle aard en gevolge betref (Op. 20:4-6).

Paulus verwys na die belangrike feit dat die eerste opstanding in verskillende fases plaasvind: “Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het” (1 Kor. 15:22-24).

Jesus Christus het self die eerste opstanding ingelui en dit daardeur vir almal wat in Hom glo, moontlik gemaak om in die wonderlike seën van die eerste opstanding te deel. Wanneer Christus aan die einde van die kerkdispensasie terugkom, sal die hoofoes van gelowiges in die hemel ingesamel word (1 Thess. 4:16-17). Daarna sal die gelowiges uit die verdrukking ook opgewek word (Op 20:4). Al hierdie gelowiges vorm deel van die eerste opstanding in Christus.

Wat ’n wonderlike toekoms het ons nie om na uit te sien nie! Jesus Christus, die vlekkelose Lam van God, het ons met sy kosbare bloed vrygekoop, Hy het die vyand van ons siele oorwin, Hy het uit die dood opgestaan en ook sy opstandingslewe aan ons geskenk. Ons kan nou uitsien na die dag wanneer ons nuwe, verheerlikte liggame tydens die opstanding van die regverdiges sal kry, en ook na die ewige lewe in sy heilige teenwoordigheid.

7. Pinkster (Fees van die Weke)

Hierdie fees staan ook as die Fees van Weke bekend, as gevolg van die sewe weke wat daar tussen die feeste van Eerstelinge en Pinkster moet verloop: “Dan moet julle tel van die dag ná die sabbat, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring – sewe volle weke moet dit wees; tot die dag ná die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle ’n nuwe spysoffer aan die HERE bring. Julle moet uit jul woonplekke twee beweegbrode bring; dit moet van twee tiendes *van ’n efa* fynmeel wees; gesuurd moet dit gebak word as eerstelinge aan die HERE” (Lev. 23:15-17).

Op die vyftigste dag, ’n Sondag, moes twee gesuurde brode as ’n beweegoffer voor die Here se aangesig gebring word. Onthou dat suurdeeg ’n simbool van sonde is, daarom verwys hierdie twee brode nie na die Messias nie. Hulle is profetiese simbole van twee groepe gelowiges – dié uit Israel en dié uit die nie-Joodse wêreld. Gelowiges uit Israel en die nasies is ten spyte van hulle verlossing nie sondeloos volmaak nie, daarom hierdie spesiale wydingsplegtigheid aan die Here. Dit is die betekenis van hierdie seremonie. Paasfees en die Fees van Ongesuurde Brood verwys na Jesus wat sonder sonde is, maar die Pinksterfees verwys na die heiliging van Israel en die kerk, waarin daar steeds sonde is.

Jode vier die begin van die dispensasie van die wet tydens Pinkster (afgelei van die Griekse woord *pentecostos* wat *vyftigste* beteken). Hulle glo dat die Israeliete op die 50ste dag nadat hulle Egipte verlaat het, reeds by Sinai was. God het die wet hier aan Moses gegee (Ex 19:1-3). Dit was vir die viering van hierdie fees dat Jode uit verskillende lande in Jerusalem byeengekom het op die dag toe die Heilige Gees uitgestort is (Hand. 2). Hulle het nie besef dat die Paasfees, die Fees van Ongesuurde Brood en die Fees van Eerstelinge reeds vervul is deur die versoeningswerk en opstanding van Jesus nie. Hulle was gevolglik ook onbewus van die feit dat die bedeling van die wet tot ’n einde gekom het.

Die nuwe dispensasie van genade wat deur die Heilige Gees bedien word, het die dispensasie van die wet vervang, “want die letter maak dood, maar die Gees maak lewend” (2 Kor. 3:6; vgl. Heb. 8:7-13 en Jer. 31:31). By Sinai het 3 000 mense gesterf omdat hulle onder die wet gestraf is weens afgodediens (Ex. 32:28). Op Pinksterdag, soos in die Nuwe Testament beskryf, is 3

000 mense gered toe die nuwe bedeling deur die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2:41) ingelui is.

Die begin van die kerkbedeling op Pinksterdag dui aan dat die voorafgaande bedeling van die wet vervang is. Dit was nog ’n voorbeeld van God se volmaakte tydsberekening, omdat 40 dae verloop het tussen die opstanding en hemelvaart van Jesus, en ’n verdere tien dae terwyl die dissipels gebid en op die belofte van die Heilige Gees gewag het. Dit is ’n totaal van 50 dae, presies dieselfde tyd as wat daar verloop het tussen die twee beweegoffers van Eerstelinge en Pinkster. Christene erken steeds hierdie chronologie, omdat ons Jesus se opstandingsdag op die Sondag na Goeie Vrydag vier, sy hemelvaart 40 dae later op ’n Donderdag, en Pinkster tien dae later, weer op ’n Sondag.

Dit is ook interessant dat Pinkster nie in isolasie gevier word nie. Die aftelling van 50 dae dien as ’n verbindingslyn tussen Pinkster en die eerste drie feeste. Dit vorm dus deel van die siklus van lentefeeste, en is ten nouste verbonde aan die Fees van Eerstelinge wat 50 dae vroeër gevier word. Om hierdie rede moet die uitstorting van die Heilige Gees altyd in sy noue verband gesien word met die hele reeks gebeure wat gelei het na die dood, opstanding en hemelvaart van die Here Jesus Christus.

By Sinai het God Homself op ’n nuwe en groter manier as in die verlede aan Israel geopenbaar. Uitgebreide nuwe wette en riglyne is gegee oor hoe om Hom te eer en te aanbid, en ook hoe om goddelike beginsels in menseverhoudings te handhaaf. Die feit dat hierdie wettiese riglyne bokant die vermoë van gevalle mense was om na te kom, het sterk klem gelê op die behoefte aan die koms van die Messias, asook die uitstorting van die Heilige Gees as die Een wat gelowiges in die hele waarheid kan lei.

Die opstanding van die Here Jesus op ’n Sondag (die dag na die Sabbat), asook die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster, weer op ’n Sondag, is die vroegste profetiese aanduidings in die Ou Testament van ’n toekomstige dispensasie in God se verlossingsplan waarin nuwe beginsels neergelê sou word oor hoe om Hom deur sy Seun te aanbid onder die leiding van die Heilige Gees. ’n Verhouding moet met sy Seun gehandhaaf word, en nie met die wet nie. Die hoofdoel van die gelowiges sou wees om die Messias te volg en aan sy beeld van geregtigheid gelykvormig te word, eerder as om die bepalings van skaduagtige rituele en wette uit te voer.

In die nuwe bedeling sou die Sabbat, die sewende dag wat deur die wet ingestel is, vervang word met die aanbidding van die Messias wat op die eerste dag van die week uit die graf opgestaan het. Hy het die wet vervul wat geen ander mens kon doen nie, die swakheid en onvermoë daarvan geopenbaar om Israel met God te versoen, bokant die eise daarvan uitgestyg en ’n nuwe standaard vir ware geestelikheid gestel, en ’n nuwe lewe van geloof in Hom deur die Heilige Gees bekendgestel. Sy dissipels is met sy Goddelike natuur toegerus, asook die motivering en krag om dienooreenkomstig te kan lewe.

Op Pinksterdag is die Heilige Gees uitgestort om gelowiges oral in staat te stel om met die Gees vervul te kan word. Die doel met hierdie ervaring is nie net om aan die eis van persoonlike heiligheid te voldoen nie, maar ook om die vrymoedigheid te hê om by die uitvoering van die Groot Opdrag van wêreldevangelisasie in te skakel. Ons is almal geroep om in die oeslande van die wêreld te arbei en ’n geestelike oes vir die koninkryk van die Messias in te samel.

Twee geestelike huwelike

Die gee van die Tora aan Israel op die 50ste dag na hulle uittog uit Egipte was ’n belangrike nuwe fase in die ontplooiing van God se roeping aan hulle om sy spesiale volk te wees. Die eerste uitstaande punt in die formalisering van hierdie verhouding was die teken van die besnydenis wat ingestel is as deel van die verbond tussen God, Abraham en sy nageslag deur Isak (Gen. 17:7-11). By Sinai is geestelike beginsels neergelê en eise gestel om te verseker dat Israel net die ware God, Jahweh, sou dien. Hy het gesê: “Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie” (Ex. 20:2-3).

Abraham was die eerste Hebreeuse gelowige wat deur God geroep is om oor te kom uit die heidenwêreld en Hom in ’n nuwe land te dien wat God aan hom en sy nageslag sou gee (die

woord *Hebreër* is afgelei van die werkwoord wat beteken “om oor te kom” of “om ’n oorgang te maak”). In die tipologie van Abraham se gesin is Abraham ’n tipe van God. Paulus beskryf hom as “die vader van ons almal” (Rom. 4:16) terwyl Jakobus na hom verwys as “’n vriend van God” (Jak. 2:23). Sy onvrugbare vrou, Sara, stel Israel voor in hulle oorwegend onvrugbare verhouding met God gedurende Ou-Testamentiese tye. Sy het haar rol as moeder eers op ’n hoë ouderdom vervul, baie op dieselfde manier as wat Israel eers geestelik sal ontwaak in ’n gevorderde stadium van hulle geskiedenis as God se uitverkore volk.

Sara het geboorte gegee aan Isak, die seun van die belofte. Abraham het sy seun baie liefgehad, daarom moes dit ’n baie traumatiese ervaring gewees het toe hy die volgende opdrag van die Here af ontvang het: “Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys” (Gen. 22:2). Abraham was gehoorsaam en gewillig om sy seun oor te gee om te sterf. Net so ook was Jesus die eniggebore en geliefde Seun van die hemelse Vader, wat gewillig was om Hom oor te gee om te sterf sodat Hy ’n losprys vir ons sonde kon word.

Isak en Jesus was albei bereid om te doen wat die Here gesê het. Isak het selfs die hout op sy skouers gedra en die berg uitgeklim waarop hy as ’n brandoffer sou sterf. Baie jare later is die tempel van die Here op daardie selfde berg gebou. Duisende diere is daar geoffer en was almal tipes van die uiteindelike offer van die Lam van God wat net buitekant die poorte van Jerusalem vir die sonde van die hele mensdom geoffer is. Soos Isak, was Jesus ook bereid om sy lewe af te lê, en Hy het die houtkruis op sy skouers gedra onderweg na die plek waar Hy geoffer sou word.

Isak is van die altaar af opgerig en aan sy vader teruggegee: “Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word – want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang” (Heb. 11:17-19). Baie eeue later het die Messias sy lewe gegee sodat ander gered kon word, maar Hy het uit die dood opgestaan en na sy Vader in die hemel teruggekeer. Hy het oorwinning oor die dood behaal.

Eliëser, die dienskneg van Abraham, was ’n tipe van die Heilige Gees en is deur Abraham gestuur om ’n vrou vir sy seun te vind (Gen. 15:2; 24:2-4). Na ’n lang reis het hy na Abraham teruggekeer met Rebekka, wat met Isak getroud is. Op soortgelyke wyse is die Heilige Gees deur die Vader uitgestuur om in ’n oorwegend heidenwêreld ’n bruid vir sy Seun te versamel. Aan die einde van die kerkbedeling, wanneer die bruidsgemeente van Christus gereed en voltallig is, sal sy na Jesus in die hemel weggeneem word waar die huwelik bevestig sal word. Johannes sê: “Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges” (Op. 19:7-8; vir ’n bespreking van die bruid van die Seun, sien Malan, 2009).

In die kern van Abraham se gesin was daar vyf lede wat tipes was van die drie-enige God (die Vader, die Seun en die Heilige Gees), asook van Israel, en van die kerk. Daar word in die Ou Testament dikwels na die huweliksverhouding tussen Israel en God verwys. Die Here sê vir Israel: “Want jou Maker is jou Man; Here van die leërskare is sy Naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal die God van die hele aarde genoem word” (Jes. 54:5). Ná ’n tyd van geestelike ontrouheid sal Israel se gebroke verhouding met God herstel word (Jes. 54:7; Hos. 2:14-17). Wonderlike beloftes word deur God gemaak oor Israel se eindtydse herstel:

“Die HERE het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met ’n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid. Ek sal jou weer bou, en jy sal gebou word, o jonkvrou van Israel! Jy sal jou weer versier met jou tamboeryne en uittrek in die koordans van die spelers ... Want so sê die HERE: Jubel oor Jakob van vreugde, en juig oor die hoof van die nasies; laat dit hoor, sing lof en sê: o HERE, verlos u volk, die oorblyfsel van Israel! Kyk, Ek bring hulle aan uit die Noordland en sal hulle bymekaar laat kom uit die agterhoeke van die aarde ... Hoor die woord van die HERE, o nasies, en verkondig in die kuslande wat ver is, en sê: Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos ’n herder sy kudde. ... Kyk, daar kom dae,

spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ’n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle ’n God wees, en hulle sal vir My ’n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie” (Jer. 31:3-4, 7-10, 31-34).

’n Geestelike opstanding lê vir die volk Israel voor. In hulle verblinde en agnostiese toestand was hulle reeds ’n seën vir die nie-Joodse wêreld deurdat die redding wat na hulle gekom het, deur hulle verwerp is en daarna aan die heidene gebied is. Die natuurlike takke van die olyfboom (Israel) is afgebreek van die stam (die Heilige van Israel) en takke van die wilde olyfboom (die nie-Jode) is in die Messias ingeënt. Die verpligting rus nou op ons om Israel op ons geestelike erfenis in die Messias afgunstig te maak (Rom. 11:11-12).

Ons moet aan Israel die vreugde van ons verlossing demonstreer, die vryheid wat ons in Christus geniet, asook die heiligheid en liefde wat Hy deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort het (Rom. 5:5). Op hierdie manier moet hulle prakties kan sien dat “Christus die einde van die wet tot geregtigheid [is] vir elkeen wat glo” (Rom. 10:4). Ons kan nie hierdie doel bereik deur kompromie te maak met die wettiese en ritualistiese instellings van Judaïsme nie. Wanneer Israel die oorgang maak van die wet na die genade van die Messias, sal hulle hul roeping van lank gelede vervul om God se spesiale volk op aarde te wees, en dan ’n seën vir alle nasies wees. Paulus sê: “As hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode? (Rom. 11:15).

“Lewe uit die dood” is nie net wat ’n ongelowige Israel nodig het nie, maar alle mense op aarde wat steeds geestelike dood is, het ’n dringende behoefte aan wedergeboorte. Christus is die opstanding en die lewe! Die Heilige Gees het op Pinksterdag gekom om gelowiges met krag uit die hoogte toe te rus. Daardeur bemagtig Hy hulle om in die voetspore van Christus te volg en die werk te kan doen wat Hy aan hulle opgedra het.

Ortodokse Israeli’s in die huidige tyd hou aan om hulle op Pinksterdag in die wet te verbly, en daardeur herdenk hulle die 50ste dag na hulle uittog uit Egipte toe hulle die wet by Sinai ontvang het. Dit is ’n ernstige oordeelsfout, omdat hulle tred verloor het met die verdere ontplooiing van God se heilsplan vir die redding van Israel en die nasies. Die periode onder die wet was ’n voorbereidende fase in hulle geestelike ontwikkeling onderweg na die koms van die Messias. Hy het gekom nadat sy volk 1500 jaar van mislukte pogings beleef het om aan die eise van die wet te voldoen, en Hy is inderdaad die enigste Een wat sy volk van hulle sonde kan verlos (Matt. 1:21). Hy bied aan hulle ’n nuwe lewe deur geloof in Homself, asook die belofte van die Heilige Gees, maar hierdie aanbod word nog steeds deur die meerderheid Jode van die hand gewys.

Die voortslepende probleem van om uit pas te wees met die vervulling van Bybelse feeste, kan nie slegs toegeskryf word aan Israel se onvermoë om die vervulling van Pinksterdag raak te sien nie, maar gaan verder terug na hul onvermoë om te besef dat Jesus van Nasaret die beloofde Messias en Lam van God is. Indien hulle hierdie belangrike feit kon raaksien en aanvaar, sou hulle hulself onder die dissipels van Jesus bevind het wat op Pinksterdag met die Heilige Gees vervul is.

Die noodsaaklikheid van versoening

Die gee van die wet by Sinai was deel van ’n uitgebreide stel godsdienstige rites, beginsels en aktiwiteite wat daarop gerig is om Israel op die koms van die Messias voor te berei. Edward Chumney sê: “Die gee van die wet by die Berg Sinai het die priesterorde van Aäron ingesluit, asook die stelsel van offers, die tabernakel, die Sabbatdae, die feeste, die siviele en seremoniële wette, en die Tien Gebooie. ... Hierdie dinge is deur God gegee as skaduwees van toekomstige dinge (Heb. 10:1) om ons te leer oor die Messias Jeshua (Gal. 3:24) en die verlossingswerk van God (Kol. 2:16-17). Pinkster was die geboorte van die vergadering (*kehilat*)

in die woestyn (Hand. 7:38). Die dinge wat by die Berg Sinai aan Moses gegee is, was van God self, maar aangetoon op ’n fisieke manier om ons te help om geestelike waarhede te verstaan wat die Here aan ons wou oordra (1 Pet. 2:5-9).”

Die wette en offers wat aan Israel gegee is, was wel heilige bepalings, maar nogtans was hulle net skaduwees van wonderliker dinge wat nog aan hulle geopenbaar moes word: “Want die wet, wat ’n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie ... Want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem” (Heb. 10:1, 4).

Wat was dan die doel daarvan om aan Israel wette te gee wat onmoontlik was om op ’n aanvaarbare en volgehoue wyse te kon onderhou, en dan van hulle te verwag om offers te bring wat hulle nie van hulle sondes kon reinig nie? Soos in die Skrifgedeelte hierbo genoem, was die wet en die offers skaduwees, of tipes, van ’n volmaakte verlossingsplan wat geopenbaar sou word in die Messias as die ware Lam van God. Hulle het die wet nodig gehad as hulle tugmeester na Christus, sodat Hy vir hulle kon doen wat die wet nie kon doen nie (Gal. 3:24).

Wat die offers betref, moes Israel besef dat hulle ’n behoefte het aan die onmisbare rol van vergifnis en versoening. Hulle aanhoudende oortredings van die wet het die belangrike funksie van versoening op ’n voortgesette basis beklemtoon. Die diereoffers was egter ondoeltreffend om hulle van sonde te reinig, en was dus net tipes van die Messias se eenmalige offer. God het die sonde van die Ou-Testamentiese heiliges vergewe op grond van die offers wat aan Hom gebring is, hangende die finale offer van die Messias om al die voorlopige offers te bekragtig wat voor sy kruisiging gebring is.

Die soendood van Jesus was dus ook terugwerkend van toepassing deurdat dit ook van toepassing is op die redding van gelowiges voor die tyd van Christus. Uiteindelik sal ons almal saam in die Messias verenig wees en almal deel in die versoening wat deur Hom voorsien is. In die afsluiting van sy bespreking oor Ou-Testamentiese gelowiges sê Paulus dat “alhoewel hulle almal deur geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte [van die Messias] nie verkry nie, omdat God iets beters oor [hulle] beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie” (Heb. 11:39-40).

Die basuine van God

Gedurende die verloop van die sewe feeste word daar drie basuine geblaas om mense te laat saamkom vir die aankondiging van ’n nuwe fase in God se plan van verlossing. Die eerste basuin is by Sinai geblaas gedurende die Pinksterfees (Fees van die Weke) nadat God se volk uit Egipte gelei is, en op die punt gestaan het om die wet van die Here te ontvang. Die tweede basuin word geblaas tydens die Fees van Basuine op *Rosh Hashanah* nadat die oes ingesamel is, en die derde een op die Groot Versoendag om Israel se redding te vier.

Israel was op die drumpel van die bedeling van die wet toe ’n basuin op die berg geblaas is en Moses opgeroep is om hoër op te gaan en God se wet te ontvang: “Toe die geluid van die basuin sterker en sterker word, het Moses gespreek, en God het hom telkens hardop geantwoord. Terwyl die HERE op die berg Sinai neerdaal, op die top van die berg, het die HERE Moses na die top van die berg geroep, en Moses het opgeklim” (Ex. 19:19-20).

Selfs al het Israel ingestem om die wet te aanvaar en te onderhou, was hulle harte nooit reg met die Here nie. Moses was nog op die berg, toe verval hulle al in afgodediens en aanbid ’n goue kalf. Hierdie dubbelhartigheid het nie goeie vooruitsigte vir die daaropvolgende bedeling van die wet ingehou nie. Israel het inderdaad geestelik baie gestruikel en sodoende hulleself onwaardig gemaak om die Here te dien, en ook om die Messias te ontvang toe Hy uiteindelik gekom het.

As gevolg hiervan het die Messias sy klein groepie dissipels beveel om hulleself te verootmoedig in afwagting op die Pinksterseën, en om dan te begin om die evangelie aan alle nasies te verkondig: “En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En julle is getuies van hierdie dinge. En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle

toegerus is met krag uit die hoogte” (Luk. 24:46-49; vgl. Hand. 1:8).

Hierdie seën is op Pinksterdag ontvang, 50 dae na die Fees van die Eerstelinge toe Christus uit die dood opgestaan het (Hand. 2:1-12).

8. Die Lang Onderbreking: Insameling van die Oes

Pinkster word gevolg deur ’n lang periode van vier maande wanneer die oes van verskillende produkte in Israel ingesamel word. Die laaste drie feeste word dan ná die oestyd gevier, in die sewende maand. Die lang tydperk tussen die twee groepe feeste het profetiese betekenis. Dit verwys na die kerkdispensasie waarin ’n oes vir die koninkryk van die hemel onder alle nasies ingesamel moet word. Diegene wat vir die Here werk, moet hulleself daaraan toewy om hulle opdrag binne die beskikbare tyd af te handel: “Sê julle nie: Dit is nog vier maande dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes” (Joh. 4:35).

By ’n ander geleentheid het Jesus gesê: “Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in sy oes uitstuur” (Luk. 10:2). In een van die gelykenisse word ’n saailand as ’n simbool van die wêreld gebruik, en die finale insameling van die oes as die einde van die wêreld (Matt. 13:38-39). Die woord “wêreld” wat in Matthéüs 13:39 gebruik word is “aioon” (Grieks *aion*) en verwys ook na ’n lang tydperk, soos ’n bedeling of ’n eeu (vgl. 1 Kor. 10:11). In die betrokke gelykenis verwys “aioon” na die Messiaanse era tussen die eerste en tweede koms van die Messias, wanneer die oes ingesamel moet word. Slegs aan die einde van hierdie bedeling sal die oes in die hemelse skuur versamel word.

Daar is verskillende beskrywings in die Bybel van die aard van die kerkdispensasie, asook tekens wat op die naderende einde daarvan dui, waarna Israel weer ’n sentrale rol in God se heilsplan vir die mensdom sal speel. Die volgende belangrike feite moet in gedagte gehou word:

Verwerping van die Messias

Die Lam van God wat as Verlosser en Koning na Israel gestuur is, is deur die groot meerderheid van die volk verwerp, insluitend hulle geestelike leiers. Deur hierdie daad is Hy van sy eie mense afgesny, omdat hulle sy geloofsbriewe verwerp en besluit het om geestelik self hulle weg deur die lewe te vind sonder Hom: “Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie” (Joh. 1:11). Hierdie negatiewe reaksie van Israel verklaar die lang onderbreking in die viering van die sewe feeste. Ten spyte van die tragiese gevolge vir Israel van die verwerping van hulle Messias-Koning, is die lang onderbreking ’n uiters betekenisvolle fase in die verkondiging van God se verlossing aan die ganse wêreld – ook aan die verstrooide Israeliete.

Christus verduidelik Israel se geestelike blindheid en die gevolge van hulle verwerping van die Seun van God soos volg in ’n gelykenis:

“Daar was ’n sekere huisheer wat ’n wingerd geplant het; en hy het ’n heining daarom gesit en ’n parskuip daarin gegrawe en ’n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan. En toe die vrugtetyd nader kom, stuur hy sy diensknegte na die landbouers om sy vrugte te ontvang. Maar die landbouers het sy diensknegte geneem en een geslaan en ’n ander een doodgemaak en ’n ander een gestenig. Weer het hy ander diensknegte gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak. Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien. Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem. En hulle

het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak. Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen? Hulle antwoord Hom: Die slegte mense – hy sal hulle ’n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee. Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het ’n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan ’n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra” (Matt. 21:33-43).

Jesus die Messias het vir die Joodse leiers gesê dat hulle die huurders was wat die Huisheer (God) in twee stadiums sou verwerp: eers het hulle sy diensknegte verwerp, en nou was hulle op die punt om sy Seun ook te verwerp en dood te maak. Louis Barbieri (1983:70-71) sê: “Dit is duidelik dat Jesus van die volk Israel gepraat het wat noukeurig deur God voorberei is om sy vrugbare wingerd te wees (vgl. Jes. 5:1-7). Die versorging van die wingerd is aan die volk se godsdiensleiers oorgelaat, maar hulle het nagelaat om die Here se reg oor hulle te erken en het sy gesante en profete sleg behandel. Hulle sou uiteindelik selfs sy Seun, Jesus Christus, buitekant Jerusalem doodmaak (vgl. Heb. 13:12). ... By wyse van toepassing het Jesus gesê dat die koninkryk van God weggeneem sou word van diegene wat na Hom geluister het, en aan mense gegee sou word wat die vrugte daarvan sal dra. ... Die koninkryk is egter nie permanent van Israel af weggeneem nie (Rom. 11:15, 25) en die kerk het nie nou die koninkryk geërf nie. ... Jesus het bloot gesê dat die koninkryk in daardie stadium van Israel af weggeneem sou word, maar dit sou in ’n toekomstige stadium aan hulle teruggegee word wanneer hierdie volk ware berou en geloof toon.”

Gedurende die onderbreking tussen die feeste vind die insameling van God se oes hoofsaaklik onder die nie-Joodse volke plaas. Terwyl hulle hiermee besig is, moet die nie-Joodse volke vir Israel jaloers maak deur die manier waarop hulle die Messias dien en eer, asook deur hulle toewyding aan die uitvoering van sy opdragte.

Dit is ook interessant om daarop te let dat gedurende die tyd tussen die eerste en tweede koms van die Messias, daar twee oorgangsgeslagte (of generasies) is waarin Israel en die kerk saam bestaan. Gedurende die eerste geslag na die koms van die Messias is die eerste vier feeste vervul (Paasfees, Ongesuurde Brood, Eerstelinge en Pinkster). As gevolg van Israel se verwerping van die Messiaanse vervulling van hierdie feeste, was die skrif aan die muur vir Israel om van God se heilsplan af uitgefaseer te word en ook uit hulle Godgegewe land verstrooi te word (Matt. 23:36-38). Terselfdertyd, nog voor die vernietiging van Jerusalem in 70 n.C., is die kerk van Christus in die nie-Joodse wêreld gevestig en dus geleidelik ingefaseer.

In die laaste geslag voor die koms van die Messias word Israel in hulle land herstel, en dit op sigself is ’n teken vir die kerk dat die bedeling van wêreldevangelisasie sy einde nader (Luk. 21:24). Terwyl Israel toenemend in hulle land herstel word, moet die ware kerk gereedmaak om van die planeet aarde af weggeneem te word wanneer die hemelse Bruidegom kom.

Israel se koninkryk opgeskort

Die Messias is in Israel gebore om hulle Verlosser en Koning te wees (Jes. 9:5-6; Luk. 1:32). Teen die tyd toe Jesus aan die volk voorgestel is en Hy met sy openbare bediening begin het, het Israel se koninkryk vir omtrent ses eeue reeds nie meer bestaan nie – dit was die hele tydperk sedert hulle Babiloniese ballingskap. Hulle was eers die onderdane van die Babiloniese Ryk, gevolg deur die Medo-Persiese, Griekse en Romeinse Ryke. In die tyd van Christus was die troon van Dawid steeds vervalle, en in sy profetiese rede het Hy aangedui dat hierdie situasie onveranderd sou bly totdat die tye van die nasies vervul is.

Die Here Jesus het selfs ’n meer volledige onderwerping van Israel deur die nasies geprofeteer, waarin Hy gesê het dat hulle nie slegs sonder ’n koning sou wees nie, maar ook sonder ’n hoofstad en ’n land, terwyl baie van hulle hul lewens sou verloor: “En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is. Dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; en die wat in die stad is, moet uitgaan; en die wat in die buitewyke is, moet nie daar inkom nie. Want dit sal dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog in daardie dae; want

daar sal ’n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk. En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is” (Luk. 21:20-24).

Hierdie profesie is in 70 n.C. vervul toe die Romeine Jerusalem ingeneem en vernietig het, en dit het na die dood van 1,1 miljoen Jode gelei. Die oorlewende 97 000 inwoners van die sterwende stad is as krygsgevangenes weggevoer en het na verskillende lande verstrooid geraak (Malan, 2012b). Dit word in die voorafgaande profesie duidelik gestel dat Jerusalem nie onbepaald vertrap sou word nie, maar slegs totdat die tye van die nasies vervul is. Hierdeur word bevestig dat daar ’n verlengde tyd sou wees waarin die nie-Joodse wêreld die geleentheid sou hê om deel van God se koninkryk te word. Paulus het ook na hierdie tyd verwys waarin ’n oes onder die heidense nasies ingesamel sou word, waarna die hele Israel gered sal word: “Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend” (Rom. 11:25-26). Daar sal reiniging en vernuwing vir die hele oorblyfsel van die volk wees wanneer die Messias kom.

Israel sal in die eindtyd beslis fisies en geestelik herstel word: “Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: ... Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle ’n nuwe hart gee en ’n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ’n hart van vlees gee” (Eseg. 36:22-26).

Die herstel van Israel as die volk van God wat Hom waarlik dien, sal plaasvind wanneer Jesus na die lang tydperk van wêreldevangelisasie terugkom. Hierdie keer sal Hy nie weer deur Israel verwerp word nie, maar ten volle aanvaar word: “Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!” (Matt. 23:39). Dit sal dan gepas wees vir die Messias om die troon van Dawid te herstel en sy wêreldwye koninkryk te vestig: “Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen” (Hand. 15:16-17).

So lank as wat Israel verstrooi is en Jerusalem vertrap word, sal God se koninkryk nie as ’n sigbare werklikheid op aarde gemanifesteer word nie. Net Christus kan self sy koninkryk openbaar en vestig, en dit kan slegs gebeur nadat Hy as Koning van die konings gekom het, sy vyande oorwin en geoordeel het en die oorblyfsel van Israel gered het.

Die Here Jesus het nooit aan sy dissipels opdrag gegee om by koninkrykstransformasies betrokke te raak en mag te demonstreer deur ekumeniese alliansies en massabyeenkomste nie. Hy het ook nie ’n mandaat aan hulle gegee om bose magte deur middel van strategiese geestelike oorlogvoering uit te dryf, of hulle uitgedaag om na hoë posisies te streef soos dié van konings, apostels of spesiale profete wat gesalf is om tekens en wonders deur middel van bonatuurlike magte te doen nie.

Inteendeel, ons is vreemdelinge en bywoners in ’n wêreld wat in die mag van die Bose lê (1 Pet. 2:11; 1 Joh. 5:19). Diegene wat gered word, is relatief min (Matt. 7:14; Luk. 13:23-24) en ons is gewaarsku dat ons geminag, gehaat en vervolg sal word deur ’n oorwegend bose en God-verwerpende wêreld (Joh. 15:18-20; 16:33).

In die gelykenis van die koring en die onkruid word dit duidelik gestel dat ons in noue assosiasie met bose mense sal moet leef en werk tot die einde van die kerkbedeling, wanneer die tyd vir die finale oes aanbreek: “Laat altwee saamgroei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur” (Matt. 13:30).

Nou, gedurende die tyd baie naby aan die wederkoms van Christus, is dit opvallend dat die geestelike onkruid toenemend hulleself saamgroepeer in die vorm van kultusse, misleide kerke,

die nie-Christelike godsdienste, intergeloofsbewegings en mistiese organisasies soos die New Age-beweging, transendentale meditasiegroepe, sekulêre humaniste, ensovoorts. Op ’n gegewe oomblik sal die basuin van God blaas en dan sal alle ware gelowiges in die hemel bymekaargebring word.

’n Dispensasionele perspektief op boosheid

Die finale fase van die kerkbedeling sal nie deur ’n koninkryksituasie van vrede en geregtigheid gekenmerk word waarin die kerk ’n posisie van heerskappy oor bose wêreldse magte geniet nie, maar eerder in ’n ongekende konfrontasie tussen die magte van die lig en die duisternis. Voordat God tussenbeide tree om die beoefenaars van boosheid te oordeel, sal die wêreldwye oestyd begin wanneer die ware kerk na die hemel opgeroep word. Op die oomblik leef ons in ’n tyd van goddeloosheid waarin mense van die waarheid afvallig raak. Indien ons ernstig is om staande te bly teen die magte van geestelike misleiding, dan moet ons goed ingelig wees oor die groot impak van bose beïnvloeding op die mensdom.

Die werklikheid van ’n opponerende koninkryk van die duisternis moet altyd in gedagte gehou word. Satan is verantwoordelik vir die geestelike en morele val van die mensdom, en hy is van plan om in die eindtyd sy koninkryk op aarde te openbaar. Die valse messias en die valse profeet sal tydens die sewe jaar van verdrukking aan die hoof staan van hierdie bose koninkryk, en Satan sal aan hulle sy krag gee en sy troon en groot mag (Op. 13:1-2). Sy misleiding en aanvalle op gelowiges sal in intensiteit toeneem terwyl ons die einde nader.

Die duiwel het so ’n groot mate van sukses met sy pogings behaal dat alle vorige dispensasies in die geskiedenis van die mensdom in grootskaalse goddeloosheid geëindig het. Hierdie toestande van rebellie het na dramatiese ingrypings deur die Here gelei waartydens die volgelinge van Satan geoordeel is, gevolg deur ’n nuwe fase in die progressiewe ontplooiing van God se heilsplan met die mensdom. Volgens Bybelse profesieë sal die toekomstige dispensasies ook in goddeloosheid eindig onder die meerderheid van die mense op aarde.

Die sewe bedelings word hieronder genoem, en hulle bied ’n duidelike dispensasionele raamwerk vir die verstaan van God se handelinge met die mensdom, asook ’n verduideliking vir die tydperke van verskerpte optrede deur die duiwel. Uit hierdie kort oorsig sal dit duidelik wees dat nie net Israel in die vervulling van hulle geestelike roeping gefaal het nie, maar ook alle volke van alle tye in die menslike geskiedenis. In die lig van hierdie feite sal dit duidelik wees waarom die Fees van Basuine in die eindtyd deur “sewe verskriklike dae” van goddelike oordele gevolg sal word.

1. Die dispensasie van onskuld in die Tuin van Eden. God het aan Adam en Eva opdrag gegee om nie van die boom van die kennis van goed en kwaad te eet nie, en gewaarsku dat hulle sekerlik sou sterwe indien hulle dit doen (Gen. 2:17). Die duiwel het homself as ’n slang vermom en die saad van ongeloof in hulle harte gesaai, wat deur hulle aanvaar is. Adam en Eva het skielik van die verskil tussen goed en kwaad bewus geraak, self slagoffers van die bose misleiding geword, en hulle geloofsverhouding met God verbreek. Hulle het onmiddellik geestelik gesterf en ook fisiek sterflike wesens geword. In plaas van gehoorsaamheid aan God het hulle nou aan ’n vreemde god, die duiwel, gehoorsaam geraak. Op hierdie wyse het hulle ’n gevalle natuur verkry wat ook deur afstammelinge geërf is (Rom. 5:12). Die oorspronklike sonde van ons eerste ouers verklaar die feit waarom alle mense as sondaars gebore word. Indien hulle nie deur Christus wederbaar word nie bly hulle onder die beheer van die god van hierdie wêreld, en stuur as gevolg daarvan af op die ewige dood en veroordeling (Rom. 5:13-19). Adam en Eva is weens hulle ongeloof uit die Tuin van Eden verdryf, en die dispensasie van onskuld het in ’n groot tragedie vir die mensdom geëindig.

2. Die dispensasie van die gewete. God het gevalle mense gehelp om deur hulle gewete tussen goed en kwaad te kan onderskei. Hulle kon deur gebede en offers met God kommunikeer en sodoende ’n verhouding met Hom opbou. Hulle het die vermoë gehad om morele keuses tussen goed en kwaad te maak (Gen. 4:7). Die neiging tot sonde het egter die oorhand gekry. Alle mense, behalwe Noag en sy gesin, het in totale goddeloosheid verval en dit het aanleiding gegee tot die sondvloed waarin al die goddelose mense vernietig is (Gen. 6:5-7).

3. Die dispensasie van menslike regering na die vloed. Hierdie stadium van die menslike geskiedenis is gekenmerk deur die totstandkoming van volke met hulle eie regerings. Hulle het die keuse gehad of hulle God wou dien of nie. As gevolg van hulle eie keuses het hulle almal heidense volke geword wat afgode aanbid het, en sodoende bewys gelewer dat hulle almal deur Satan mislei is. Deur die bou van die toring van Babel het hulle probeer om ’n heidense wêreldregering tot stand te bring onder die leiding van ’n koning wat homself vergoddelik het. God het hulle poging deur die taalverwarring ongedaan gemaak, waarna die verskillende volke onafhanklik van mekaar met hulle afgodediens en ongeloof in die ware God voortgegaan het.

4. Die dispensasie van die wet. Die Here het ’n nuwe bedeling ingestel deur Israel eers te roep en hulle toe later uit Egipte te verlos sodat hulle Hom as ’n heilige en onafhanklike volk in die Beloofde Land kon dien. Hy het aan hulle sy wet gegee en hulle ook gelei, versterk en geseën deur middel van die priesterlike werk in die tabernakel. Hy het duidelike opdragte aan Israel gegee om nie met heidense volke te meng nie, omdat hulle hulself geestelik sou besoedel deur die afgodediens van hierdie volke. Die sewe feeste van die Here is ook aan hulle gegee om hulle verder oor sy groot verlossing te onderrig. Dit is tragies dat Israel se lang geskiedenis in die Ou Testament hoofsaaklik gekenmerk is deur goddeloosheid, ongehoorsaamheid aan die wet, ongeloof in die ware God, asook die aanbidding van afgode. Die uitverkore volk van God het veragter na ’n toestand van geestelike duisternis en ongeloof, en saam met al die bewoners van die aarde was hulle slagoffers van “die owerste van die mag van die lug” (Ef. 2:2).

5. Die dispensasie van die kerk. Met die geboorte van die Messias het ’n groot lig geskyn oor ’n volk wat in duisternis gewandel het. “Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie” (Joh. 1:9-11). Die koms van Jesus Christus, sy soendood, opstanding en die uitstorting van die Heilige Gees het die grondslag van ’n nuwe testament gevorm waarin alle mense uit die duisternis tot sy wonderbare lig geroep word. Die eerste vier van die sewe feeste van Israel is in die jaar van Christus se kruisiging en opstanding vervul, en in die eeue daarna het baie mense (hoewel nooit ’n meerderheid in enige gemeenskap of volk nie) tot geloof in Christus gekom.

Die wêreldwye openbaring van God se genade in die Nuwe Testament het met toenemende kennis oor Satan en sy koninkryk saamgeval. Baie van die vroeë gelowiges het egter tot hulle eie skade nagelaat om misleiding te weerstaan soos hulle moes. Paulus sê vir die Korinthiërs: “Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en ’n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle ’n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of ’n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Kor. 11:3-4). Geestelike misleiding was kenmerkend van die ganse kerkbedeling, en slegs klein groepies mense het getrou gebly aan die evangelie van Jesus Christus. Op die oomblik is die wêreld geestelik in ’n baie donker tydperk. Dit sal lei na ’n dramatiese ingryping deur die Here om die ware gelowiges weg te neem en dan die misleide massas aan die diktatuur van die Antichris oor te lewer.

Misleide, nominale gelowiges sal slegs hulleself kan blameer vir hulle haglike toestand wanneer hulle tydens die wegraping agtergelaat word. Die Messias het gelowiges onder die nasies gewaarsku om nie Israel se voorbeeld te volg deur begerig te wees na slegte dinge, afgode te dien, aan seksuele immoraliteit oor te gee, teen God te murmureer, en Christus te versoek nie (1 Kor. 10:5-10). Leer ons uit Israel se foute? Paulus sê: “Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ’n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie” (1 Kor. 10:11-12). Moet nooit op Israel neersien as gevolg van hulle foute nie, maar wees vasberade om beter te doen en ook aan hulle ’n goeie voorbeeld te stel (Rom. 11:13-23).

6. Die dispensasie van die Antichris se regering. Die Antichris sal kort na die wegraping geopenbaar word, wanneer die bedeling van sy sewe jaar lange regering op aarde sal begin. Alhoewel die Here ook spesiale getuies sal opwek om die evangelie in hierdie tyd te verkondig, sal bekeerlinge as martelare weens vervolging deur die Antichris sterf. Hierdie dispensasie sal in

wêreldwye goddeloosheid eindig, asook in ’n demonies geïnspireerde poging om die ware Christus tydens sy wederkoms dood te maak (Op. 19:19). Hierdie pogings sal na die berugte slag van Armagéddon lei waartydens al die bose magte en hulle leiers vernietig sal word.

7. Die dispensasie van die millennium. Christus sal persoonlik tydens hierdie bedeling regeer, en die geredde Israel sal sy spesiale getuies wees wat die wêreld sal evangeliseer (Jes. 27:6). Hulle sal hoog in aansien wees onder alle nasies (Sag. 8:23). Hoewel die eerste geslag mense ná Christus se wederkoms almal gered sal wees, sal hulle kinders steeds met ’n sondige natuur gebore word en dus geëvangeliseer moet word. So verbasend en onwaarskynlik as wat dit mag klink, sal daar in die loop van die millennium al hoe meer mense wees wat net ’n gedaante van godsaligheid het, en dit sal na wydverspreide ongeloof lei. Satan sal aan die einde van die 1 000 jaar uit die put vrygelaat word om weer eens die mensdom te verlei ten einde vas te stel wat die verborge bedoelings en begeertes van hulle harte is. Die meerderheid van hulle sal dadelik slagoffers van sy misleiding wees en as gevolg daarvan aangehits word om aan die laaste groot rebellie teen God en sy koninkryk deel te neem (Op. 20:7-10).

Dit is duidelik dat die groot afval van die huidige tyd na ’n uiters gepolariseerde situasie gaan lei: Die meerderheid van die mensdom sal deur die vloedgolf van misleiding en immoraliteit meegesleur word, en daardeur die weg berei vir die verskyning van die Antichris as die selfverklaarde God en mens van sonde. Aan die ander kant sal die groep ware gelowiges die misleiding weerstaan en as gevolg daarvan “waardig geag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Luk. 21:36). Dit sal gebeur wanneer die basuin van die vyfde fees blaas.

9. Fees van die Basuine

Drie feeste word in die sewende maand (Tisjri) op Israel se godsdienstige kalender gehou, naamlik die Fees van Basuine, die Groot Versoendag en die Loofhuttefees: “Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle ’n rusdag wees, ’n gedenkdag deur *basuin*geklank, ’n heilige vierdag” (Lev. 23:24). Die sewende maand val saam met die einde van die oes.

Hierdie fees het met die Joodse Nuwejaarsvieringe (*Rosh Hashanah*) saamgesmelt aangesien Tisjri (gewoonlik in September op die Gregoriaanse kalender) die eerste maand op hulle siviele kalender is. *Rosh Hashanah* is die eerste dag van ’n nuwe jaar (*Rosh* beteken “hoof” en *shanah* “jaar”). Die Jode glo dat God die aarde in die maand Tisjri geskape het, daarom beskou hulle dit as die begin van alles en dus die eerste maand van die jaar.

Hoe moet ons as nie-Joodse gelowiges onsself in die vervulling van die Fees van Basuine sien? Ongeag van die feit dat die inhoud van die sewe feeste ’n belangrike deel vorm van Israel se godsdienstige gebruike in die Ou Testament, en ook in die godsdienstige weergawe van hulle maanjare aangebied word, is hulle profeties van wêreldwye belang en word vervul ten opsigte van die geestelike behoeftes van die nasate van die eerste Adam. “Want soos hulle *almal* in Adam sterwe, so sal hulle ook *almal* in Christus lewend gemaak word” (1 Kor. 15:22; my beklemtoning). Hy is die “laaste Adam” (1 Kor. 15:45) wat gekom het om nuwe lewe aan almal van ons te skenk – Jode sowel as nie-Jode.

Dit was die rede waarom Christus sy dissipels na al die uithoeke van die aarde uitgestuur het om die evangelie van verlossing te verkondig. Die Heilige Gees is ook op Pinksterdag uitgestort om die hele kerk van die Messias te bemagtig om ’n bruid vir Hom onder alle nasies te versamel. Die insameling van die finale oes van God se koninkryk op aarde, wat deur die Fees van Basuine voorafgeskadu word, is dus ook van toepassing op alle gelowiges oral.

Die basuin van opwekking

Rosh Hashanah se Bybelse naam is *Yom Teruah,* wat beteken “Dag van die ramshoring se geklank” of “Die blaas van die opwekking”. Die groot betekenis van *Rosh Hashanah* as die Nuwejaarsdag vereis dat die fees gevier word op presies die regte dag op die maankalender – dit is na die verskyning van die eerste skrefie van die nuwemaan soos van Jerusalem af gesien. In die praktyk is dit egter nie altyd moontlik om alle mense in Israel én in die buiteland betyds oor die bekendmaking van die nuwemaan se verskyning en die amptelike begin van die Nuwejaar in te lig nie. Ten einde hierdie probleem te kan oplos, word *Rosh Hashanah* deur die Jode vir twee dae lank gevier, en daardeur word die belangrikheid van die dag versterk. Volgens die rabbynse beskouing word die twee dae as een lang dag (*yoma arikhta*) beskou.

Die basuin van opwekking is deel van ’n langer tydperk van bekering, waarna verwys word as *Teshuvah* (om te bekeer of terug te draai). Hierdie periode begin al op die eerste dag van Elul (die maand wat Tisjri voorafgaan) en duur 40 dae lank voort tot en met die Groot Versoendag op die tiende dag van Tisjri wanneer dit eindig. Na 30 dae in die tyd van bekering breek *Rosh Hashanah* op 1 Tisjri aan, gevolg deur nog tien dae van intensiewe bekering tot en met *Yom Kippur.* Hierdie tien dae staan bekend as die “verskriklike dae” (*yamin nora’im*). Elke môre gedurende die maand Elul, na die oggenddiens, blaas daar ’n basuin (’n ramshoring of *shofar*) om mense te herinner om hulle tot God te bekeer. Spesiale gebede word ook om middernag vir die vergifnis van sondes gebid, en staan as *slihoth* bekend.

Buksbazen (1954:28-29) sê die volgende oor die finale tydperk van verskerpte pogings tot bekering: “Nuwejaarsdag op 1 Tisjri lui ’n periode van plegtige bekering ter voorbereiding op die Groot Versoendag in. Op die namiddag van Nuwejaarsdag kom Jode oral in die wêreld byeen by riviere, spruite, of by die see, om hulle sondes weg te werp. Hierdie seremonie staan bekend as *Tashlikh* en word gebaseer op Miga 7:19 wat lui: ‘Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp.’ Oral waar Jode die tradisies van Israel respekteer, word *Tashlikh* nagekom. Op die namiddag van Nuwejaarsdag sien ’n mens gewoonlik groot groepe Jode naby watermassas waar hulle die

simboliese ritueel van die wegwerp van hulle sondes uitvoer."

Volgens Edward Chumney (1994:103) het *Teshuvah* (die tyd van bekering) op alle mense betrekking. Diegene wat in die Messias glo, word opgeroep om hulle lewens te ondersoek en vas te stel in watter opsigte hulle van God af weggedwaal het. Dit is ook 'n oproep om die Skrifte te ondersoek oor al die getuienis dat die Messias werklik is wie Hy gesê het dat Hy was. God het mense nog altyd gewaarsku voordat Hy hulle geoordeel het. Hy het die mense voor die sondvloed gewaarsku, en Hy het Ninevé gewaarsku voordat hulle vernietig sou word. Hy wil nie hê dat enigeen die voorwerp van sy toorn en oordele moet wees nie (Eseg. 18:21-23, 30-32; Sef. 2:1-3; 2 Pet. 3:9).

Diegene wat op die Here se waarskuwings ag slaan en hulle bekeer, sal gered word. Mense wat die waarskuwings in die Bybel verontagsaam en nalaat om in die regte verhouding met die Messias te kom, sal vir hulle eie geestelike ondergang verantwoordelik wees – ongeag of hulle verharde sondaars was of teruggevallenes wat van die weë van geregtigheid afgewyk het. Die volgende oproep tot bekering in samehang met die blaas van basuine spreek vanself, asook die waarskuwing aan teruggevallenes:

"As dan iemand die geluid van die basuin hoor, maar hom nie laat waarsku nie, en die swaard kom en neem hom weg, dan is sy bloed op sy hoof. Hy het die geluid van die basuin gehoor, maar het hom nie laat waarsku nie: sy bloed is op hom. Maar as hy hom laat waarsku, dan red hy sy siel. As daarenteen die wag die swaard sien kom en met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem 'n siel uit hulle weg – dan is hy deur sy ongeregtigheid weggeneem, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis. En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku. ... Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel? ... As Ek aan die regverdige sê dat hy sekerlik sal lewe, en hy vertrou op sy geregtigheid en doen onreg, dan sal aan al sy geregtighede nie gedink word nie, maar deur sy onreg wat hy doen, daardeur sal hy sterwe. En as Ek aan die goddelose sê: Jy sal sekerlik sterwe – en hy hom van sy sonde bekeer, en reg en geregtigheid doen – gee die goddelose die pand terug, vergoed hy wat geroof is, wandel hy in die insettinge van die lewe, sodat hy geen onreg doen nie – dan sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie" (Eseg. 33:4-15).

Alle mense op aarde moet gekonfronteer word met die noodsaaklikheid om in die Messias as Verlosser te glo en hulle te bekeer deur van hulle sondes af weg te draai. Nadat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en kort voor sy hemelvaart, het Hy aan sy dissipels gesê: "Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die Psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder" (Luk. 24:44-47).

In hierdie gedeelte word dit baie duidelik gestel dat Christus se soendood ook verstaan moet word in die lig van verskeie Ou-Testamentiese uitsprake ("alles wat oor My geskryf is ...") omdat dit sal lei na 'n beter begrip van God se plan van verlossing vir die mensdom, en ook die noodsaaklikheid van bekering as 'n voorwaarde vir vergifnis sal beklemtoon. Hy is die Lam van God wat geslag is en op die derde dag opgestaan het. Hy is ook die ongesuurde brood van die lewe wat van sy volgelinge verwag om hulleself uit sy Woord te voed en hulle van alle suurdeeg van sonde in hulle lewe te bekeer. Ongeregtigheid moet verwerp word en gelowiges moet bid vir reiniging deur die bloed van die Lam.

Nou, in die eindtyd, is daar verskeie oproepe om tot bekering te kom en heilig voor God te lewe in afwagting op die spoedige koms van die hemelse Bruidegom. Een van die belangrike tekens van die einde van die kerkbedeling is die herstel van Israel in die land van hulle vaders. Wanneer ons die vyeboom sien bot en groei in die lente, dan weet ons dat die somer van God se koninkryk naby is. In die somer sal die vyeboom vrugte dra en dit sal 'n seker teken wees dat die geestelik herstelde Israel ook 'n seën vir die hele wêreld sal wees (Rom. 11:12; Jes. 27:6).

Die laaste basuin

Dit is baie duidelik dat die basuin van *Rosh Hashanah* vervul sal word gedurende die finale insameling van God se oes op aarde, en dit sal gebeur wanneer Christus sy heiliges kom haal. Daar is egter diegene wat van hierdie vertolking verskil en van mening is dat hierdie basuin betrekking het op Israel se herstel uit hulle verstrooiing. Hugh Downie (1994:98-99) meen dat die basuin van *Rosh Hashanah* die boodskap verkondig van Israel se eindtydse herstel in hulle land, en dus eksklusief ’n Joodse fees is. Hy glo vas aan die wegraping, maar sê dat dit nie noodwendig op *Rosh Hashanah* sal plaasvind nie. Daar was egter geen geleentheid van die blaas van basuine tydens of na moderne Israel se herstel in hulle land in Mei 1948 nie.

Die vinnige opeenvolging van die laaste drie feeste dui daarop dat daar ’n ingryping deur God sal wees om sy heiliges te versamel, wat gevolg sal word deur ’n donker tyd van oordele (die verdrukking) voor Christus se openbare koms op die Olyfberg. Baie van die navorsers wat boeke en artikels oor hierdie onderwerp geskryf het, is sterk daarvan oortuig dat die Fees van Basuine vervul sal word wanneer God se oes onder alle nasies ingesamel word. Die volgende is standpunte wat dikwels gestel word:

- Edward Chumney (1994:92-93) sê: “Die Bybelse naam vir *Rosh Hashanah* is *Yom Teruah,* wat in Hebreeus beteken: “die blaas van die opwekking”. Hierdie basuin (*shofar*) word deur die apostel Paulus genoem in 1 Korinthiërs 15:51–53. Omdat dié basuin slegs op *Rosh Hashanah* geblaas word, en omdat Paulus spesifiek noem dat die wegraping (*natzal*) van gelowiges in Jeshua die Messias tydens die blaas van die laaste basuin sal plaasvind, het hy ’n duidelike aanduiding gegee dat die wegraping van gelowiges in die Messias op ’n *Rosh Hashanah* sal plaasvind.
- John Ritchie (2000:61-62), wat van 1875 tot 1930 geleef het, het gesê dat die Fees van Basuine sy groot vervulling sal hê wanneer die Here Jesus sy heiliges kom haal (1 Thess. 4:16-17), maar dat dieselfde basuin ook die opwekking en versameling van God se aardse volk, Israel, aankondig. Hy kies nie tussen die twee uiteenlopende standpunte nie en probeer om albei te akkommodeer.
- David Reagan (2012) sê: “Die Fees van Basuine (wat vandag *Rosh Hashanah* genoem word) dui op die wegraping wanneer die Messias in die hemele as die Bruidegom sal verskyn om sy bruid, die kerk, te kom haal. Die wegraping word altyd in die Skrif met die harde blaas van ’n basuin geassosieer (1 Thess. 4:13-18 en 1 Kor. 15:52).”
- Arnold Fruchtenbaum (1993) sê: “Die vervulling van die Fees van Basuine is die wegraping van die kerk, ongeag watter beskouing ’n mens oor die tydsbepaling van hierdie gebeurtenis huldig. Daar is twee belangrike gedeeltes waarin besonderhede oor die wegraping van die kerk verskaf word, en in albei van hulle word die blaas van ’n basuin genoem. Dit word nie toevallig of sonder rede gedoen nie, siende dat die wegraping die vervulling van die Fees van Basuine sal wees. Die eerste van hierdie twee gedeeltes is 1 Thessalonicense 4:13-18 ... en die ander 1 Korinthiërs 15:15-58).”

- Luzius Schneider (2000) sê: “Die basuine sal die wederkoms van Jesus aankondig.”
- Cheryl McGrath (2000) sê: “Dit word gewoonlik nie betwis dat die Fees van Basuine profeties aan die wederkoms van Jesus verbind word nie.”

Paulus verwys na die blaas van ’n basuin wanneer Christus sal kom om sy aardse bruid weg te neem na haar hemelse woning wat Hy vir haar gaan voorberei het:

“Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde” (1 Thess. 4:16-18).

Die verborgenheid van die eerste opstanding is aan die Korinthiërs geopenbaar, en daarmee saam aan die hele Christelike kerk:

“Kyk, ek deel julle ’n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in ’n oomblik, in ’n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word” (1 Kor. 15:51-53).

Baie mense het probleme met die feit dat die basuin wat sal blaas tydens die opstanding van die gelowiges beskryf word as die “laaste basuin” (1 Kor. 15:52), en op grond daarvan verwerp hulle die idee van ’n voorverdrukkingwegraping. Dit is waar dat verskeie basuine van God se oordele tydens die verdrukking geblaas sal word, en daar sal ook ’n basuin geblaas word tydens die wederkoms van Christus wanneer die Groot Versoendag vervul word. Die laaste basuin wat egter in verband met die opstanding van die gelowiges genoem word, verwys na die laaste van ’n lang reeks basuine wat elke jaar van 1 Elul af tot op die tweede dag van Tisjri geblaas word. Hierdie basuine kondig die einde van die oesseisoen aan en is in die besonder ook ’n oproep tot bekering. Die laaste basuin in hierdie reeks blaas op die tweede dag van Tisjri teen sononder wanneer die dag amper verby is.

Kort na die laaste basuin geblaas is, begin die sewe dae wat bekend is as die “sewe verskriklike dae” wat van 3 tot 9 Tisjri verloop. Hierdie sewe dae verwys profeties na die jaarweek van die verdrukking onder die valse messias. Op die tiende dag van Tisjri word die Groot Versoendag gevier.

In die lig van hierdie opeenvolging van gebeure, moet daar twee fases onderskei word in die koms van Christus – sy koms *vir* sy heiliges wanneer die basuin voor die sewe verskriklike dae sal blaas, en sy koms *met* sy heiliges op die Groot Versoendag. Hierdie twee fases in die koms van Christus verskil in die volgende opsigte van mekaar:

Sy koms voor die verdrukking	**Sy koms na die verdrukking**
Hy kom as die hemelse Bruidegom	Hy kom as die Koning van konings
Hy kom in die geheim tydens die wegraping	Hy kom in die openbaar sodat alle mense Hom kan sien
Hy kom vir sy heiliges	Hy kom met sy heiliges
Hy ontmoet die heiliges in die lug	Hy sit sy voete op die Olyfberg
Hy beloon sy heiliges	Hy oordeel en regeer die wêreld
Hy word slegs deur sy heiliges gesien	Elke oog sal Hom sien
Hy keer na die hemel terug nadat Hy sy bruid versamel het	Hy bly op aarde om as Koning van die konings uit Jerusalem te regeer

Die eerste opstanding

Wanneer ’n mens die drie belangrikste basuine in ag neem wat gedurende die sewe feeste geblaas word, is dit duidelik dat hulle groot betekenis daarin geleë is dat hulle nuwe dispensasies in God se heilsplan vir die mensdom aankondig:

- Op Pinksterdag is die Heilige Gees uitgestort en is die geluid van ’n magtige wind gehoor (Hand. 2:2). Dit was die geboortedag van die kerk van Christus, en dus die begin van die dispensasie van die kerk op aarde. Op hierdie dag het die Heilige Gees die dissipels bemagtig om in die wêreld uit te gaan en die evangelie aan alle nasies te verkondig. Pinkster was ’n aftelling van 50 dae vanaf Paassondag, en was die geestelike toerusting om die boodskap van die gekruisigde en opgestane Christus se genade aan die wêreld te verkondig.
- Tydens die vervulling van die Fees van Basuine sal alle heiliges van alle tye byeengebring word as ’n teken van die afsluiting van die kerkbedeling en die begin van die permanente fase van die verheerlikte kerk van Christus. Ontslape heiliges sal opgewek word in verheerlikte liggame, terwyl die lewende heiliges in ’n oogwink van sterflikheid na onsterflikheid verander sal word.
- Die fees van die Groot Versoendag sal vervul word wanneer die Messias-Koning met trompetgeskal kom en daardeur die bedeling van God se geopenbaarde koninkryk op aarde aankondig. Almal wat die groot verdrukking oorleef het, Jode sowel as nie-Jode, sal gered word wanneer Christus kom. Hulle sal dan ook deel hê aan die beloofde Messiaanse koninkryk.

In die lig van die groot betekenis van die Fees van Basuine in die opstanding en verheerliking van die kerk van Christus van alle tye (insluitend Ou-Testamentiese heiliges wat op die Messias gewag het), moet ons die belofte van die eerste opstanding aanvaar en ook goed verstaan. By hierdie geleentheid sal die Here Jesus kom om net die weergebore gelowiges op te wek; dit is waarom Paulus gesê het: “... die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan” (1 Thess. 4:16). Hier word hoegenaamd niks oor die opstanding van die ongelowige dooies gesê nie. Aangesien ’n eerste opstanding ook ’n tweede opstanding impliseer, en aangesien ons weet dat beide die gelowiges en ongelowiges sal opstaan (Hand. 24:15), is dit duidelik dat die ongelowige dooies tydens ’n later opstanding opgewek sal word.

Openbaring 20 sê dat die twee opstandings ten minste ’n duisend jaar uitmekaar sal wees. Johannes verwys na al die heiliges wat tydens die eerste opstanding opgewek sal word om in die millennium as konings saam met Christus te regeer: “... en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding” (Op. 20:4-6).

Diegene wat deel het aan die eerste opstanding word geseënd genoem, daarom is dit ’n bevoorregte posisie om hierby ingesluit te wees. Verskeie ander Skrifgedeeltes lewer onweerlegbare bewyse dat weergebore gelowiges eerste opgewek sal word, waarvan die belangrikste uitsprake in Paulus se groot hoofstuk oor die opstanding voorkom (1 Kor. 15:20-24). Hierin verduidelik hy die chronologiese orde in die eerste opstanding.

Tussen die opstanding van Christus as die eersteling en die opstanding van die weergebore regverdiges by sy wederkoms (die eerste opstanding) sal die totale kerkbedeling verloop, wat tans byna twee millennia al voortduur. Dit is uit Openbaring 20 duidelik dat ’n verdere duisend jaar van Christus se regering tussen die opstanding van die regverdiges en die einde van die huidige aarde sal verloop. Dan sal die onregverdiges in die tweede opstanding opgewek word om vir die eindoordeel voor die groot wit troon gedaag te word.

Die volgende is uitdrukkings wat slegs na die eerste opstanding verwys:

- Die eerste opstanding (Op. 20:6).
- Die opstanding van die kinders van God (Luk. 20:36).
- Die opstanding van dié wat in Christus gesterf het (1 Thess. 4:16).

- Die opstanding van die regverdiges (Luk. 14:14).
- ’n Beter opstanding (Heb. 11:35).
- Die opstanding tot die lewe (Joh. 5:29).
- Die opstanding uit die dode in Jesus (Hand. 4:2).

Wanneer daar na die Christene se opstanding *uit* die dode verwys word, asook wanneer die opstanding van Christus ter sprake is, word die uitdrukking *ek nekroon* in Grieks gebruik. Dit beteken *uit die dode* en word slegs ten opsigte van ’n opstanding gebruik waarin daar ander dode is wat agterbly. Hierdie uitdrukking, wat 49 keer in die Nuwe Testament gebruik word, waarvan 34 keer in verband met die opstanding van die Here Jesus, word nie een keer in verband met die finale opstanding gebruik nie. Na die tweede opstanding word slegs as *toon nekroon* verwys, wat die opstanding *van die dode* is.

Wanneer die wegraping plaasvind, staan die regverdiges met verheerlikte liggame onder die ander dode op [*vanuit die dode*] en gaan dan met dié wat nog in die lewe is, Christus tegemoet in die lug. Die onregverdiges (ongereddes) sal in hulle grafte bly omdat hulle nie “in die Here” gesterwe het nie (Op. 14:13).

Die opening van die drie boeke

Volgens die rabbynse tradisie soos in die Talmoed beskryf, maak God op *Rosh Hashanah* drie boeke oop. Die Messiaanse Jood, Victor Buksbazen (1954:24) sê: “In die een boek is die name van die regverdiges, in die tweede boek diegene wat nie heeltemal regverdig en ook nie heeltemal goddeloos is nie, en in die derde boek die name van dié wat goddeloos is.”

In die eerste boek word nie net die name van die regverdiges geskryf nie, maar ook die beloning en seëninge wat hulle van die Here sal ontvang. Dit sluit materiële sowel as geestelike seëninge in, soos ’n geestelik produktiewe lewe, gesondheid, voldoende oeste en oorwinning oor die vyand. Die blaas van die basuin van *Rosh Hashanah* elke jaar verseker hulle van die volgehoue seën van die Here elke jaar terwyl hulle Hom hier op aarde dien. Wanneer hierdie fees finaal vervul sal word (niemand weet in watter jaar nie) sal die heiliges opgewek word om hulle ewige seëninge en genadeloon in die hemel te ontvang. Die ware gelowiges sal rekenskap van hulle lewens gee voor die regterstoel van Christus en loon van Hom ontvang (Rom. 14:10-12; 2 Kor. 5:10). Paulus sê: “... elkeen sal sy eie loon volgens sy arbeid ontvang” (1 Kor. 3:8, en volgende verse). Volgelinge van die Messias wat tot op die einde op die weg van geregtigheid volhard, is ’n minderheidsgroep.

Die tweede boek bevat die name van diegene wat nie volkome regverdig was nie, maar ook nie volkome goddeloos nie. Volgens ’n baie algemene opvatting onder Jode is die name van die meeste mense in Israel in die tweede kategorie, omdat daar baie dinge in hulle lewe is wat nie die Here behaag nie. Hierdie groep word nie as permanent gesien nie, omdat daar aan die lede daarvan ’n beperkte tyd gegun word om hulle gebroke verhouding met God te herstel. Indien hulle dit doen, sal hulle name na die eerste boek oorgeskuif word en sal hulle saam met die regverdiges die seëninge van die Here geniet. Indien hulle hulself nie volwaardig bekeer en die Messias volg nie, sal hulle name by dié van die goddeloses in die derde boek gevoeg word. Gedurende die komende verdrukking van sewe jaar, wat die vervulling sal wees van die sewe verskriklike dae tussen *Rosh Hashanah* en *Yom Kippur,* sal die mense wat probeer om goed te doen maar nie daarin slaag nie, ’n finale geleentheid kry om te wys waar hulle staan – óf by die ware Messias wat heiligheid vereis, óf by die valse messias wat die mens van sonde sal wees.

Die derde boek bevat die name van die goddeloses, asook die regverdige straf wat hulle sal ontvang. Die groot meerderheid van alle mense op aarde dien nie die God van die Bybel nie en is óf agnostici óf heidene wat afgode aanbid. Hulle sal ná die tweede opstanding deur God geoordeel en verdoem word.

Wat die eerste groep betref: deur die feeste van God (Nagmaal en Pinkster in die Nuwe Testament) word gelowiges tot hoër vlakke van toewyding opgeroep. Hulle moet gereeld hulle geloof in die Lam van God wat sy bloed op Gólgota vir hulle gestort het, herbevestig en versterk. Hulle moet ook voortdurend hulle eie lewens ondersoek om vas te stel of daar nie suurdeeg van

sonde in is waardeur die Heilige Gees bedroef word nie. Wanneer hulle deeglik gereinig is van alle besoedeling van die vlees en die gees (2 Kor. 7:1), moet hulle hulself opnuut aan die diens van die Here wy en werke doen wat by die bekering pas. Paulus sê dat ons vasberade moet werk met die oog op genadeloon voor die regterstoel van Christus:

“Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal. En elkeen wat aan ’n wedstryd deelneem, onthou hom in alles – húlle nogal om ’n verwelklike krans te ontvang, maar ons ’n onverwelklike. Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie. Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie” (1 Kor. 9:24-27).

Wat die tweede groep betref: baie mense beskou hulleself as gelowiges wat goeie lewens lei, maar hulle is nie regtig weergebore nie en word dus nie deur die Heilige Gees gelei nie. In Israel beskou sulke nominale gelowiges hulleself as geregverdigde lede van die verbondsvolk, maar as gevolg van die verwerping van die Messias is hulle nie. Die Here Jesus het vir hulle gesê: “Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is” (Matt. 15:7-9). Hulle beoefen ’n mensgemaakte godsdiens wat geen ware geestelikheid het nie. Jesaja het oor die valse pretensie van hierdie vormgodsdiens gesê: “En ons het almal geword soos ’n onreine, en al ons ongeregtighede soos ’n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind” (Jes. 64:6).

In die Christelike kerk is daar ook ’n groot aantal naamchristene wat uiterlik wel regverdig lyk, maar innerlik verkeer hulle steeds in geestelike duisternis. Paulus het vir Timótheüs gewaarsku teen mense wat sondige lewens lei, maar terselfdertyd “’n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.” Sy advies aan hom was duidelik: “Keer jou ook van hierdie mense af” (2 Tim. 3:5). Die wederbarende krag van die Heilige Gees ontbreek in hulle lewens, maar tog hou hulle deur eie pogings ’n uiterlike gedaante van godsaligheid in stand. Ware Christene behoort hulleself uit die kringe van die skynheiliges te onttrek, anders sal hulle dalk ook dubbele lewens begin lei wat op ’n valse skyn berus.

Die Here Jesus sê aan die gemeente in Sardis: “Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood” (Op. 3:1). Hulle is vermaan om uit hulle dooie vorm van godsaligheid te bekeer en dan uit te gaan en die evangelie aan sondaars te verkondig.

Indien sulke mense nie tot bekering kom nie, sal hulle agterbly wanneer die basuin vir die opstanding van die regverdiges tydens die wegraping blaas. Gedurende die daaropvolgende verdrukking sal die kategorie van naamchristene wat nie volkome regverdig of boos is nie (die draadsitters), spoedig ophou om te bestaan. Sommige van hulle sal volgelinge van die Antichris word en die ware Christus volkome verloën, terwyl andere die Antichris sal verwerp en met onverdeelde harte die ware Christus sal aanneem. Johannes sê die volgende oor hulle:

“Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was ’n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met ’n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! ... Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom? En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam” (Op. 7:9-14).

Die derde groep van onbekeerlike sondaars sal die Antichris slaafs navolg, sy nommer aanvaar, hom aanbid, saam met hom die ware God en sy Seun belaster, en daarom sy oordeel met hom deel: “As iemand die dier en sy beeld aanbid en ’n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag

geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang" (Op. 14:9-11).

'n Teken aan Israel

Die blaas van die basuin by die wegraping sal 'n wekroep aan Israel wees tydens die vervulling van die Fees van die Basuine. Op daardie oomblik sal Messiaanse Jode in Israel en elders saam met lede van die liggaam van Christus uit die hele wêreld weggevoer word. Dit is onseker of ortodokse Jode en ander ongeredde mense ook die geklank van die basuin sal hoor wanneer die Bruidegom kom (1 Thess. 4:16), maar die skielike verdwyning van Messiaanse gelowiges sal 'n duidelik boodskap aan die Jode in Israel oordra dat die Messias soos 'n dief in die nag gekom het vir sy bruid.

In die tradisionele Joodse huwelikseremonies is 'n *shofar* geblaas wanneer die tyd aangebreek het vir die bruid om in die geheim weggeneem te word. Die bruidegom het sy bruid in die aand of in die nag kom haal – gewoonlik tussen 6-uur die aand en middernag. Wanneer hy en sy vriende naby aan die huis van die bruid was, was daar 'n geroep en ook die blaas van die ramshoring om die bruid en haar bruidsmeisies te laat weet dat hulle dadelik moes uitkom om die bruidegom buite op die pad te ontmoet. Diegene wat nie op daardie kritieke oomblik genoeg olie gehad het nie, was laat vir hulle afspraak en het agtergebly nadat die Bruidegom sy bruid na sy vaderhuis teruggeneem het.

Direk na die dramatiese vervulling van hierdie gebeurtenis in die eindtyd, sal baie van die Jode besef dat Jesus ongetwyfeld die ware Messias is. Hulle sal dan in die lig van Bybelse profesieë weet dat die valse messias spoedig daarna geopenbaar sal word om die tyd van Jakob se benoudheid in te lui. Afgesien van die feit dat die meeste Jode die valse messias as die ware Messias sal aansien (Joh. 5:43; Dan. 9:27), sal 'n aansienlike aantal van hulle nie deur die valse messias mislei word nie, en in plaas daarvan hulle lewe aan die Here Jesus oorgee. Die 144 000 spesiale getuies vir Christus sal uit hulle geledere kom. Hulle sal baie van hulle eie mense na die Here toe lei, asook baie nie-Jode, en hulle bemoedig om vas te staan gedurende die donker dae van die verdrukking.

Die tyd van benoudheid vir Jakob

Die tien verskriklike dae van 1 tot 10 Tisjri sluit die sewe dae tussen *Rosh Hashanah* en *Yom Kippur* in, en verteenwoordig die tyd van benoudheid vir Jakob. Die einde van die oesseisoen loop uit op die begin van Daniël se 70ste jaarweek, die tyd wanneer Israel getoets en vervolg sal word en Jerusalem deur die leërs van vyandige nasies omsingel sal wees (Eseg. 22:18-22; Sag. 14:2, 12). In hierdie tyd sal baie mense uit verskillende volke 'n finale keuse oor hulle ewige bestemming moet maak. Ongekende rampe sal plaasvind wanneer die groot oordele waarvan ons in Openbaring 6 tot 19 lees, kort na mekaar aangekondig sal word.

Jeremia het die oordele van die dag van die Here pertinent genoem: "Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word" (Jer 30:7). Die "benoudheid" verwys nie net na die toorn van God wat oor 'n rebelse mensdom uitgestort sal word nie, maar ook na die misleiding en wreedheid van die valse messias wat oor die onderdane van sy wêreldryk uitgestort sal word. Gedurende hierdie jaarweek sal die geestelike misleiding van Israel tot groot uiterstes gevoer word weens die optrede van die valse profeet, maar daar sal ook diegene onder hulle wees wat weerstand daarteen bied (Dan. 11:32-33).

In reaksie op die groot misleiding en vervolging sal 'n minderheid lede van Israel en die nasies hulle tot die ware Messias wend om gered te word (Op. 12:11), terwyl die meerderheid die valse messias sal navolg en aanbid. Baie mense sal sterf in oordele van God terwyl hulle in "die dal van beslissing" is (Joël 3:14).

Die bekering van 144 000 Jode en hulle afsondering vir die diens van die Here (Op. 7:4) sal 'n baie belangrike gebeurtenis aan die begin van die verdrukking wees, net na die openbaring van die Antichris. Die 144 000 sal die eerste groep wees in die eindtydse geestelike herlewing van Israel as 'n volk, en hierdie proses sal eers tydens die wederkoms van die Messias afgehandel

wees. Openbaring 7:1-8 sluit aan by ’n uitgebreide reeks Bybelse profesieë waarin die waarborg gegee word dat die Here nie net vir Israel fisies in hulle land sal herstel nie, maar dat hulle in die laaste dae ook geestelik lewend gemaak sal word (Jer. 32:36-40; Eseg. 37:1-28).

Uit ’n dispensasionele oogpunt is dit baie duidelik waarom die 144 000 Jode gered en in die diens van die Here gebruik sal word. Nadat die Here Jesus sy kerk weggeneem het, aan wie Hy die opdrag gegee het om in hierdie bedeling die lig van die wêreld te wees, sal Hy die geestelike potensiaal van Israel gebruik om in die donker nag van die verdrukking sy lig in die wêreld te laat skyn.

10. Die Groot Versoendag

“Op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. ’n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die Here ’n vuuroffer bring” (Lev. 23:27). Die Groot Versoendag begin teen sononder aan die einde van die negende dag van Tisjri. Dit is die plegtigste van alle Joodse feeste. Hierdie sesde fees dui op die redding van die hele Israel, wanneer hulle tydens die wederkoms van die Messias waarlik God se volk sal word.

Hierdie belangrike godsdienstige fees was die enigste dag van die jaar wanneer die hoëpriester (*Cohen Ha Gadol*) toegelaat was om die Allerheiligste te betree om offers vir die sondes van die volk te bring. Volgens Levítikus 16 moes ’n bul en ’n bok op hierdie dag geoffer word, terwyl ’n ander bok (die sondebok) na die woestyn weggestuur is. Voordat die bok na die woestyn weggelei is, het die hoëpriester albei sy hande op die bok se kop geplaas en al die sondes van Israel bely. Sodoende is al die volk se sonde op die bok se kop geplaas sodat hy dit na ’n onbewoonbare plek kon wegdra (Lev. 16:20-22).

Om te verseker dat die sondes van die volk wat deur die sondebok weggedra is, nooit weer na hulle toe terugkeer nie, is die sondebok na ’n steil krans toe geneem en daarvandaan afgegooi. Volgens oorlewering het die rooi lyn wat aan die bok se kop vasgebind was, daarna wit geword. Dit was ’n aanduiding dat God die offers aanvaar het en dat die volk se sondes vir nog ’n jaar bedek was. Hartman (2012) maak die volgende baie insiggewende opmerking hieroor: “Joodse tradisie in die Talmoed vertel ons dat vir veertig jaar voor die vernietiging van die tempel in 70 n.C., die rooi lyn op die sondebok se kop nie wit geword het nie. Dit dui daarop dat sedert Jesus se kruisdood, totdat die offers geëindig het toe die Romeine die tempel vernietig het, God nie meer die offers van bulle en bokke aanvaar het nie! Hoewel ons nie kan bewys dat dit werklik gebeur het nie, is dit interessant dat hierdie stelling oor die offers in ’n Joodse geskrif gemaak word.”

Al die tipologiese offers is inderdaad deur Christus vervul: “Hy [het] óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom” (Jes. 53:4-6).

Ons ongeregtighede is op die Lam van God geplaas. Hy is gelei na ’n plek buite Jerusalem waar Hy vir ons sondes gesterf het: “Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra” (Heb. 13:12-13).

In hierdie Skrifgedeelte het Paulus sy Hebreeuse lesers bemoedig om nie te huiwer om deelgenote te word van die smaad wat Jesus gedra het nie. Hulle moes die laer van Judaïsme verlaat en dan buitekant hierdie laer met die Messias identifiseer waar Hy die eenmalige offer vir die sondes van die wêreld gebring het. Die gelowige se ware geestelike bestemming is nie ’n godsdienstige stelsel wat vermeng geraak het met gevestigde menslike belange en selfgesentreerde leierskapsrolle nie, maar die vergifnis en vryheid wat net Christus ons kan bied.

Simboliese pligte van die hoëpriester

’n Bul is geoffer om die heiligdom te reinig van besoedeling wat deur die sondes van die hoëpriester en sy huishouding veroorsaak is (Lev. 16:6). Een van die twee bokke is dan geoffer om die heiligdom van die volk se sondes te reinig. Die bloed van die offerdiere is ook op die altaar gesprinkel.

Voordat die hoëpriester die Allerheiligste binnegegaan het, moes hy sy hele liggaam was en ook sy kleed was as deel van ’n reinigingseremonie sodat hy waardig kon wees om in die Allerheiligste te verskyn. Sy klere was bloedbevlek weens die slag van die diere en die besprinkeling van die altaar met hulle bloed, daarom moes dit op ’n spesiale plek gewas word (Lev. 6:27).

Hierdie gebruike is deur die Messias vervul: “Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en ons ’n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met ’n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van ’n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water” (Heb. 10:19-22; vgl. 1 Pet. 1:2).

Op die Groot Versoendag het die hoëpriester by drie geleenthede voor die volk verskyn om eerstens sy eie sondes en die sondes van sy gesin te bely, tweedens die sondes van die stam van Levi, en derdens die sondes van al twaalf die stamme van Israel. Dit was die enigste geleentheid in die hele jaar wanneer die hoëpriester toegelaat was om die Naam van God, Jahweh, soos voorgestel deur die Hebreeuse letters JHWH (bekend as die vierletterwoord) hardop uit te spreek, en ook die Allerheiligste drie keer te betree. Hy het slegs uitgekom om sondes namens die volk te bely en ook Israel se sondes op die kop van die sondebok te plaas.

Wanneer die hoëpriester in die Allerheiligste was, was die volk in gespanne afwagting op sy verskyning. Indien hy té lank weggebly het, het hulle ernstig gevrees dat God nie die volk se sondes vergewe het nie en dalk die onwaardige hoëpriester getref het sodat hy dood neergeslaan het. Wanneer hy uiteindelik uitgekom het, was daar ’n sug van verligting onder die aanwesiges en hulle het lofsange gesing. Op hierdie dag is daar ook ’n basuin geblaas, bekend as die basuin van die hoëpriester (*Shofar Ha Gadol*).

Craig Hartman (2012) beskryf die uiterstes van vrees en vreugde op hierdie laaste dag van die 40-dae periode van bekering en sondebelydenis soos volg: “Hierdie aktiwiteite van die hoëpriester was vol drama en spanning. Die mense wat byeengekom het om die ritueel waar te neem, het geweet dat indien God nie die offers aanvaar het nie, sy oordeel oor sonde die hoëpriester dood kon laat neerslaan in die Allerheiligste – dan sou die volk se sonde ook nie bedek wees nie. Interessant genoeg, is daar ’n tou aan die hoëpriester vasgebind indien hy in die Allerheiligste sou sterf. In dié geval sou sy liggaam uitgesleep kon word sonder dat iemand daar hoef in te gaan om hom uit te haal, want dit kon ook tot daardie persoon se dood lei. Die volk het dus ten volle op die werk van die hoëpriester vertrou. Wanneer die hoëpriester uit die tabernakel gekom het, het sy verskyning tot groot vreugde en feesviering onder die volk gelei.”

Hierdie simboliese manier van versoening is vervul deur die Here Jesus toe Hy Homself as losprys vir ons sondes geoffer het: “Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. Want so ’n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het” (Heb. 7:25-27).

Plaasvervangers vir versoening

Sedert die vernietiging van die tempel in 70 n.C., het ortodokse Jode groot probleme ervaar om hulle feeste te vier, veral die Groot Versoendag, omdat geen offers gebring kan word vir die versoening van sondes nie. In ’n poging om hierdie probleem op te los, is verskeie plaasvervangers ingestel, byvoorbeeld gebed, vas, ’n studie van die wet, liefdadigheid, asook verskeie mensgemaakte pogings van bekering, insluitend persoonlike lyding.

’n Persoon se eie lyding word as ’n plaasvervanger beskou, veral die lyding van die regverdiges. Ortodokse Jode in Oos-Europa het ’n gebruik beoefen wat as *malkoth* bekendstaan, waarin hulle hulself met 39 houe laat slaan het. Die apostel Paulus is by vyf geleenthede onderwerp aan “veertig houe op een na” (2 Kor. 11:24). Dit was ’n antieke Joodse metode van straf vir oortreders. Verder op hierdie tema, word ’n persoon se eie dood ook beskou as plaasvervanger vir ’n offer, en hierdie foutiewe idee word van Psalm 116:15 afgelei: “Kosbaar is in die oë van die Here die dood van sy gunsgenote.” Abraham se offer van sy seun, Isak, word ook gesien as ’n plaasvervangende offer vir versoening, maar hierdie daad het net die dood van die Vader se Seun, Jesus, voorafgeskadu. Daar was geen vrymakende substansie in Abraham se daad nie en Isak het ook nie regtig gesterf nie.

Daar is ’n klein groepie ortodokse Jode wat glo dat ’n plaasvervangende dood steeds nodig is vir die vergifnis van sonde, en hulle gee uitdrukking aan hierdie geloof deur ’n gebruik bekend as *kapparoth*. Die dag voor *Yom Kippur* neem die persoon ’n hoender, bely sy sondes oor die hoender terwyl hy sirkelbewegings met sy hand bokant die hoender se kop maak. Die hoender word daarna doodgemaak en daar word geglo dat sy bloed versoening vir sondes doen (Hartman, 2012).

Die dilemma van Judaïsme in hulle poging om ’n geldige basis vir versoening te kry, word duidelik deur Victor Buksbazen (1954:35) beskryf: “Ten spyte van *Yom Kippur,* die dag wat aan versoening gewy word, is daar in Judaïsme geen versekering van sondes wat vergewe word nie. Daar is ’n verlange en hoop op vergifnis, maar geen versekering daarvan nie. Slegs die Seun van God kan dit gee aan mense wat in die geloof na Hom toe kom. Die Groot Versoendag is net ’n plaasvervanger vir versoening. Judaïsme kan ten beste opgesom word as die mens se pogings om homself te regverdig sonder die versoening wat deur die Verlosser gedoen is. Dit kan nie gedoen word nie. Daar is geen plaasvervanger vir Christus, ons Versoener nie. Judaïsme het hard probeer om ’n plaasvervanger vir Hom te kry.”

Hierdie beskouing word bevestig deur Hartman (2012): “Die vier van *Yom Kippur* het na 70 n.C. drasties verander. Met geen tempel, geen priesters en geen offers nie, moes die Jode ander maniere vind om aan die Bybelse voorskrifte vir die jaarlikse versoening van hulle sondes te voldoen. Die rabbi’s het ’n tradisie ontwikkel waarin die sondes van die volk deur gebed, bekering en welsynswerk (goeie werke) versoen sou word. Terwyl dit verstaanbaar is dat hulle nuwe metodes sal soek sonder ’n tempel, voldoen hierdie metodes egter nie aan Bybelse bepalings nie. God het nooit sy eis van versoening deur ’n bloedoffer verander nie, en alhoewel die Jode interessante argumente aanvoer om hulle standpunt te regverdig, is hulle nogtans verkeerd. ... Dienste in sinagoges gaan gepaard met vas ten einde ’n persoon se siel te kasty. Die offer vir versoening ontbreek egter.”

Eindtydse vervulling van hierdie fees

As ons verby die geweldige lyding kyk wat veroorsaak sal word deur die komende verdrukking van sewe jaar (Daniël se 70ste jaarweek), is daar ook ’n goddelike doel wat hiermee bereik sal word. God het gesê: “In hulle nood sal hulle My soek” (Hos. 5:15). Lank gelede het Moses ook vir Israel gewaarsku teen die eindtydse nood wat hulle sal oorval, en hulle gemaan om die geleentheid te gebruik om in die regte verhouding teenoor God te kom: “As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister. Want die HERE jou God is ’n barmhartige God; Hy sal jou nie verlaat en jou nie in die verderf stort nie; en Hy sal die verbond van jou vaders wat Hy hulle besweer het, nie vergeet nie” (Deut. 4:30-31).

Gedurende die komende beproewings sal ’n toenemende aantal Jode gered word deur vir Jesus as Messias en Verlosser aan te neem. Die hele oorblyfsel van die volk sal egter eers gered word op die dag wanneer die Messias kom, en dit sal vir Israel die finale vervulling van die Groot Versoendag wees. Dit sal die wonderlikste dag in die ganse geskiedenis van hierdie volk wees wanneer hulle met hulle Messias versoen word – ’n dag waarvan God sê: “Ek sal die skuld van hierdie land op een dag uitdelg” (Sag. 3:9).

Die tyd van die benoudheid vir Jakob (Jer 30:7) wat die geestelike herlewing van Israel sal voorafgaan, sal ’n besonder onheilspellende tyd wees. In die middel van die verdrukking sal die Jode uit Jerusalem en omliggende gebiede na ’n veilige plek in die woestyn vlug – waarskynlik suid van die Dooie See by Petra. Die aanleiding vir hierdie vlug sal die ontheiliging van die herboude tempel in Jerusalem wees, waarin die Antichris homself tot God sal verklaar (Matt. 24:15-22; 2 Thess. 2:4; Dan. 9:27). Hy sal ook ’n beeld van homself in die tempel laat oprig en die wêreldwye aanbidding van die beeld afdwing. Wanneer Godvresende Jode weier om die knie voor die moderne Baal te buig, sal ’n volksmoord teen hulle afgekondig word.

In die groot verdrukking sal multinasionale magte Israel se grondgebied beset en ook die stad Jerusalem beleër. Naby aan die einde van daardie jaarweek sal Joodse vlugtelinge na hulle beleërde hoofstad terugkeer, sterk daarvan oortuig dat die Messias op die Groot Versoendag sy

voete op die Olyfberg sal sit. Die sewe verskriklike dae tussen *Rosh Hashanah* en *Yom Kippur* sal hulle einde nader, en dit sal saamval met die einde van die jaarweek, wat die tyd van benoudheid vir Jakob sal wees.

Daniël het geprofeteer oor die kritieke tweede helfte van die verdrukking toe hy gesê het: "... dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie. ... En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word [die beeld van die Antichris in die tempel], sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop" (Dan. 12:1, 11).

Hierdie aantal dae is 'n tydperk van 43 maande, wat een maand meer is as die tweede helfte van die betrokke jaarweek. Hierdie ekstra maand sal heel waarskynlik opgeneem word deur die routydperk waardeur Israel sal gaan nadat hulle die Messias ontmoet het en sterk onder die indruk sal kom van hulle sonde deur Hom te verwerp. Dit was gebruiklik in Israel om dertig dae lank oor 'n geliefde leier te rou, soos die geval was met Aäron en Moses (Núm. 20:29; Deut. 34:8).

Vanaf die donker dag in die middel van die week wanneer die Antichris homself tot God sal verklaar, sal daar 42 maande verloop tot aan die einde van die jaarweek, wanneer *Rosh Hashanah* die begin van 'n nuwe jaar en 'n nuwe jaarweek sal aankondig. Groot benoudheid sal die vlugtelinge oorval wanneer hulle Jerusalem nader in die verwagting dat die Messias sal kom om hulle te verlos. Hulle sal deur die magte van die Antichris omsingel word, en groot chaos sal in Jerusalem heers.

Sagaría sê: "Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE" (Sag. 14:1). Die dag van die Here verwys na die eindtydse uitstorting van God se toorn gedurende die groot verdrukking, wat sy hoogtepunt in die slag van Armagéddon sal bereik. In Sagaría 14 word hierdie Goddelike ingryping beskryf. God sê: "Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap" (Sag. 14:2).

Die daaropvolgende dae wat na die Groot Versoendag op die tiende dag van Tisjri sal lei, sal besonder erg wees. Sommige Jode sal met die magte van die Antichris slaags raak, terwyl ander weer van die gevegsterrein af sal probeer wegkom. Baie van hulle sal paniekbevange raak en uitroep: "... ons verwagting is verlore, dit is klaar met ons!" (Eseg. 37:11). Maar dan, op die Groot Versoendag, sal hulle verlossing van die Olyfberg af kom:

"En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes *tot* 'n baie groot dal ... En julle sal vlug in die dal van my berge – want die dal van die berge sal loop tot by Asal – en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U! ... En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde. ... En dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond. En in dié dag sal 'n groot verwarring van die HERE onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, en die hand van die een hom sal verhef teen die hand van die ander" (Sag. 14:3-13).

Wanneer donker wolke van God se oordele oor Jerusalem en sy omstreke toesak, sal die oorlewende Jode na 'n veilige plek toe vlug wat sal ontstaan deur 'n skielike skeur in die Olyfberg. Daar, letterlik aan die voete van Jesus, sal hulle veilig wees. Groot verwarring sal onder hulle vyande ontstaan terwyl hulle deur Goddelike oordele oorval word, en hulle sal mekaar begin doodmaak.

Die Antichris en die valse profeet, die twee leiers van die wêreldwye rebellie teen die Messias en sy volgelinge, sal gevang en lewendig in die vuurpoel gegooi word (Op. 19:19-20). Jesus sal na sy volk toe uitreik en hulle seën. Hulle sal vreesbevange raak wanneer hulle die merke in sy hande sien, en hulle eerste woorde aan Hom sal wees: "Watter wonde is daardie tussen jou hande?" Hy sal hulle antwoord: "So is ek geslaan in die huis van my vriende" (Sag. 13:6). Hoe

sal die Jode die feit verklaar dat die Messias wonde in sy hande het wanneer Hy op die Olyfberg neerdaal? Hoe sal hulle kan verklaar waar daardie wonde vandaan kom? Dit was sekerlik nie in die hemel op Hom toegedien nie! Hulle sal inderdaad opkyk na Hom vir wie hulle tydens sy eerste koms deurboor het. Sagaría sê:

“Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos ’n mens rouklaag oor ’n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos ’n mens bitterlik ween oor ’n eersgebore kind. In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem, soos die rouklag van Hadad-Rimmon in die laagte van Megiddo. En die land sal rouklaag by geslagte, elke geslag afsonderlik. ... In dié dag sal daar ’n geopende fontein wees vir die huis van Dawid en vir die inwoners van Jerusalem teen sonde en onreinheid” (Sag. 12:10-12; 13:1).

Hartman (2012) sê dat die finale Versoendag vir Israel teen ’n baie groot prys sal kom – twee-derdes van die Jode in die land sal vernietig word (Sag. 13:8). Die oorblywende derde sal uit die vuur van loutering kom en gered word. God sal aan die oorblyfsel in Israel nuwe harte en ’n nuwe gees gee (Eseg. 36:26), en hulle sondes vir altyd vergewe (Jer. 31:34). Paulus het oor hierdie tyd van die uitgiet van God se Gees oor Israel gepraat toe hy gesê het: “... en so sal die hele Israel gered word” (Rom. 11:26). Hierdie toekomstige tyd van nasionale reiniging en herstel sal daartoe lei dat die hele Joodse volk vir Christus as hulle Messias aanneem, en dan uiteindelik vir Hom sê: “Die HERE, my God!” (Sag. 13:9).

Die hele oorblyfsel van Israel sal gered en hulle vyande geoordeel word. Dit sal egter nie net vir Israel ’n Groot Versoendag met die Messias wees nie, aangesien ’n oorblyfsel van die nie-Joodse nasies ook gered sal word en dan groot ondersteuners van Israel sal word in die komende koninkrykdispensasie. In Sagaría se hoofstuk oor die wederkoms van Christus en die oordeel oor die nasies, is daar goeie nuus ingesluit vir die oorlewendes onder die nasies wat hulle tot Christus sal wend vir redding: “En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier” (Sag. 14:16).

Wanneer die Antichris, die valse profeet en hulle multinasionale mag by die wederkoms teen Christus en sy hemelse leër veg (Op. 19:19-21), sal dit vreeslik wees om te val in die hande van die lewende God (Heb. 10:31). Diegene wat egter hierdie oordeel oorleef sal, soos Israel, in opregte verootmoediging en bekering na Jesus toe kom. Dit sal ook op die Groot Versoendag gebeur wanneer die Messias uit die hemel kom om sy vyande te oordeel en diegene te red wat hulle dwaasheid sal besef en hulle dan tot Hom sal wend vir redding:

“En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan” (Matt. 24:29-31).

Dit sal die oorgang wees na ’n nuwe dispensasie in God se heilsplan vir die mensdom. Die koninkryk van God wat vroeër nie van hierdie wêreld was nie, sal nou in al sy krag en heerlikheid op aarde geopenbaar word. Christus sal uit Jerusalem regeer en sy heiliges sal saam met Hom regeer.

11. Die Loofhuttefees

Die laaste van die sewe feeste, wat sewe dae lank gevier moet word, is ook van groot betekenis en dui op die voltooiing van die Messias se werk van verlossing. Hierdie fees vertoon op ’n baie gevoelvolle manier die vreugde wat die Messias vir individue bring, vir die volk Israel, en uiteindelik ook vir al die nasies van die wêreld:

“Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die HERE. ... En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van die HERE julle God vrolik wees. En julle moet dit as fees van die HERE sewe dae in die jaar vier. Dit is ’n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier. Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is die HERE julle God. So het Moses dan die feestye van die HERE aan die kinders van Israel bekend gemaak” (Lev. 23:34; 40-44).

Hierdie is ’n vreugdefees wat jaarliks ná die finale insameling van die oes gevier word om die Here vir al sy weldade van daardie betrokke jaar te bedank, insluitend die oes wat gemaak is. Maar die fees verwys ook terug na die tyd, lank gelede, toe die Israeliete verlos is uit hulle Egiptiese slawerny en beskerming gevind het onder die bloed van die paaslam. Nadat hulle Egipte verlaat het, het hulle in hutte in die woestyn gewoon en is bonatuurlik beskerm teen baie gevare. Verder het die fees ’n besliste toekomsperspektief deurdat dit ook duidelik die koms van die Messias weerspieël. Wanneer Hy kom, sal die finale oes van die hemelse koninkryk ingesamel en die vyande van hierdie koninkryk vernietig wees.

Op die eerste dag van die Loofhuttefees lees die rabbi’s Sagaría 14 in die sinagoges voor. Hierdie hoofstuk handel oor die volgende temas:

- die koms van die Here met al sy heiliges (v. 4-5);
- die koningskap van die Messias (v. 9);
- die verhoging van Jerusalem (v. 8-11);
- die vernietiging van Israel se vyande (v. 12-15); en
- die verpligte deelname deur ander volke aan die Loofhuttefees in Jerusalem gedurende die Messias se vrederyk (v. 16-18).

Sukkot was een van drie belangrike geleenthede waarop God die Israeliete beveel het om by die tempel in Jerusalem byeen te kom en offers aan Hom te bring. Hulle is gewaarsku om nie met leë hande voor die Here te verskyn nie: “Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die HERE jou God verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die HERE verskyn nie” (Deut. 16:16).

Ons moet ook daaraan herinner word dat ons ná die insameling van die oes voor die regterstoel van Christus sal verskyn, en ons moet seker maak dat ons nie met leë hande vir hierdie afspraak opdaag nie. Die Heilige Gees stel ons in staat om werke te doen wat ewigheidswaarde het, en ons moet onsself daaraan toewy om die werk te doen wat aan ons opgedra is. Diegene wat nalaat om die opdragte van die Here oor vrugbare diens na te kom, sal gered word asof deur vuur heen. Hulle sal geen werke hê wat aanvaarbaar is en dus in staat om die vuurproef te deurstaan nie (vgl. 1 Kor. 3:11-15).

Sedert hulle uittog uit Egipte het Jode die Loofhuttefees gevier, en het baie van hulle ook spesifiek die volgende opdrag nagekom: “Sewe dae lank moet julle in hutte woon.” Gedurende die hele verloop van die fees bly hulle in klein hutte of takskerms wat op ’n ruwe manier van gevlegte takke gemaak is. Die dakke word op so ’n manier gedek dat hulle skaduwee in die dag bied, maar dat mense nog steeds die sterre in die nag kan sien.

Mense wat die vieringe bywoon, dra ’n *lulav,* wat gemaak is van die takke van palms, mirtebome en wilgers. Peter Colón (2001:13) sê: “Dit was ’n plaaslike gebruik in Jerusalem om die takke

met gouddraad vas te bind." Die takke is in die tempel geswaai gedurende sekere dele van die diens. Afgesien van die *lulav* het hulle ook sitrusvrugte (*ethrog*) by hulle gehad wat simbolies van die Beloofde Land is. Is die blydskap van die Here ook ons sterkte, en verraai ons lewens iets van die heerlikheid van die hemelse koninkryk wat ons verwag?

Christene moet daaraan herinner word dat ná ons redding uit die slawerny van sonde ons soos vreemdelinge en bywoners moet leef wat op pad is na 'n beter land toe. In daardie sin woon ons ook in hutte of tente. Ons moenie hierdie wêreld ons permanente woning maak en al ons tyd en geld bestee om aardse skatte te versamel wat van geen waarde sal wees wanneer die Messias se koninkryk geopenbaar word nie.

'n Seën vir die nasies

Gedurende die Loofhuttefees is baie offers in die tempel gebring as sondoffers – osse, ramme en bokke. 'n Totaal van 70 jong osse is gedurende die fees geoffer, en volgens rabbi's in die ou tyd was dit offers vir die 70 nasies van die wêreld. Die doel met hierdie offers was dat die nie-Joodse nasies hulle tot die God van Israel sou bekeer, en daardeur beskutting vind onder die vleuels van die heerlikheid van die Here (*Shekinah*) wat in die Allerheiligste van die tempel woon.

Die liturgie van die fees sluit 'n gebed in waarin gevra word dat die nie-Jode ook na Jerusalem sou kom om die fees te vier. Dit is waarom Christene uit verskillende lande besluit het om hulle solidariteit met Israel te betoon deur na Jerusalem toe te gaan vir die Loofhuttefees. In 1980, die jaar waarin Jerusalem herstel is as die hoofstad van Israel, het 1 000 Christene uit 20 lande besluit om aan die fees deel te neem. Hulle was baie verbaas deur die hartlike ontvangs wat hulle van godsdienstige leiers in Israel ontvang het. Hierdie leiers het verklaar dat dit vir hulle 'n verdere bewys was dat die koms van die Messias, wat deur hulle as sy eerste koms gesien word, naby is. Die publisiteit wat hierdie fees geniet het, was oorweldigend positief, en die Christene is versoek om aan die Jerusalem-mars deur die strate van die stad deel te neem. Hulle het die ereplek voor die Israeli weermag ingeneem.

Op die laaste dag van die fees is die Internasionale Christenambassade in Jerusalem gestig. Hierdie ambassade verteenwoordig Christene wat Israel se Bybelse mandaat oor die land erken, en hulle skakel ook met die Israeli regering. Hulle is betrokke by die hervestiging van Jode wat uit ander lande na Israel emigreer, veral die duisende arm Russiessprekende Jode. Bedrywighede by die ambassade word elke dag met gebede vir die veiligheid van Jerusalem begin, soos voorgeskryf in Jesaja 62:6-7 en Psalm 122:6 – "Bid om die vrede van Jerusalem."

In die volgende jaar (1981) was daar 'n groot toename in die aantal deelnemers toe 3 500 Christene uit 35 lande die Loofhuttefees bygewoon het – 400 van hulle uit Suid-Afrika. Belangstelling in die fees het aangehou om toe te neem, en teen die draai van die eeu het omtrent 6 000 pelgrims uit meer as 80 lande dit bygewoon.

Let asseblief daarop dat hoewel die bywoning van hierdie fees nie vir Christene voorgeskryf is nie, dit 'n vrywillige manier is om eensgesindheid met Israel te betoon, maar spesifiek op 'n Christelike manier. Die Christene hou hulle eie fees in Jerusalem waarin Jesus as Messias geëer word, en hulle kies ook 'n spesifieke tema vir elke jaar wat verband hou met een of ander aspek van Israel se herstel. In die lig van Sagaría 14:16 laat Ortodokse Jode hulle hierdie vryheid toe. Die twee feeste, die Ortodokse en Christelike, word gelyktydig maar op verskillende maniere gehou.

Die fontein van redding

Die giet van water in die tempel was een van die baie belangrike rituele van die fees. 'n Priester is spesiaal aangestel om water in 'n goue kruik van die poel van Silóam af te bring (vgl. Joh. 9:7). Die hoëpriester het die water in 'n bak aan die onderkant van die altaar gegooi. Uit 'n ander kruik is wyn in dieselfde bak gegooi. Die water en wyn het vermeng geraak en deur spesiale pype na die Kidronspruit gevloei.

Die betekenis van die giet van die water was tweevoudig. Eerstens was dit 'n simboliese en rituele gebed vir oorvloedige reën. Die somer was aan sy einde, en die winter met sy

reënseisoen sou spoedig aanbreek. Israel was toe, soos ook nou, afhanklik van genoeg reën vir goeie oeste – daarom die gebede vir reën. Gebede word nog steeds in die sinagoges vir goeie jaarlikse reëns gebid. Die giet van die water was ’n sigbare gebaar om God se genade uit te beeld deur reën te stuur. Tweedens het die drankoffer van die water ook verby die fisiese toepassing daarvan gegaan; dit was profeties en Messiaans in sy hoop, aangesien daar uitgesien word na die uitstorting van die Heilige Gees oor Israel sowel as gelowiges uit die nasies gedurende die regering van die Messias-Koning (Buksbazen, 1954:40-41).

Maar wat van die simboliese betekenis van die meng van die water en wyn in die bak aan die onderkant van die altaar? Die wyn verwys na die bloed van Christus wat vir ons redding gestort is – dit stel die nuwe testament in sy bloed voor (Luk. 22:20). Die water dui op die Messias as die bron van ons nuwe lewe (Joh. 4:14). Die meng van die water en die wyn, waarna dit wegvloei, verwys na die feit dat Christus se lewe afgelê en sy bloed gestort is vir ons verlossing. In die tabernakel was daar ’n koperwaskom. Hierin het die priesters hulle hande ná die offers gewas, gevolglik was daar water in wat met bloed gemeng was. Dit was die bewys van ’n volbragte offer. Nadat Jesus gesterf het, het daar water en bloed uit sy sy gekom, as ’n bewys dat Hy klaar gesterf en sy lewe vir ons afgelê het (Joh. 19:33-34).

Johannes 7 beskryf die viering van ’n Loofhuttefees waaraan die Here Jesus deelgeneem het en Homself as die ware bron van die water van die lewe aangebied het. Baie Jode verwag dat die Messias gedurende ’n viering van hierdie fees geopenbaar sal word, en dit was die rede waarom die broers van Jesus by Hom aangedring het om dit by te woon: “En die fees van die Jode, die huttefees, was naby. Sy broers het toe vir Hom gesê: Vertrek hiervandaan en gaan na Judéa, sodat u dissipels ook u werke kan sien wat U doen. ... Toe sê Jesus vir hulle: My tyd is nog nie daar nie” (Joh. 7:2-3, 6). Daar was nog ’n groot oes wat ingesamel moes word onder Israel en die nasies voordat dit tyd sou wees vir die finale oesfees.

Die Jode het vir Jesus op die fees verwag, aangesien hulle bewus was van sy aanspraak om die Messias van Israel en Seun van God te wees. Om hierdie rede het Hy in die geheim na Jerusalem opgegaan sodat die omstrede vraag oor sy Messiasskap beantwoord kon word: “Maar nadat sy broers opgegaan het, toe het Hy ook opgegaan na die fees, nie openlik nie, maar in die geheim. En die Jode het Hom op die fees gesoek en gesê: Waar is Hy? En daar is baie oor Hom gemompel onder die skare. Sommige het gesê: Hy is goed. Ander weer het gesê: Nee, maar Hy mislei die skare. Tog het niemand openlik oor Hom gepraat nie, uit vrees vir die Jode. En toe dit al in die middel van die fees was, het Jesus opgegaan na die tempel en geleer” (Joh. 7:10-14).

’n Redelike aantal mense het geglo dat Jesus die Messias was, maar hulle geestelike leiers het nie hierdie oortuiging met hulle gedeel nie: “Maar baie van die skare het in Hom geglo en gesê: Wanneer die Christus kom, sal Hy meer tekens doen as wat hierdie man gedoen het?” (Joh. 7:31). Naby aan die einde van die fees, met verwysing na die geestelike betekenis en Messiaanse vervulling van die drankoffer, het Jesus duidelik gesê wie Hy was:

“En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie. Baie van die skare het, toe hulle die woord hoor, gesê: Hy is waarlik die profeet. Ander het gesê: Hy is die Christus. En ander het gesê: Kom die Christus dan uit Galiléa? Het die Skrif nie gesê dat die Christus uit die geslag van Dawid kom en uit Betlehem, die dorp waar Dawid was nie? Daar het toe verdeeldheid onder die skare gekom oor Hom” (Joh. 7:37-43).

Mense se wanopvattings oor Jesus kon maklik uit die weg geruim word deur die werklike feite oor sy geboorteplek, sy persoon en werke vas te stel. Jesus het egter nie die foutiewe bewerings oor Hom weerlê nie – dit is die plig van elke persoon om die Skrifte te ondersoek. Dit is ons taak om die onderwerp van die Messiasskap van Jesus na te vors. Indien ons dit nie doen nie, loop ons gevaar om die ewige lewe te verbeur, asook al die seëninge wat die Here belowe het aan diegene wat in die Messias glo. Dit is ’n ontsettende hoë prys om vir onkunde te betaal.

Gesange van bevryding

Die laaste dag van die Loofhuttefees was ’n vreugdevolle geleentheid. Die seremonie van die giet van die water was ’n daaglikse gebruik en het sy hoogtepunt bereik op die sewende dag, wat die groot en finale dag van die fees was. Hierdie dag is beskryf as *Hoshana Rabba,* die Dag van die Groot Hosanna, en het ’n spesiale Messiaanse betekenis. Die giet van water uit die goue kruik het plaasgevind te midde van die blaas van basuine deur die priesters en die sing van gewyde liedere deur die Leviete, terwyl die mense hulle palmblare geswaai het en lofpsalms opgesê het – die *Hallel,* wat Psalms 113 tot 118 insluit. Die volgende is die afsluitingswoorde van Psalm 118:

“Ag, HERE, gee tog heil; ag, HERE, gee tog voorspoed! Geseënd is hy wat kom in die Naam van die HERE! Ons seën julle uit die huis van die HERE. Die HERE is God, en Hy het vir ons lig gegee. Bind die feesoffer met toue, tot by die horings van die altaar. U is my God, en ek wil U loof; o my God, ek wil U verhoog. Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!” (Ps. 118:25-29).

Messiaanse Jode, sowel as ander persone wat ’n goeie kennis van Hebreeus het, verkry meer betekenis uit die terminologie van die fees. Buksbazen (1954:41-42) verduidelik dit só: Na aanleiding van die woorde: “Gee tog heil” (Hebreeus *Hoshana*) staan hierdie dag bekend as die “Groot Hosanna”. Dit was kenmerkend Messiaans omdat dit ’n gebed vir spoedige verlossing deur die Messias was. Dit was waarom ons Verlosser by ’n ander geleentheid met die waai van palmblare begroet is, saam met die woorde: “Hosanna vir die Seun van Dawid”, bedoelende: “Red ons, Seun van Dawid.” Hierdie kennis is noodsaaklik om te kan verstaan wat gebeur het toe Jesus die tempeldiens bygewoon het op die dag van die Groot Hosanna. Dit was toe die water uit die poel van Silóam in die bak van die altaar gegooi is, die priesters die basuine geblaas het, die Leviete Psalms gesing het en die mense gebid het: “Ag, HERE, gee tog heil,” dat die Messiaanse ywer op sy hoogtepunt was en Jesus in die tempel uitgeroep het: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink.” Die Messiaanse aanspraak van die Verlosser is deur almal verstaan, en dit moes soos ’n weerligstraal uit die bloute gekom het. Hier was die Een wat duidelik laat blyk het dat Hy die antwoord was op die vurige hoop en gebede wat eeue en geslagte lank al voortgeduur het. Kon Hy, die skrynwerker van Nasaret, die lank verwagte Messias wees? Die volk was verdeeld hieroor.

Jesus Christus is inderdaad die Lam van God wat nie alleen gekom het om die Joodse volk van hulle sondes te red nie (Matt. 1:21), maar Hy het ook die sondes van die wêreld weggeneem. Deur die ganse kerkbedeling het ’n ontelbare skare mense uit alle volke redding deur die soendood van die Seun van Dawid verkry. Tydens die komende verdrukking sal dit nog steeds so wees. In sy visie oor die eindtyd het Johannes gesê: “Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was ’n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande” (Op. 7:9).

Die geestelike status en herkoms van hierdie gelowiges word duidelik gestel: “Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam” (Op. 7:14). Hulle sal ook teenwoordig wees wanneer die finale vervulling van die Loofhuttefees gevier word in die koninkryk van die Messias, die Seun van Dawid en ook die Seun van sy hemelse Vader. Regdeur die duisendjarige vrederyk van die Messias wanneer Hy uit Jerusalem sal regeer, sal lede van alle volke jaarliks na Jerusalem kom om die Loofhuttefees te vier (Sag. 14:16).

In verband met die liturgie van *Sukkot* was daar ’n ander duidelike aanduiding wat Jesus aan die Jode gegee het dat Hy die Messias was. Tydens die resitasie van Psalm 118 op die fees het hulle onder andere gesê: “Geseënd is hy wat kom in die Naam van die HERE!” (Psalm 118:26). In sy profesie oor die vernietiging van Jerusalem het Jesus aan die Joodse leiers gesê: “Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!” (Matt. 23:39).

In moderne vierings van die Loofhuttefees het die Jode nuwe rituele bygebring in die plek van dit wat deel was van die tempeldiens. Een so ’n gebruik is die slaan van wilgertakke in ’n poging dat

al die blare daarvan, waardeur sonde voorgestel word, moet afval. ’n Gebed vir redding word eers gebid, waarna die wilgertakke drie keer op die banke van die sinagoge geslaan word. Met elke blaar wat afval, word geglo dat ’n sonde wegval van die persoon wat gebid het.

In die afwesigheid van ’n fontein van lewende water waar hulle van alle sonde gereinig kan word, asook geloof in die Een wat aan ’n kruis vasgeslaan is vir die sondes van die wêreld, neem ortodokse Jode hulle toevlug tot ander gebruike en rituele om verlossing van sonde te simboliseer. Die skaduwees van Messiaanse profesieë word steeds deur baie Jode verkies bo die werklikheid van hulle vervulling in die Here Jesus.

Die lig van die wêreld

’n Ander belangrike kenmerk van die Loofhuttefees was die verligting van die tempel in Jerusalem. Vier reuse kandelaars, 50 el hoog (omtrent 22 meter) is in die voorhof opgerig. Goue bakke is op die kandelaars gesit, waarin ’n groot hoeveelheid suiwer olie gegooi is. Verslete klere van die priesters en Leviete is vir lamppitte gebruik. As gevolg van die helder lig wat van die kandelaars af uitgestraal is, is die Tempelberg en omliggende dele van Jerusalem (die Ou Stad) helder verlig. Die pelgrims wat die fees bygewoon het, het ook fakkels en lampe saamgebring.

Wat ’n paslike simbool van die Messias, wat gesê het: “Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê ... So lank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld” (Joh. 8:12; 9:5). Met die oog op sy hemelvaart het Hy aan sy dissipels gesê: “Julle is die lig van die wêreld. ’n Stad wat bo-op ’n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en ’n mens steek ook nie ’n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik” (Matt. 5:14-16).

Na die wederkoms van die Messias sal die lig van sy regverdige koninkryk helder van Jerusalem af skyn: “STAAN op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op. Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jóu sal die HERE opgaan, en sy heerlikheid sal oor jou gesien word. En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang” (Jes. 60:1-3).

Die wederkoms van Jesus en die openbaring van sy koninkryk sal die vervulling wees van die Loofhuttefees. Die gelowiges sal God almal prys omdat Hy hulle uit die slawerny van sonde gered het, en ook omdat Hy hulle in hierdie gevaarlike en bose wêreld beskerm het. Hulle sal Hom dank en prys vir die groot oes van gelowiges wat vir die koninkryk van die hemel versamel is. Groot vreugde sal heers wanneer God se plan van verlossing wat by die offer van die Paaslam begin het, met die instelling van die Messias se vrederyk in Jerusalem volvoer sal word.

John Parsons (2012:2) sê: “Die feeste vestig ons aandag op die Here as ons Skepper, ons Regter en die Een wat vir ons sondes versoening gedoen het, maar tydens die Loofhuttefees vier ons alles wat die Here vir ons gedoen het. In ’n profetiese sin dui die sewe dae van *Sukkot* op die *olam haba,* die toekomstige wêreld, asook op die duisendjarige koninkryk van die Messias. Indien Jeshua tydens *Sukkot* gebore is (en dus tydens *Hanukkah,* die Fees van Ligte in Desember, verwek is), dan verleen dit ’n verdere profetiese betekenis aan hierdie fees, naamlik die Woord wat tydens *Sukkot* vlees geword en onder ons gewoon het (Joh. 1:14; Engels: ‘The Word became flesh and tabernacled with us’). In die Millennium, wat die vervulling van *Sukkot* sal wees, sal Hy weer onder ons woon en uit Sion regeer.”

Sekerheid van die millennium

Baie mense bevraagteken die geloof in ’n letterlike millennium op aarde ná die koms van Christus. ’n Studie van die feeste van Israel, en in besonder die Loofhuttefees, maak dit egter baie duidelik dat die dispensasie van die koninkryk nog voorlê. Die Here Jesus het ons geleer om te bid: “Laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde” (Matt. 6:10). Die volgende is die belangrikste kenmerke van die Messias se toekomstige

regering op aarde:

- God sal op aarde regeer deur die Koning van konings, Jesus Christus. ’n Teokratiese wêreldregering sal gevestig word (Luk. 1:31-33; Op. 19:15; Dan. 7:13-14).
- Christus sal op die herstelde troon van Dawid in Jerusalem regeer en Israel sal die middelpunt en hoofsentrum van die wêreld wees (Ps. 2:6-12; Sag. 8:22; Jes. 2:2-3; 24:23; 33:17, 20-22; Dan. 7:27). Sy regering sal gekenmerk word deur geregtigheid en regverdigheid (Jes. 1:26-27; 32:1-2, 16-17; Jer. 23:5-6).
- Israel se hoofstad, Jerusalem, “die stad van onse God”, “die stad van die groot Koning”, sal die sentrum van aanbidding wees vir die hele wêreld, en alle volke sal daar byeenkom om God te aanbid deur Christus, die Koning van die konings (Ps. 48; Jer. 3:17; Sag. 14:16-20; Jes. 66:18-23; Op. 19:16).
- Die geredde oorblyfsel van Israel sal hulle verbly in die Here en die hele wêreld evangeliseer (Jes. 12:3-6; 40:9; 51:11). Hulle sal die hele wêreld vol vrugte maak (Jes. 27:6) en God sal geëer word (Jes. 28:5; Sag. 8:20-23).
- Satan sal gebind wees sodat hy die nasies nie kan verlei nie (Op. 20:1-4).
- Vrede sal oral heers. Daar sal geen oorloë of militêre opleiding wees nie, en wapens sal opgesmelt en die metaal vir vreedsame doeleindes gebruik word (Jes. 2:4; 9:7; Miga 5:4-5; Hos. 2:18).
- Die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die seebodem oordek (Jes. 11:9-10; Hab. 2:14).
- Daar sal geen siektes wees nie (Mal. 4:2; Jes. 33:24).
- Mense sal gesond en aktief wees tot op ’n hoë ouderdom – soos diegene voor die sondvloed. ’n Persoon van 100 jaar oud sal as ’n kind gereken word (Jes. 65:20-23).
- Die natuur sal grootliks baat omdat die vloek van Génesis 3:17-19 opgehef sal word, en die hele skepping wat sedertdien aan die nietigheid onderworpe was, sal vrygemaak word van die slawerny van verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God (Rom. 8:19-22; Jes. 55:12-13; Joël 3:18).
- Die aarde sal vrugbaar wees en so oorvloedig voedsel oplewer dat die volgende plantseisoen sal aanbreek nog voordat die vorige oes heeltemal ingesamel is (Miga 4:3-4; Amos 9:13-15; Jes. 65:21-23; Ps. 65:9-13).
- Harmonie sal in die diereryk heers. Die wolf sal by die lam lê en die leeu sal strooi eet soos ’n os. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig nie, omdat die Here ’n nuwe verbond met die diere sal sluit waarin hy die fisiologie en aggressiewe geaardheid van roofdiere na die fisiologie en sagte geaardheid van plantvreters sal verander (Jes. 11:6-9; 65:25; Hos. 2:17).

Israel wat as ’n volk deur God geroep is, is self ’n duidelike bewys dat die millennium nog nie aangebreek het nie. Bybelse profesieë dat Israel in hulle land herstel sal word, geestelik sal herleef, belangriker as al die ander volke sal wees en ryklik geseën sal word, is nog nooit vervul nie (Deut. 28:1-14; 30:1-4; Eseg. 36:24-28; Jes. 60:1-22; Hos. 14:5-8; Rom. 11:26-27). Inteendeel, geen volk het soveel lyding oorleef soos die verlengde wêreldwye verstrooiing, minagting, vervolging, haat en pogings tot volksmoord wat Israel die afgelope twee millennia beleef het nie. God se beloftes teenoor hulle staan egter nog steeds en sal in die millennium vervul word.

Die geboorte van die Messias tydens *Sukkot*

Dit is vanpas dat die Bybelse verband tussen die geboorte van die Messias en die Loofhuttefees ook hier bespreek word. Daar is soveel verwarring oor Kersfeesvierings in die wêreld vandag dat die Bybelse grondslag van die herdenking van Christus se koms na die wêreld feitlik heeltemal uitgewis is.

Die jaarlikse Kersfeesvieringe op 25 Desember is op ’n verkeerde datum vasgestel. Dit is ook wat sy vorm betref ’n vervalste en hoogs gekommersialiseerde fees wat deur Christene én nie-Christene gevier word. Soos wat die wêreld in ’n toenemende mate beslag lê op hierdie fees, verloor dit sy ware Christelike karakter en word meer en meer met heidense gebruike vermeng. In sommige gevalle word Christus selfs heeltemal uit die naam van die fees weggelaat deur sy Naam met ’n *X* uit te krap en die fees *Xmas* te noem (in plaas van *Christmas*).

Die besluit om die viering van Jesus se geboortedag van ’n vorige datum in April na die huidige 25 Desember te verskuif, is in die vierde eeu tydens die bewind van keiser Konstantyn geneem. Amptelike erkenning is toe aan die Christendom gegee, en ten einde dit vir die heidense gelowe meer aanvaarbaar te maak, is ’n vermenging van die twee tradisies doelbewus toegelaat.

In die voor-Christelike heidenwêreld was 25 Desember die dag waarop *Die Fees van die Onoorwinlike Son* (*Invicti Solis*) gevier is. In die Noordelike Halfrond vind die sonstilstand in die middel van die winter op 22 Desember plaas. Sonaanbidders het dan verskeie rituele uitgevoer om die songod te oorreed om terug te draai. Mense het geglo dat as die son op sy suidelike tog sou voortgaan, die mensdom deur duisternis, koue en dood oorval sou word. Op 25 Desember, wanneer die son begin terugdraai, het dit tot groot blydskap en vreugde aanleiding gegee. Mense het rondom groen bome gedans, aan mekaar geskenke gegee, en jolyt en dronkenskap het dikwels hierdie feestelikhede gekenmerk.

Kersfees is na 25 Desember verskuif op grond van die argument dat Jesus die *Son van Geregtigheid* is. Die onafwendbare gevolg was egter dat die *Christelike Kersfees* en die *Babiloniese Fees vir die Onoorwinlike Son* vermeng geraak het. Selfs al word die songod as sodanig nie meer direk vereer nie, word Christus nou saam met twee afgode, naamlik Bacchus (die drankgod) en Mammon (die geldgod) vereer.

Soos wat vroeër in hierdie hoofstuk aangetoon is, is die feeste van Israel in werklikheid feeste van die Messias. Bybelse getuienis dui inderdaad daarop dat Jesus tydens die Loofhuttefees gebore is. Die volgende chronologiese gebeurtenisse wat na Christus se geboorte gelei het, is ter sake:

’n Belangrike aanduiding is die tyd wanneer Sagaría, ’n lid van die priesterlike familie van Abía, sy tempeldiens verrig het. In 1 Kronieke 24 is daar ’n beskrywing van die twee weke tempeldiens wat deur elk van die 24 priesterlike families verrig moes word: “Dit was hulle ampsorde vir hul diens, om in die huis van die HERE te gaan” (1 Kron. 24:19). Die agtste familie in die groep van 24 was dié van Abíja (1 Kron. 24:10).

Die eerste maand in hierdie siklus is Nisan, wat die eerste maand in die godsdienstige kalender van Israel is (Ex. 12:2; Lev. 23:5). Volgens die skedule in 1 Kronieke 24 was die familie van Abíja die agtste groep, en was dus die tweede helfte van die vierde maand dienspligtig. Dit was aan hierdie familie dat die priester Sagaría, die vader van Johannes die Doper, behoort het:

“Daar was in die dae van Herodes, koning van Judéa, ’n sekere priester met die naam van Sagaría, uit die afdeling van Abía ... En terwyl hy besig was om die priesteramp voor God te bedien in die beurt van sy afdeling, het die lot volgens die priesterlike gewoonte op hom geval om in te gaan in die tempel van die Here en reukwerk te brand” (Luk. 1:5, 8-9).

Terwyl hy hiermee besig was, het ’n engel aan hom verskyn en gesê: “Moenie vrees nie, Sagaría, want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elisabet sal vir jou ’n seun baar, en jy moet hom Johannes noem” (Luk. 1:13). Die res van die gebeure staan in ’n noue verband met hierdie aankondiging:

“En ná hierdie dae het Elisabet, sy vrou, ontvang en haar vyf maande lank verberg ... En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na ’n stad in Galiléa met die naam van Násaret, na ’n maagd wat verloof was aan ’n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria ... En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en ’n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die

huis van Jakob tot in ewigheid ... En kyk, Elisabet, jou bloedverwant, het self ook ’n seun ontvang in haar ouderdom, en hierdie maand is die sesde vir haar wat onvrugbaar genoem is. Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie. En Maria sê: Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord” (Luk. 1:24, 26-27, 30-33, 36-38).

Sagaría se ontmoeting met die engel, en die begin van sy vrou se swangerskap, het in die tweede helfte van die vierde maand op die godsdienstige kalender plaasgevind (Junie op die Gregoriaanse kalender). Ses maande later, in die tweede helfte van die tiende maand (omtrent die tyd wanneer Kersfees nou gevier word), het Maria se swangerskap begin. Nege maande later, in die tweede helfte van September, is Jesus gebore.

Sedert Sagaría se beurt van tempeldiens het dus 15 maande (6+9) tot by die geboorte van Jesus verloop – dit is een jaar en drie maande. Binne die raamwerk van die Joodse godsdienstige kalender was dit die tydperk tussen die tweede helfte van die vierde maand en die tweede helfte van die sewende maand in die daaropvolgende jaar. Dit het dus met die Loofhuttefees (September op ons kalender) saamgeval: “Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die HERE ” (Lev. 23:34).

Daar is ook in die Bybel omstandigheidsgetuienis wat hierdie inligting oor die tyd van Jesus se geboorte bevestig. Die wagters het buite in die veld oornag – iets wat hulle weens die koue nie in die middel van die winter gedoen het nie: “En daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het. En meteens staan daar ’n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig. En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle ’n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here is. En dit is vir julle die teken: julle sal ’n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê” (Luk. 2:8-12).

Soos vroeër aangetoon, het Jesus Homself as Messias aangebied tydens die Loofhuttefees in Jerusalem. Aan diegene wat Hom aangeneem het, is ’n nuwe lewe gegee. Dit het tot gevolg gehad dat strome van lewende water uit hulle binneste gevloei het. Tydens Christus se wederkoms wanneer hierdie fees in finale vervulling sal gaan, sal die vreugde van almal wat aan Hom behoort, wees soos ’n fontein wat opborrel en oorloop.

Ons behoort nou reeds iets van die vreugde van die Loofhuttefees in ons lewe te ervaar, ten spyte van die feit dat ons die grootste seëninge van Christus se koninkryk eers tydens sy wederkoms sal verkry. Dawid het die Here gedank vir die seën wat hy ontvang het toe hy nog steeds in sy sterflike liggaam was: “U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig” (Ps. 16:11).

12. Finale Oorwinning van die Lam

Die finale oorwinning van die Lam sal behaal word by sy wederkoms wanneer Hy in mag en majesteit na die aarde sal terugkeer om sy vyande te oordeel by die slag van Armagéddon, die Antichris en valse profeet tot die poel van vuur te verdoem, die duiwel in ’n put laat bind en toesluit, ’n oorblyfsel van Israel en die nasies sal red, en sy vrederyk op aarde sal vestig. Baie van hierdie groot eskatologiese gebeure word in Openbaring beskryf, en ’n mens sou verwag dat Johannes voorkeur sou gee aan koninklike titels om Christus in sy verhewe posisie as God en Koning te beskryf – maar hy verwys hoofsaaklik na Hom as die Lam.

Die basis vir Christus se oorwinning en heerskappy word in die eerste van die sewe feeste gevind, en dit is sy hoedanigheid as die Lam van God wat sy lewe afgelê het om ’n verlore mensdom te red deur die doodvonnis vir hulle sonde aan die kruis te dra. Sodoende het Hy hulle van die mag en aanspraak van die Bose verlos. In die boek Openbaring word Hy 26 keer as die Lam beskryf. Ander name en beskrywings word ook gebruik, maar sy posisie as die Lam is oorheersend in hierdie laaste Bybelboek.

Dit is vanpas om hierdie boek af te sluit met ’n paar uittreksels uit Openbaring waarin Christus se posisie as die Lam beklemtoon word, asook sy verwante hoedanighede as die Eersteling en die Hoëpriester:

Die eersgeborene uit die dode. Die boodskap in Openbaring kom van: “Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!” (Op. 1:5-6). Hy is die getroue getuie oor alle dinge, in die verlede, hede en die toekoms, en Hy het ons deur sy bloed gereinig en aan ons ’n groot en wonderlike toekoms in sy koninkryk gebied. Hy is die eersgeborene uit die dode, daarom weet ons dat ons ’n lewende Christus dien wat voor alle dinge reeds bestaan het, en ook die einde van alle dinge in sy hand hou. Hy wil hê gelowiges moet daarvan kennis neem dat Hy “die eerste en die laaste [is], wat dood was en lewend geword het” (Op. 2:8). Hy het ter wille van ons gesterf en weer opgestaan, en in die proses ook die laaste vyand van die dood oorwin. Almal wat in Hom glo, sal nie deur die dood van die liggaam enige skade ly nie, maar sal opstaan uit die dood en vir ewig in God se koninkryk lewe.

Die hele wêreld sal Hom sien kom. “Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf” (Op. 1:7). Gedurende die afgelope twee millennia is die dissipels van die Lam na die hele wêreld uitgestuur om die evangelie aan alle nasies te verkondig. Wanneer Hy in heerlikheid terugkom as Regter en Koning van die konings, sal elke oog Hom sien en alle mense rekenskap van hulle lewens moet gee – spesifiek met betrekking tot hulle verhouding met Christus as Verlosser. Ná die verskriklike oordele van die dag van die Here, sal die oorlewende mense uit alle volke rou bedryf oor Jesus en hulle sondes bely. Onder hulle sal ook ’n godvresende oorblyfsel van Israel wees wat sal opsien na Hom “vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag” (Sag. 12:10). Die bekeerlinge uit alle nasies sal gered word en deel verkry van aan die Lam se vrederyk (Matt. 24:29-30; Sag. 14:16).

Hy sal in ’n koninklike en priesterlike kleed as Regter, Koning en Priester verskyn. Sy heerlikheid sal groot wees, sy kennis volmaak, sy insig sonder perke, sy oordele streng en sy genade grensloos. In sy visioene oor die toekoms beskryf Johannes die verheerlikte Christus só: “Toe [sien ek] tussen die sewe goue kandelaars Een soos die Seun van die mens met ’n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met ’n goue gordel. Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos ’n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei soos in ’n oond, en sy stem soos die stem van baie waters” (Op. 1:12-15).

Die Lam is in die midde van sy kerk en ken al hulle werke. Deur sy dissipel Johannes het Jesus boodskappe aan sy kerk op aarde gestuur: “Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars: Ek ken jou werke” (Op. 2:1-2). Hy ken al ons dade en selfs die mees verborge gedagtes en bedoelings van ons harte, en sal ons in die lig

daarvan beoordeel.

Die heiliges sal roem in die gestorte bloed van die Lam waardeur hulle gered en geheilig is, en erken dat net Hy waardig is om die boek van God se oordele oop te maak en die goddeloses te oordeel. “Die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek. ... En toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer. ... Toe sing hulle ’n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Op. 5:5, 8-10). Die Leeu uit die stam van Juda, Emmánuel (God met ons) wat mens geword het in die koninklike familie van Israel, het eers op die toneel verskyn in die gedaante van ’n nederige dienskneg en Lam van God om Homself as ’n soenoffer vir die sondes van die wêreld aan te bied. Net Hy het ’n Godgegewe reg om alle mense te oordeel wat God se aanbod tot verlossing geminag het, daarom kan Hy die boek oopmaak en die goddeloses oordeel. Die mag van die koninkryk van die duisternis sal volkome verbreek word. Diegene wat aan die Lam behoort, sal roem in die feit dat Hy hulle met sy bloed gekoop het. Hulle sal mede-erfgename wees van die koninkryk van die Leeu van Juda, wat van Dawid se troon af uit die stad van die groot Koning sal regeer. Hieruit is dit duidelik dat die Lam wat in Israel gebore is, ’n wêreldwye sending het en ook ’n wêreldwye koninkryk. Die sewe feeste van die Here het dus ook ’n wêreldwye toepassing en ’n Nuwe-Testamentiese vervulling.

Die gelowiges uit die verdrukking sal hulle klere in die bloed van die Lam was (Op. 7:14). Hoewel hulle as martelare sal sterf (Op. 6:9-11), sal hulle die geestelike stryd teen die Antichris wen op grond van die krag wat die Lam aan hulle gee: “En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie” (Op. 12:11).

Die oordele van die Lam sal ’n verskriklike verdrukking op aarde tot gevolg hê. Wanneer vernietigende aardbewings en ander natuurrampe die aarde tref, sal die mense weet dat dit goddelike oordele is omdat hulle die Lam van God se oproep tot bekering verwerp het: “En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was ’n groot aardbewing; en die son het swart geword soos ’n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos ’n vyeboom wat deur ’n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos ’n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Op. 6:12-17). Die toorn van die Lam wag vir almal wat hulleself uit eie wil by die vyande van die Lam skaar, en hulle sal hulleself ná die wegraping in die “sewe verskriklike dae” van goddelike oordele bevind. “Hoe sal ons ontvlug as ons so ’n groot saligheid veronagsaam het?” (Heb. 2:3).

Wanneer die Lam na sy wederkoms sy koninkryk op aarde openbaar, sal sy bruilofsmaal hier op aarde gevier word, en dan sal Hy sy bruid vertoon wat saam met Hom sal regeer. “Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam” (Op. 19:7-9). Paulus het ook reikhalsend na hierdie dag verlang: “Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word” (Kol 3:4). Soos wat Israel geleer is om elke jaar die Loofhuttefees te vier en na die koms van die Messias uit te sien, moet ons ook ’n profetiese vergesig hê van die koms van Christus en die openbaring van sy koninkryk. “Verag die profesieë nie” (1 Thess. 5:20).

Vir ware gelowiges sal al die pyn en lyding verby wees wanneer die Lam alles nuut maak, insluitend ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde; maar vir die goddeloses wag daar ewige ellende.

“En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos ’n bruid wat vir haar man versier is. En ek het ’n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ’n God wees, en hy sal vir My ’n seun wees. Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood” (Op. 21:2-8). Diegene wie se lewens nog deurtrek is van die suurdeeg van sonde, en wat ten volle daardeur oorheers word, verkeer nog in die slawerny van Egipte en is nie op die reis van die bevryde volk van God wat op pad is na die Beloofde Land toe nie.

Toegang tot die Nuwe Jerusalem kan slegs deur die Lam verkry word. “... en die stad was suiwer goud soos suiwer glas. En die fondamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. ... En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een pêrel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas” (Op. 21:18-21). Die stad en sy strate is van suiwer, deurskynende goud gebou. Die fondamente van die muur is met kosbare edelgesteentes versier wat wissel van kristalhelder stene tot dieprooi sardius, groen chrisoliet en vonkelende blou saffier. In die hoë mure rondom die stad is daar twaalf poorte, en elke poort bestaan uit ’n pêrel. Die idee van ’n traan word deur ’n pêrel vertolk, omdat sy vorming met pyn en lyding gepaard gaan. Wanneer die oester beseer word, of ’n sandkorreltjie inkry, vorm dit ’n skitterende pêrel op daardie plek. Toe Jesus se hande en voete deur ruwe spykers deurboor is en Hy sy lewe vir ons afgelê het aan die kruis, is die poorte van die paradys weer vir die gevalle mens geopen. Deur sy trane en lyding het Hy vir ons die kosbare pêrel geword wat self die poort na die Nuwe Jerusalem is. Deur Hom kan ons ingaan en uitgaan en ons vir ewig in die heerlikheid van die Here verbly.

Die Lam sal die lig van die wêreld wees en ook God se heiligheid en heerlikheid uitstraal. “En ’n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam. En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp” (Op. 21:22-23). Geen tempel sal in die Nuwe Jerusalem nodig wees nie, omdat die tempeldiens en al sy toerusting slegs ’n voorbereidende funksie op die koms van Christus vervul het. ’n Helder lig sal van God se troon af skyn en alle duisternis verdryf. Gedurende Christus se eerste koms was Hy ook die lig van die wêreld, maar mense het die keuse gehad of hulle Hom wou aanvaar of verwerp: “En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos” (Joh. 3:19). Dit sal slegs wees nadat die magte van die duisternis uitgewis is deur die veroordeling van die bose mense, die verdoeming van die Antichris en die valse profeet tot die poel van vuur, en die binding van Satan, dat die lig van die Messias tot in al die uithoeke van die heelal sal skyn en die lewens van alle mense verlig.

Die Bybel sluit af met ’n finale uitnodiging aan enigeen om die ewige lewe te verkry. “En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet” (Op. 22:17). Die Here Jesus is die enigste water van die lewe vir ’n geestelik sterwende wêreld, en nooi almal van ons uit om van hierdie water te neem. Soos wat Hy gedoen het toe Hy die Loofhuttefees in Jerusalem bygewoon het, nooi Hy nog steeds mense uit om na Hom toe te kom en die water van die lewe te drink (Joh. 7:37). “Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet” (Op. 21:6).

Wat moet ons doen?

In die lig van Openbaring se ernstige boodskap het ons ’n baie groot verantwoordelikheid om God se verlossingsplan vir die mensdom deeglik te bestudeer, ook soos wat dit deur die sewe

feeste voorafgeskadu word. Die vertrekpunt hiervan is die offer van die Lam van God om die sondes van die mensdom weg te neem. “In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade” (Ef. 1:7). Hierdie geskenk moet in die geloof aangeneem word. Tesame met ’n oorgawe van onsself aan Hom, moet ons ons lewens deeglik ondersoek en alle suurdeeg van sonde bely en laat staan. Daarna moet dit by ons ’n lewenswyse wees om aan die opstandingslewe van Christus gelykvormig te word, omdat net Hy ons in staat kan stel om in ’n nuwe lewe te wandel. Die toerusting met krag uit die hoogte is op Pinksterdag gegee toe die Heilige Gees uitgestort is.

Indien ons van al hierdie seëninge kan getuig, en onsself ten volle oorgegee het om deur die Gees te wandel, moet ons by die uitvoering van die Groot Opdrag van wêreldevangelisasie inskakel. Terwyl ons dit doen, moet ons altyd daarvan bewus wees dat die bedeling van genade amper verby is. Spoedig sal die Loofhuttefees vervul word wanneer die oes van gelowiges in die hemel versamel word. Onder op die aarde sal die sewe jaar van verdrukking verloop, wat onbeskryflike smarte en lyding vir miljoene mense sal meebring wat die Lam se uitnodiging tot redding vermy of verwerp het.

Aan die einde van die verdrukking sal die Groot Versoendag vervul word wanneer die Messias terugkeer, sy voete op die Olyfberg sit, die oorblyfsel van Israel en die nasies red, en sy vrederyk instel. Die openbaarmaking van sy koninkryk sal die vervulling van die Loofhuttefees wees.

Verwysings

Barbieri, Louis. A. Jnr. 1983. *Matthew.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: New Testament.* Victor Books.

Buksbazen, Victor. 1954. *The gospel in the feasts of Israel.* Church Mission to the Jews, Londen.

Campbell, Donald K. 1983. *Galatians.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: New Testament.* Victor Books.

Chumney, Edward. 1994. *The seven festivals of the Messiah.* Destiny Image Publishers, Shippensberg, Pennsylvania.

Colón, Peter, 2001. *The Feast of Tabernacles in the Days of Jesus.* In: Israel My Glory, Sept./Oct. 2001. Gepubliseer deur Friends of Israel Gospel Ministry, Bellmawr, New Jersey.

Downie, Hugh K. 1994. *Harvest Festivals.* Gospel Folio Press, Kilmarnock, Scotland.

Fruchtenbaum, Arnold G. 1991 (5de hersiene uitgawe). *A Passover Haggadah for Jewish believers.* Ariel Ministries Press, San Antonio, Texas.

Fruchtenbaum, Arnold G. 1993. *Lesing 16 – Feasts and fellowship.* Herdruk uit Tishri Vol. 2 No. 1, The Feasts. http://www.tishri.org/number16.html

Grassmick, John D. 1983 : *Mark.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: New Testament.* Victor Books.

Hannah, John D., 1985 : *Jonah.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: Old Testament.* Victor Books.

Hartman, Craig., 2012. *Yom Kippur.* Shalom Ministries – reaching the Jewish world: New York and beyond. www.shalomnyc.org/feasts/yom_kippur.htm

Malan, J.S., 1994. *Ideological and structural reforms in the Kibbutz system.* SA Journal of Ethnology, Vol. 17(4). Pretoria.

Malan, J.S., 1995. *Variations in the communal experience in Israel.* SA Journal of Ethnology, Vol. 18(1). Pretoria.

Malan, J.S. 2009. *Voorregte en verpligtinge van Christus se bruid.* http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Bruid.htm

Malan, J.S. 2012a. *Jesus Christus en ons lewe in Hom: 'n sistematiese, evangeliese leerstelling oor die Persoon en werke van Jesus Christus.* Lux Verbi Uitgewers, Kaapstad.

Malan, J.S. 2012b. *Israel: 'n Historiese, eietydse en profetiese perspektief.* Lux Verbi Uitgewers, Kaapstad (ter perse).

McGrath, Cheryl. 2000. *God's prophetic clock: an overview of the feasts of Israel.* www.greatsouthland.org/pages/propheticlock.html

Parsons, John J. 2012. *The Festival of Sukkot: The Feast of Tabernacles.* Hebrew for Christians: www.hebrew4christians.com/Holidays/Fall_Holidays/Sukkot

Reagan, David R. 2012. *The feasts of Israel: A study in symbolic prophecy.* http://focusonjerusalem.com/thefeastsofisrael.html

Richie, John. 2000. *Feasts of Jehovah.* John Richie Ltd., Kilmarnock, Scotland.

Schepers, J.M., 1984 : *Die kruisigingsdatum van Jesus eeue tevore geprofeteer*. Die Basuin, Vol. 1 No. 2:7–10.

Schneider, Luzius. 2000. *The biblical calendar.* http://www.luziusschneider.com/Papers/JewishFeasts.htm

Scott, Bruce. 1997. *The feasts of Israel: Seasons of the Messiah*. Friends of Israel Gospel

Ministry, Bellmawr, New Jersey.

Simpson, A.B. 2009. *Christ in the tabernacle.* Christian Publications, Harrisburg, Pennsylvania.

Strong, James 1990. *The New Strong's Exhaustive Concordance of the Bible.* Thomas Nelson Publishers, Nashville.

Oor die Outeur

In Augustus 1978 is Johan Malan aangestel as professor in Antropologie aan die Universiteit van die Noorde (tans die Universiteit van Limpopo) naby Polokwane in die Limpopo Provinsie van Suid-Afrika. Hy het in 2006 afgetree. Hy en sy vrou, Wilma, woon tans in Mosselbaai. Hulle het twee getroude seuns.

As die seun van ’n sendeling, wyle ds. J.S. Malan, is Johan deur sy ouers geleer om die Bybel as die foutlose en letterlik geïnspireerde Woord van God te respekteer. Dit het onder andere daartoe gelei dat hy vir Jesus Christus as die beloofde Messias en Verlosser van die wêreld aangeneem het. Hy aanvaar ook die honderde Bybelse profesieë oor die fisiese en geestelike herstel van Israel as die uitverkore volk letterlik.

Johan het sy Bybelse belangstelling in Israel gekoppel aan sy wetenskaplike navorsing van verskeie kulture, insluitend dié van die Joodse volk. In 1993 het hy en sy vrou verskeie *kibbutzim* en *moshavim* in Israel besoek om oor hulle kommunale lewenswyse navorsing te doen (Malan, 1994, 1995). Die volgende kibboetse en ander kommunale nedersettings is besoek waar tersaaklike inligting goedgunstiglik deur lede van verskeie bestuurskomitees verskaf is: Ramat Rachel aan die suidelike hange van Jerusalem, Neve Ilan (*meshek*) en Shoresh (*moshav*) op die berge van Judéa wes van Jerusalem, Ein Gedi aan die oewers van die Dooie See, Nof Ginosar aan die westelike oewers van die See van Galiléa (die Kinneret-meer), Ein Gev aan die voet van die Golan Hoogtes oos van die See van Galiléa, en Lavi op die heuwels van Laer Galiléa.

Bykomende inligting is van Yad Tabenkin, die Navorsings- en Dokumentasiesentrum van die United Kibbutz Movement, verkry terwyl ’n literatuurstudie in die biblioteek van die Hebreeuse Universiteit in Jerusalem gedoen is. Inligting oor die godsdienstige lewe op ortodokse kibboetse is deur rabbi A.L. Jacobs van Oos-Talpiot in Jerusalem verskaf. Onderhoude is met verskeie Messiaanse Jode asook personeellede van die Internasionale Christen-ambassade in Jerusalem gevoer.

Johan se Bybelse belangstelling in Israel het gelei tot die skryf van verskeie artikels en boeke, waarvan talle op sy webwerf: www.bibleguidance.co.za aangebied word.